

Die
LAASTE UUR

DIE SENDBRIEWE VAN JOHANNES
IS PROFESIË VIR VANDAG

DEUR GERALD FLURRY

DIE LAASTE UUR

DIE SENDBRIEWE VAN JOHANNES
IS PROFESIË VIR VANDAG.

DEUR GERALD FLURRY

Hierdie boek mag nie verkoop word nie.
Dit is 'n gratis opvoedkundige diens in die
openbare belang en word deur die
Philadelphia Church of God.

© 2007 Philadelphia Church of God
Alle regte voorbehou

Gedruk in die Verenigde State van Amerika
Bybeltekse in hierdie publikasie is aangehaal
vanuit die 1953 Afrikaanse vertaling tensy
andersins gemeld.

Die Apostel Johannes het te midde van
gruwelike vervolging geleef. Baie van God
se gemeentes is deur verraaiers oorgeneem.
Terwyl hy sy sendbriewe geskryf het, het
hy gedink dat dit “die laaste uur” voor
Christus se wederkoms was. Trouens,
dit is ‘n voorbeeld van ons tyd vandag.
Elke detail van Johannes se voorspellings
word nou vervul! Hierdie “laaste uur”
sendbriewe van Johannes is hoofsaaklik
vir God se Kerk in die eindtyd bedoel!

Inhoudsopgawe

<i>Hoofstuk 1</i>	
Ons Is In'Die Laaste Uur'	1
<i>Hoofstuk 2</i>	
Christus Kom In Die Vlees	13
<i>Hoofstuk 3</i>	
Stryd Teen Die Antichris.....	28
<i>Hoofstuk 4</i>	
Die Ewige Logos—visie	39
<i>Hoofstuk 5</i>	
Getuienis—Die Woord Wat Niemand Verstaan Nie.....	49
<i>Hoofstuk 6</i>	
Ons Advokaat [Voorspraak] Wanneer Ons Sondig	69
<i>Hoofstuk 7</i>	
Kyk! Kinders Van God!	78
<i>Hoofstuk 8</i>	
Die Ouderling.....	95
<i>Hoofstuk 9</i>	
Gajus Het Die Geheim Van Sukses Gehad.....	107
<i>Hoofstuk 10</i>	
Van Die Begin Af.....	117

1

Ons Is In 'Die Laaste Uur'

OP 5 MEI, 2001 IS DIE BEGIN VAN 'N NUWE FASE IN DIE vinnig verdwynende tydsverloop van die mens deur God aangedui. Hierdie fase word deur die Apostel Johannes in sy sendbriewe beskryf. Ons moet in diepte begryp hoe naby die wederkoms van Christus werklik is.

Johannes was die dissipel vir “wie Jesus lief gehad het” (Johannes 13:23; 20:2; 21:7,20). In sekere opsigte was hy en Christus meer verenigbaar en kon Christus op 'n meer diepsinnige wyse oor die waarheid met hom praat, as wat Hy met die ander dissipels dit kon doen. Vermoedelik vanweë hierdie intieme verhouding en omdat hy soveel langer as die ander dissipels geleef het, was hy nader aan Christus in begrip. Sy sendbriewe, unieke terme en uitrukkings getuig dat hy 'n oorfloed waarheid en inligting van Christus ontvang het wat die ander dissipels nie gehad het nie. Stel jouself voor, die gesprekke tussen Christus en Johannes. Wat het Christus hom vertel?

1 Johannes 2:18, lees as volg, “Kinders, *dit is die laaste uur*; en soos julle gehoor het dat die Antichris kom, bestaan daar ook nou baie antichriste, waaruit ons weet dat *dit die laaste uur is*.” *Laaste uur* is in Grieks die regte vertaling in hierdie vers, eerder as *laaste tyd*, soos dit in die ‘King James’ uitgawe weergee word.

Die waarheid omtrent *die laaste uur* is aan die ‘Philadelphia Church of God’ (PCG) op 5 Mei 2001, geopenbaar. Ongeveer vier maande ... later het die VSA die 11 September, terroriste aanval

beleef. Ek glo dat God toegelaat het dat ons hierdie fisiese teken, dat ons *die laaste uur* betree het, ontvang. Die ergeste terroriste aanval op Amerikaanse bodem het ons nuwe openbaring in dié verband kragdadig versterk .

In hierdie laaste uur verskyn *antichriste* op die toneel—mense wat God die Vader eens *geken* het, het weggedraai en is nou TEEN CHRISTUS IN OPSTAND! Die probleem het met daardie antichris begin—enkelvoud. Maar toe was daar reeds ‘baie antichriste’—talle groepe wat van ons moederkerk afgewyk het.

Ek glo dat Johannes hierdie sendbriewe rondom 67-68 n.C geskryf het, net voor die val van Jerusalem in 70 n.C en die groot slagting van daardie tyd.

Johannes het gepoog om die mense wakker te skud en van die woedende twis *binne in die Kerk*, waar die probleme *was*, bewus te maak. Dit is waar Satan altyd eerste aanval. Johannes het opreg geglo dat hy in die laaste uur was, en Christus het toegelaat dat hy vir ‘n kort rukkie so moes dink. Toe die Kerk God *regtig moes dien* en die boodskap verkondig, het baie van hulle weggedraai en van alle dinge *antichriste* geword!

Dit is presies die omstandighede wat God se Kerk vandag in die gesig staar. Ons lewe in gemaklike en voorspoedige tye. Van wêreld kant ontvang ons nie veel vervolging nie, omdat die wêreld doodeenvoudig nie tans met God se Kerk gemoeid is nie—nog nie! Maar kyk net wat het met God se mense gebeur. Ons word deur skynheilige *antichriste*, geestelike barbare vanuit die geledere van God se eie mense aangeval. Die *ergste uur ooit* in God se werk mag nou ten aanskoue wees.

Hierdie is unieke tye. **HIERDIE LAASTE UUR WORD NÊRENS ANDERS IN DIE BYBEL GEOPPER NIE.** Daar is net een laaste uur—Christus het ons die flentertjie tyd gegee om Sy waarskuwing aan die wêreld te voltooi. Wat ‘n eer om *vir* Christus te stry en die duiwel in hierdie tyd te oorwin!

In 1 Johannes 2:18 word **TYD** as die ster op die verhoog geplaas. **ONS TYD IS BESIG OM SPOEDIG TEN EINDE TE LOOP!** Moenie mislei word deur die feit dat hierdie Kerk tans met *bouwerk* besig is nie. Ons bouprogram sal net die proses om hierdie werk te voltooi **VERSNEL**. Dinge sal nooit weer dieselfde wees nie. Van nou af is ons *in die laaste uur*—‘n tydperk soos geen ander nie. Ons gaan die ergste onrus en geweld ooit op hierdie Aarde beleef.

Hoe beheer u, u tyd? Hoe DRINGEND is u om u tyd te organiseer. Ons almal moet gemotiveer word om meer te doen, omdat ons minder as 'n uur oor het!

ONS LEWE TANS IN 'N DRAMATIESE NUWE EN BY VERRE MEER GEVAARLIKER TYD AS OOIT TEVORE, WAT DIE ERGSTE UUR OOIT IN MENSEGESKIEDENIS SAL WEES. Genadiglik sal dit met die grootste gebeurtenis wat ooit in die heelal plaasvind, afsluit—Christus se wederkoms! Naas die sendbrief van Judas, glo ek dat die van Johannes die mees dringendste boodskap in die Bybel is. Gevare sal skerp toeneem totdat hierdie uur verstryk. Dit duur genadiglik net 'n kort rukkie voor Christus se wederkoms.

ONS WEET DIT IS DIE LAASTE UUR

Johannes was 'n bejaarde man toe hy sy drie sendbriewe wat in die Nuwe Testament gekanoniseer is, geskryf het. Hy was die enigste van die oorspronklike apostels wat toe nog geleef het. Bybelse geleerdes dink dat Johannes die sendbriewe op die eiland Patmos, waar hy 'n gevangene was, geskryf het. 'n Gewelddadige vervolging het op daardie tydstip van buite teen God se Kerk gewoed. Kort daarna het dit egter geblyk dat die ergste vervolging van binne gekom het, juis toe Johannes besig was met die skryf van die sendbriewe. Valse leiers was besig om oor sommige van God se eie gemeentes beheer te verkry. Diótrefes het in opstand gekom en minstens een gebied by Johannes oorgeneem. Hy was die grootste rebel wat moontlik die meeste van God se mense mislei het.

Die Apostel Johannes het hierdie probleme sien kom en het God se mense die mees diepgaande en wonderlikste waarheid gegee om teen hierdie dwaalleringe te stry. Die meeste van hulle het dit egter nie gesnap nie.

Die uitdrukking, 'laaste uur', (Grieks: *eschatos hora*) word *slegs* in Johannes se sendbriewe gebruik. Dit is baie waarskynlik dat Christus hierdie aspek in diepte met Johannes bespreek het. Alhoewel Hy nie wou hê dat Johannes die presiese tydperk moes weet, totdat die boek Openbaring 'n paar jaar later openbaar is nie. Christus het wel bekend gemaak hoe dit in hierdie laaste uur sou wees. Hy wou 'n absolute kritieke boodskap aan ons bekend maak om ons op Sy Wederkoms voor te berei.

WANNEER HIERDIE LAASTE UUR AANBREEK, KAN ONS VERSEKER WEES DAT DIT TYDENS CHRISTUS SE TERUGKEER NA DIE AARDE, SAL EINDIG! Dit is hoe naby hierdie grootste van alle gebeurtenisse is. Vanuit God se perspektief, is ons nou minder as *een uur* van Christus se wederkoms af weg.

Die onderwerp van die ANTICHRIS word *slegs* in Johannes se sendbriewe bespreek, nêrens anders in die Bybel nie.

Slegs Johannes het oor *die laaste uur* en *antichriste* geskryf. Let asseblief daarop, soos wat u verder lees, dat daar heelwat woorde en uitdrukkings is, wat aan Johannes se sendbriewe uniek is. Johannes het ongetwyfeld van hierdie onderwerpe by Christus gehoor terwyl Hy hier op aarde gewandel het. Heelwaarskynlik is dit net aan Johannes *geopenbaar* omdat hy die enigste was wat oor hierdie onderwerp geskryf het.

JOHANNES VERTEL ONS HOE ONS KAN WEET DAT DIT DIE LAASTE UUR IS. Wanneer ons '*baie* antichriste' sien, sal ons weet dat dit die laaste uur is. Meeste van God se mense is minstens geestelik besig om teen Christus in opstand te kom. Hierdie uiters belangrike aspek moet nie uit die oog verloor word nie.

Hy vervolg, "HULLE HET VAN ONS UITGEGAAN, maar hulle was nie van ons nie; want as hulle van ons was, sou hulle by ons gebly het ..." (1 Johannes 2:19). Die antichriste het 'van ons' uitgegaan, het hy gesê. As hulle van ons was, sou hulle voortgegaan het om die werk van God te doen, en by ons gebly het. Het ons in hierdie eindtyd al so iets gesien? Ons het! (vir meer inligting oor die tweespalt in God se Kerk gedurende die tyd is ons boek '*Maleági Se Boodskap*' op aanvraag beskikbaar, alle literatuur is gratis.)

Dit is 'n skokkende openbaring. Die gees van die antichris is heersend in hierdie wêreld. Vir baie jare egter was dit ons wesentlike begrip van die antichriste. Maar nou het God, deur Johannes se sendbriewe aan ons openbaar dat die *primêre waarskuwing* oor die antichriste is, dat hulle *binne* God se eie Kerk is! "Hulle het van ons uitgegaan"—dit is profesie vir *die laaste uur*.

Dit was tot dusver die mees traumatiese ondervinding vir God se eie mense in die eindtyd. God se Kerk het dit tot hede toe geensins begryp nie!

Die vers sluit af, "... maar dit moes aan die lig kom dat hulle nie almal van ons is nie." God wil dit vereenvoudig en ons daarvoor opvoed.

Is dit duidelik? Die 'Worldwide Church of God (wCG)', het na Meneer Armstrong se afsterwe, sy leerstellings verwerp en die drukwerk van al sy geskrifte, wat deur Jesus Christus aan hom geopenbaar is, gestaak. Hulle het egter verder gegaan as om net teen God in opstand te kom, of om Laodicees te word. Gevolglik glo ek dat God hiermee vir ons duidelike riglyne gegee het, oor hoe ons die louwarm Laodicense van die antichriste kan onderskei.

God sal Sy uitverkorenes na 'n plek van veiligheid neem en die oorblywende van Sy mense sal agtergelaat word om die Groot Verdrukking in die gesig te staar (Mattheüs 24:21-22,41). Christus se voorspelling dat daar twee kategorieë van mense is wat die Verdrukking binnegaan, word deur Mattheüs voortgesit; "[H]ulle het vaak geword en aan die slaap geraak" (Mattheüs 25:1-5). Vyf van hierdie 10 maagde was verstandig, terwyl die ander vyf dwaas was. Vervolgens beteken dit dat vyftig persent van God se mense tydens die verdrukking tot bekering kom, terwyl die ander vyftig persent hul ewige lewe sal verloor (verse 6-12).

Die Apostel Johannes wys ons hoekom die vyftig persent hul saligheid in die eindtyd verloor: *omdat hulle antichriste geword het*. Daar is 'daardie antichris' en daar is 'antichriste' wat hierdie bose man volg (sien ook 2 Thessalonisense 2).

ENIGE EEN WAT TEEN CHRISTUS SE UITVERKORENES IN OPSTAND KOM EN POOG OM HUL ARBEID, OM DIE WAARHEID TE VERKONDIG, TE STUIT, IS 'N ANTICHRIS. Die 'wCG' het by wyse van 'n hofgeding gepoog om meneer Armstrong se boeke en boekies, wat openbaring van God is, te vernietig. Die leiers wou God se waarheid totaal vernietig, sodat niemand dit kon lees of bestudeer nie. Hulle het gemene antichriste geword, deur Satan die duiwel, aktief te ondersteun, op sigself die uiterste sonde!

Nie een van daardie Laodicense lidmate wat die 'wCG' verlaat het, het saam gespan om ons in die hofgeding te ondersteun nie. Hulle het net *neutraal* gebly.

ONS WAS REEDS IN DIE LAASTE UUR TOE ONS IN DIE HOFSTRYD, OM MENEER ARMSTRONG SE GESKRIFTE TE DRUK, DIE OORWINNING BEHAAL HET. Dit was 'n keerpunt.

Ek glo dat God hierdie kopiereg oorwinning gebruik het om te wys wie die uitverkorenes, en wie die *baie antichriste* is. Die oorwinning het ook die Laodicense geopenbaar, d.w.s. DAARDIE LEDE VAN GOD SE KERK WIE ONS NIE IN DIE HOFSTRYD BYGESTAAN

HET NIE. Hulle is nie antichriste nie, maar hulle stry ook nie vir Christus nie. Die openbaring wat God aan Meneer Armstrong gegee het wou hulle nie hê nie. "HULLE HET VAN ONS UITGEGAAN." GEEN ANDER GEBEURTENIS KON DIE TRAGIESE RESULTAAT SO AAN DIE LIG BRING, SOOS WAT HIERDIE HOFSAAK DIT GEDOEN HET NIE!

God oordeel Sy mense nou (1 Petrus 4:17). HIERDIE HOFSAAK IS DEUR CHRISTUS GEBRUIK OM AL SY MENSE TE OORDEEL. IN HIERDIE TYDPERK VAN LAODICÉA EN *in hierdie laaste uur* HET GOD DUIDELIK BEWYS WIE UITVERKORE, WIE ANTICHRISTE EN WIE LAODICENSE IS.

Waar is die verdedigers van die geloof? God en al Sy mense sal nou tussen mense kan onderskei, "Aan hulle vrugte sal jy hulle uitken" (Mattheüs 7:20).

Ons het nie uit hulle uit gekom nie, hulle het van ons af uitgegaan. Selfs al moes van ons lidmate die 'wgc' verlaat, was dit nog steeds daardie Kerk wat God se waarheid verlaat het. Ons kon nie sommige van die verhoorregters, hierdie waarheid laat insien nie, en omdat Sy mense vir God en Sy waarheid die rug gekeer het is dit ook moeilik vir God om hulle hierdie waarheid te leer! In die hofgeding is gepoog om God se geopenbaarde Woord, in boekie vorm en by wyse van 'n korrespondensie kursus te behou en te beskerm.

IS DAAR'N MEER DRINGENDER UITDRUKKING IN DIE BYBEL AS *DIE LAASTE UUR*? EN IS DAAR 'N MEER VERDOEMENDER WOORD AS *ANTICHRIS* BINNE IN GOD SE EIE KERK? Ons moet Johannes se sendbriewe in diepte bestudeer en daaroor mediteer soos nog nooit voorheen nie. Ek glo dat Johannes die mees diepsinnigste skrywer in die Bybel is. Christus het so baie aan hom geopenbaar.

ANTICHRISTE BEVEG CHRISTUS

Neem in ag hoe *dringend* Johannes hieroor is. Om antichriste uit God se eie Kerk te sien kom is nie iets wat ons ligtelik moet opneem nie. Johannes bespreek *die* mees ernstigste onderwerp TE MIDDE VAN DIE MEES ERNSTIGSTE TYD TOT OP DAARDIE TYDSTIP. Johannes was onder die indruk dat alles in sy tyd vervul sou word. Dit was egter net 'n *voorbeeld* van wat besig is om nou, in ons tyd bewaarheid te word! Ons sal aanstons die ergste tyd van lyding ooit, wat op die mensdom sal kom, waarneem. Dit waaroor

Johannes waarsku, het of reeds gebeur of sal beslis gebeur. Hierdie waarskuwing kan nie ligtelik deur ons hanteer word asof dit uit Johannes se gemoed afkomstig is nie—dit kom uit CHRISTUS SE GEMOED UIT!

HET ONS IN HIERDIE EINDTYD GESIEN HOE MENSE TEEN CHRISTUS IN OPSTAND KOM? TOT NOU TOE KON ONS NOOIT DINK DAT DIE ERGSTE ANTICHRIS-PROBLEEM VANUIT GOD SE KERK SOU KOM NIE!

HIERDIE IS NUWE OPENBARING VAN GOD AF!

Die 'PCG' was in 'n verskriklike hofgeding betrokke oor die reg om God se Waarheid te boek te stel. Dit was 'n stryd om lewe-en-dood. Ons het 'n geweldige stryd gevoer om voort te kon gaan met God se werk wat Hy aan meneer Armstrong toevertrou het.

Voor die hofgeding was baie van meneer Armstrong se literatuur deur ons gedruk, en gratis aan mense verskaf. Die 'wCG' het geensins enige belang in die literatuur gehad nie, behalwe om dit te onderdruk, en het hulle ons oor die regte daartoe, *gedagvaar!*

Daarmee het hulle daarin geslaag om vir 'n kort rukkie die drukwerk te staak. Met ander woorde, dit beteken dat daardie WONDERLIKE OPENBARING van Jesus Christus, deur die Kerk wat Hy ingestel het om dit te verkondig en te versprei, ONDERDRUK word! Dit beteken dat hulle TEEN CHRISTUS IN OPSTAND GEKOM HET, en is hulle antichriste wat vanweë hul optrede baie *duidelik waarneembaar* is. Christus se opdrag aan al Sy mense was om hierdie geopenbaarde waarheid te verkondig.

T W E E D R A M A T I E S E T E K E N S V A N D I E L A A S T E U U R

Na ses jaar, het ons die 19 werke in die hofgeding verkry en het God deur ons, die antichriste verower. Enkele maande nadat God die waarheid uit Johannes se sendbriewe, aan ons geopenbaar het, is die hofgeding in ons guns beslis en is dit openbaring vir *die laaste uur*. Daardeer word ons in staat gestel om nou *weer aan hierdie wêreld te profeteer*, met 'n verstaanbare boodskap.

HIERDIE GEESTELIKE STRYD, IS VOLGENS JOHANNES DIE VERNAAMSTE GEVEG IN HIERDIE LAASTE UUR!

EK GLO, TOE ONS DIE LAASTE UUR BEGIN HET, DIE TERRORISTE AANVAL VAN 9/11, DRAMATIES EN ONMISKENBAAR DIE ONDERGANG

VAN AMERIKA, BRITTANJE EN DIE JODE VAN DIE MIDDE OOSTE AANGEDUI HET.

EK GLO OOK, DAT ONSE KOPIEREG OORWINNING IN DIE *LAASTE UUR* 'N TEKEN IS VAN GOD SE WERK WAT VINNIG OP DIE WÊRELD-FRONT OPGANG MAAK.

Soos wat die Bybelse volke van Israel, (naamlik Amerika, Brittanje en die Jode van die Midde-Ooste) ten gronde gaan, neem die mag van geestelike Israel, die Kerk, toe! Ons moet 'n siels-versengende boodskap aan Israel lewer soos wat hulle struikel en val, want hulle word deur God vervloek.

God het *altyd* 'n boodskapper na Israel gestuur, om hulle voor hulle onvermydelike ineenstorting, te waarsku—elke keer! Hul mense, moet tot bekering kom om gered te word. “Daarom, wees verheug o hemele en die wat daarin woon: wee die bewoners van die aarde en die see, want die duiwel het na julle neergedaal met groot woede, omdat hy weet dat hy min tyd het” (Openbaring 12:12). Satan weet dat hy bitter min tyd het, daarom word sy nommer een vyand, God se Kerk, boosaardiglik aangeval. God se Kerk is altyd sy vernaamste teiken. “En toe die draak sien dat hy neergewerp is op die aarde, het hy die vrou vervolg wat die seuntjie gebaar het” (vers 13).

Voor hierdie gebeurtenis egter, het Satan vir een laaste keer teen God in die hemele gaan veg (verse 7-8) en was hy neergewerp (vers 9). Daarna het hy God se Kerk aangeval en *veroorzaak* dat die era van Laodicéa of te wel die louwarm era, begin het (vers 13). Meer as vyf en negentig persent van die ware Kerk het voor Satan geswik en teen God in opstand gekom.

Die rebelle van Laodicéa verloor elke geestelike stryd, terwyl God se uitverkorenes elke geestelike stryd wen. DIE KOPIEREG OORWINNING ILLUSTRER DIE RIGTING WAARIN ELK VAN GOD SE KERKE GAAN!

Die hofgeding is sterk getuienis wat deur God gebruik word om al Sy Laodicense mense sonder verskoning te laat—en hulle sodoende die geleentheid bied om te verstaan en hulle te bekeer.

Net God se uitverkorenes het die mag om Satan te oorwin, en hulle sal daardie mag gebruik om die stryd te wen.

God se uitverkorenes sal Satan op alle terreine beveg, soos wat hy teen Christus en Sy openbarings veg. Die hofsak het 'n baie duidelike illustrasie van die gees van die antichris geopenbaar.

DIT WAS 'N KEERPUNT WAT HULLE AS ANTICHRISTE VERDOEM HET. ONS STRY VIR CHRISTUS! DIE 'WCG' STRY TEEN CHRISTUS! Hulle is instrumente in die hande van die duiwel. Diegene wie vir Christus stry het 'n wesentlike *geveg* op hande.

NA DIE KOPIEREG OORWINNING, IS HIERDIE ANTICHRISTE, VIR GOD SE MENSE 'N TEKEN DAT DIT *DIE LAASTE UUR* IS!

Antichris IS EEN VAN DIE MEES VREESAANJAENDE WOORDE IN DIE BYBEL! Hulle was vroeër 'n deel van Christus se liggaam. Hulle het Christus geken, maar hulle het teen Hom gedraai en teen Hom in verzet gekom.

Meneer Armstrong het die volgende oor '*Mystery of the Ages*' gesê: "Sedert verlede Desember het ek ywerig aan die grootste en mees belangrikste boek in my lewe gewerk. Inderwaarheid, voel ek, dat ek, myself *dit nie geskryf het nie*. Eerder glo ek dat God my gebruik het om dit te skryf. Ek glo eerlikwaar dat dit die mees belangrikste boek naas die Bybel is". Christus was met die skryf van '*Mystery of the Ages*' *regstreeks* die outeur daarvan.

Vergelyk dit nou met wat Joseph Tkach Jr. geskryf het: "Ons voel dit is ons christelike plig om hierdie boek [*Mystery of the Ages*] nie te publiseer nie ... want ons glo dat dit beter is om meneer Armstrong se dogmatiese vergissings nie in omloop te hou nie." DIT IS PRESIES SOOS WAT SATAN DINK: hy wil Christus se boek vir ewig vernietig! Dit is *die ANTICHRIS boodskap!*

Hierdie oorlog, wat tussen die wat vir Christus stry en Sy teenstaanders woed, moet duidelik gesien word, en ons moet baie seker weet, wie Christus verteenwoordig!

Ons stry dieselfde stryd wat Daniël in Daniël 10 gestry het, toe Migaël en Gabriël vir Daniël gehelp het om teen Satan te stry. Die duiwel het gepoog om die *openbaring* wat God aan Daniël gegee het, te vernietig. Ons word deur God vanuit die hoogste vlak ondersteun. God se engele word deur die mees verhewe aartsengele gelei terwyl Satan sy demone lei. DIE STRYD WAT WOED GAAN OOR DIE BEHEER VAN DIE GESINDHEDE VAN GOD SE MENSE en indien ons nie God se krag gebruik nie sal ons die stryd verloor!

In Thessalonicense 2 vers 3 word 'n groot afval as 'n teken van die eindtyd beskryf. In Sagaría 3 word daarop gewys dat Josua en sy vriende, 'n teken is dat ons verbasend naby aan die einde is (vers 8—"wondertekens is hulle").

“Kinders dit is die laaste [uur] en soos julle gehoor het dat *die Antichris* kom...” (1 Johannes 2:18). Hierdie profesie begin met *een antichris*. Die ‘Anchor’ Bybel sê van daardie eerste antichris, (klem deurgans myne) “Ander is reg in die twis vir kapitalisasie, omdat DIE OUTEUR AAN ‘N SPESIFIEKE VERWAGTING DINK”—*een man* wat daardie rol sal vervul—*die Antichris*. Dit is dieselfde man wat in 2 Thessalonicense 2:3 as ‘die seun van die *verderf*, of *vernietiging* beskryf word! Hy is besig om God se waarheid te vernietig!

Die ‘Anchor’ Bybel sê, “Dit is nie onmoontlik dat Johannes se gebruik van die ‘laaste uur’ ook 1 Johannes se [Evangelie] ‘laaste dag’ spesifiseer, asof dit die *laaste uur in die laaste dag is*”. Selfs die kommentators besef die uniekheid en die dringendheid van die gesegde. Hulle erken dat dit na die *laaste uur* van die mens se heerskappy op Aarde verwys. God help ons as ons dit nie waarneem nie, die tekens is orals!

“HULLE WAS NIE VAN ONS NIE”

1 Johannes 2:19 sê die antichriste het nie met ons *volhard* nie. In Engels word die woord ‘Continue,’ ooreenkomstig ‘Thayers Lexicon’ gebruik, en beteken volhard om nie weg te gaan nie, teenwoordig te bly, om ongebroke broederskap met mekaar te handhaaf en mekaar met die Heilige Gees te ondersteun. Dit bedoel, een wat aan iets vasklou, en beteken om nie tot niet te gaan nie, om uit te hou tot die laaste, om te oorleef. ‘Strong’s Concordance’ definieër dit, om in ‘n gegewe toestand of verhouding te volhard, te vertoef, aan te hou en te bly.

God se Filadelfiërs het al hierdie dinge gedoen! Ons het gebly presies waar ons was. Die antichriste het nie. Hulle het van ons af uitgegaan. Ooreenkomstig (Openbaring 11:1-2) was daar op daardie tydstip ‘n binne-en ‘n buitehof. Hulle het nie na ‘n ander Kerk gegaan nie, hulle het met hulle agenda begin—om teen Christus te stry en om die waarheid van God te probeer vernietig. God bedoel dit wanneer Hy hulle *antichris* noem! Ons moet hulle noem wat hulle werklik is. Die uitdrukking *antichris* IS OORLOGSTAAL.

In God se Kerk is daar ‘n geweldige krisis wat sielsversengend is, omrede daar ‘n *wesentlike geestelike stryd* tussen God se mense aan die gang is!

INDIEN DAAR ‘N ANTICHRIS IS, MOET *daar iemand vir CHRISTUS* STRY EN SY WERK DOEN. In hierdie stryd is dit duidelik dat ‘n

groepie 'uitverkorenes' vir Christus en Sy geopenbaarde waarheid in die bresse tree. Daar is egter mense wat teen die uitverkorenes in wie Christus lewe, stry, wat antichriste is en vanselfsprekend vyande is.

Diesulkes het nie net “die waarheid op die grond neergewerp nie,” hulle veg ook teen die uitverkorenes—wat die enigste verdedigers van God se waarheid is! Antichriste inderdaad!

God gebruik Sy uitverkorenes om Sy waarheid en leefwyse te preserveer. TANS IS DIE 'PHILADELPHIA CHURCH OF GOD' DIE ENIGSTE KERK WAT VERHOED DAT GOD SE GEOPENBAARDE WAARHEID GEHEEL EN AL VERNIETIG WORD!

Christus is besig om in hierdie laaste dae *tyd te bereken* en volg gebeurtenisse weerlig snel op mekaar.

In hierdie twis word duidelik geopenbaar wie, wie is, en is daar niks wat meer duidelik is as dit nie.

Tydens die tweede wêreld oorlog het Winston Churchill 'n toespraak gelewer om die mense van Brittanje aan te spoor om teen Nazi tirannie te veg. Die is woorde wat ons in die laaste uur moet onthou—”Laat ons dus onself voorberei op ons pligte, en onself so versterk, dat as die Britse Ryk en sy republieke vir 'n duisend jaar voortbestaan, dat mense sal sê, ‘dit was hul beste uur.’”

Toe Herbert W Armstrong op die toneel gekom het, het die eindtyd of laaste dae begin. By sy afsterwe het ons die Mattheüs 24 *einde* (Mattheüs 24:14) betree. Nuwe leiers het die 'wgc' oorgeneem en is God se waarheid op die grond neergewerp (Daniël 8:11-12). Kort daarna het God die 'Philadelphia Church of God' gebruik om die waarheid weer te laat herlewe, 'n periode wat as die laaste einde beskryf word (vers 19). Ons het nou *daardie laaste uur* betree.

Ons is nog steeds in die “laaste dae” van Mattheüs 24 “einde” en die “laaste einde”. Meer spesifiek- ons is nou in die laaste uur van die laaste einde van die Mattheüs 24 einde van die laaste dae!

GOD BEREKEN NOU TYD SOOS NOG NOOIT VANTEVORE NIE. HY VERDEEL DIT IN KLEIN *spesifieke brokkies in*, NET VOOR SY SEUN SE WEDERKOMS. DIE LAASTE UUR IS BESIG OM VERBY TE TIK.

DIT ALLES HET BETREKKING OP DIE ERGSTE UUR IN MENS SE GESKIEDENIS! WAS DAAR AL OOI TEVORE 'N MEER DRINGENDER WERK AS HIERDIE? BEPEINS ONS *Christus se dringendheid* IN HIERDIE LAASTE UUR?

Mag God ons help om hierdie *laaste uur*, ons beste uur te maak!

2

Christus Kom In Die Vlees

JOHANNES DIE APOSTEL HET SLAAGS GERAAK MET VALSE leraars van die eerste eeu. Hy het God se mense geleer hoe om tussen hierdie boosdoeners en ware leraars te onderskei.

Om voor te gee om 'n profeet te wees is nogal dapper. Hoe kan ons weet of iemand 'n *ware* profeet is al dan nie? Hoe kan ons weet of sy boodskap werklik van God afkomstig is?

“Geliefdes, glo nie elke gees nie, maar stel die geeste op die proef of hulle uit God is, want baie valse profete het in die wêreld uitgegaan” (1 Johannes 4:1).

In die ‘Worldwide Church of God’ kort na Mnr. Armstrong se afsterwe, het sy opvolger, Joseph W. Tkach snr. 'n skokkende stelling gemaak. Hy het gesê dit was 'n fout om te glo dat God se Kerk 'n “monopolie op die geestelike mark” besit. In werklikheid het hy beweer dat daar nie een ware Kerk is nie, wat 'n baie bese stelling is. Nieteenstaande het mense hom gevolg en blykbaar nie baie daarvoor nagedink nie. Hieroor MOET nagedink word: Indien ons nie 'n monopolie op die geestelike mark besit nie, hoekom is ons dan hier? Hoekom nie na 'n ander Kerk gaan nie? *Elia* beteken “my God is God”. Al die ander is *valse gode*.

God sê ons moet kan onderskei of iets van Hom afkomstig is, al dan nie. In die volgende vers word verder uitgebrei: “Hieraan ken julle die Gees van God: elke gees wat bely dat Jesus Christus in die vlees ‘gekom het’, is uit God” (vers 2). KEN ONS DIE GEES VAN GOD? WAT BETEKEN DIT?

Hoe word 'n vervalste banknoot uitgeken? Tensy ons presies weet hoe 'n ware banknoot daar uitsien kan dit nie uitgeken word nie. God se Heilige Gees moet baie deeglik geken word om ons in staat te stel om 'n valse gees te identifiseer.

Die tempus van die Griekse werkwoord wat in vers 2 as *gekóm het* vertaal is, beteken eintlik *kom*. Dit kan ook lees 'kom en kom aanhoudend' of 'kom nou'. Ons moet ernstig en presies weet waar Christus in die vlees *kom*!

Wat kan meer belangrik wees?

TOETS DIE GEESTE

“Want hierdie gesindheid moet in julle wees wat ook in Christus Jesus was” (Filippense 2:5). Christus “sal in die vlees kom” *deur die Heilige Gees*. Ons moet *toelaat* dat Sy gesindheid in ons is. Natuurlik sal Hy dit nie afdwing nie. Dit is hoekom daar vandag so min in God se “klein kudde” of ware Kerk is! Dit is ons keuse.

DIE HEILIGE GEES IS DIE GROOTSTE GESKENK IN DIE HEELAL. God gee dit aan ons en sê dan dat ons nodig het om te verstaan wat ware profete van valse profete onderskei. En in dieselfde konteks, sê Hy dat ons moet kan onderskeid tref of Christus in die vlees kom, al dan nie. In ander woorde; hier is hoe om onderskeid te tref tussen ware en vals profete: *Is Jesus Christus in daardie man of nie?* Met die Heilige Gees kan ons weet.

Baie valse profete is op die toneel—selfs sommige wat in God se Kerk was en nou in die wêreld uitgegaan het. Dit is hulle wat ons die meeste voor moet oppas, want in die verlede het ons 'n verwantskap met hulle gehad. Ons kan nie oordeel deur na persoonlikhede te kyk nie. God beveel ons om die “geeste te toets” wat hierdie persoonlikhede motiveer. Ons moet baie versigtig wees aangesien daar VERSKILLENDE GEESTE is. Daar is bese geeste met groot *mag*—ofskoon dit hoofsaaklik in die gebied van misleiding is. *Baie* valse profete het vanuit God se Kerk uitgegaan en meeste van God se mense het hulle gevolg. Vandag het ons minder as vyf persent wat getrou teenoor Hom is, oorgehou.

Wat doen daardie mense gewoonlik wanneer hulle God se Kerk verlaat? Indien ons God gehoorsaam is, word ons meestal deur hulle vervolg. Ek glo dit is 'n aanduiding dat hierdie God se ware Kerk is en dat hulle die duiwel verteenwoordig. Valse profete

vertrek nie net nie. Hulle kom terug en val aan. Daarom is dit so noodsaaklik dat ons die geeste toets.

Die verantwoordelikheid word vierkantig deur God op ons skouers geplaas. KEN ONS GOD SE GEES? Watter mense word werklik deur die Heilige Gees aangespoor? Watter mens laat toe dat Christus in hulle leef? Ons beter weet! Indien ons nie weet nie, sal ons mislei word. Maar indien ons weet sal enige vervalsing vir ons duidelik wees. GOD SE UITVERKORENES *kan nie MISLEI WORD NIE* (Mattheüs 24:24).

Die toets van die *gees* is die uiterste toets. Geen valse leier sal reguit *sê* dat Christus *nie* in sy of haar vlees kom nie. Ons moet na die persoon se *dade* kyk. Byvoorbeeld, daar is leiers wat vir jare in 'n hoë amp onder mnr. Armstrong gedien het, wat nou beweer dat hulle nie glo dat hy die 'eindtyd Elia' was nie (Mnr. Armstrong het mense geleer dat hy hierdie geprofeteerde amp vervul het, gebaseer op teks gedeeltes soos Maleági 4:5-6 en Mattheüs 17:10-11; vir 'n deeglike verklaring van hierdie belangrike amp, lees ons gratis boek '*Maleági Se Boodskap*'). Hulle was te lafhartig om dit te bevestig terwyl hy geleef het. Maar met God se Gees kan ons volstrek WEEET dat mnr. Armstrong die eindtyd Elia was! En ons weet dat hy nie daardie werk alleen gedoen het nie—dit was CHRISTUS IN HOM wat die werk gedoen het. Christus is die een wat geprofeteer het dat dit gedoen sou word. Toe het Hy *in die vlees gekom* en is die werk deur mnr. Armstrong gedoen.

Ons is in 'n geestelike oorlog. Volg ons Jesus Christus as ons bevelvoerder, of is ons besig om 'n valse profeet te volg?

Indien ons Christus volg, kom Hy in die vlees deur ons. Dit is die *enigste* wyse hoe ons Hom kan volg! Hierdie is die *enigste* wyse hoe ons kan weet wie 'n valse profeet is. *Slegs* Christus kan die verskil tussen ware en valse profete *onthul*. Ons moet *alleenlik* 'n mens volg indien hy deur die Heilige Gees gelei word.

FALSE LERAARS HET OOK 'N MAG WAT HULLE ONDERSTEUN—DIE MAG VAN SATAN. HULLE IS GESLEPE IN HULLE MISLEIDING. MAAR HULLE KAN NIE CHRISTUS—WAT IN ONS LEEF—MISLEI NIE!

Om die Gees te ken gaan verder as om die *woorde* van 'n man te hoor. Raak so innig moontlik bekend met die Gees van God. Kyk na die "vrugte". Die Gees kom in die vlees van God se leier, Sy leraars, Sy mense.

Baie *ken* egter *nie* die Gees nie. Sommige het byvoorbeeld dwaaslik gesê “Ek het in die ‘Worldwide Church’ (wCG) ingekom en bewys dat dit God se Kerk was, en ek bly daarby!” Dit beteken ‘n geestelike ramp wanneer ons besef dat ‘n regverdig mens boos kan word. Indien ons die Gees ken, sal ons weet wanneer hulle verander en God Sy lamp verskuif. Indien ons tyd met sulke mense deurbring, sal ons agterkom dat hulle nie meer is soos wat hulle voorheen was nie. Wanneer God se Gees onttrek het, raak menige van hulle bisar. *Meeste* van God se mense het Hom in hierdie endtyd verlaat, dus moet ons die geeste toets.

DIE GEES VAN DIE ANTICHRIS

“En elke gees wat nie bely dat Jesus Christus in die vlees [gekom] het nie, is nie uit God nie; ... en dit is die gees van die Antichris waarvan julle gehoor het dat hy kom, en hy is nou al in die wêreld” (1 Johannes 4:3). Natuurlik is die gees van antichris alreeds in die wêreld. Maar hier sê Johannes dat dit ook *binne in God se kerk* sou kom. Lidmate wat mislei is, gee deur woord en daad te kenne dat Christus nie meer in die vlees kom nie.

Een Laodicense evangelis het gesê dat dit ‘n fout was om te glo, soos ons in daardie verlede gedoen het, dat Christus Sy Kerk regstreeks lei. Dit is ‘n vernietigende leuen wat God se Kerk sal verwoes! Ons moet die diepsinnigheid van sulke boosheid insien. *Natuurlik* word God se Kerk regstreeks deur Hom gelei! Hy is die Hoof. Ons het dit vir jare onder Mnr. Armstrong so ervaar. God lei Sy Kerk deur een man. Baie van ons is dit vir jare geleer. Indien Christus nie Sy Kerk regstreeks sou lei nie, hoe kan enige mens gebruik word om die deurslaggewende Elia profesie te vervul en “alles te herstel”? (Mattheüs 17:11). Christus het dit *deur* Sy eindtyd Elia gedoen. Christus het geprofeteer dat dit gedoen sou word, en het dit dan ook gedoen deur Sy Kerk *regstreeks* te lei.

Mnr. Armstrong wat God se kerk gelei het, het ontsaglike arbeid gedoen waarvan die vrugte getuig. Nieteenstaande, sê die evangelis dat mnr. Armstrong nie regstreeks deur God gelei is nie.

DIT IS ‘N ANDER MANIER VAN SÊ CHRISTUS KOM NIE IN DIE VLEES NIE, OF CHRISTUS HET NIE IN MNR. ARMSTRONG GELEEF OF HOM REGSTREEKS GELEI NIE.

'*Mystery of the Ages*' is een voorbeeld van hoe Christus sy Kerk regstreeks lei. Mnr. Armstrong het van die boek gesê, "In der waarheid voel ek dat ek dit self nie geskryf het nie. Eerder glo ek dat God my gebruik het met die skryf daarvan." Is dit waar? God het dit deur hom geskryf. Dit is hoe God in die vlees kom. In teenstelling met die opstandige leiers, was mnr. Armstrong volkome aan God onderdanig, en as gevolg daarvan, het ons *Mystery of the Ages*. Indien Christus nie Sy Kerk regstreeks gelei het nie, sou ons nie die boek gehad het nie. Omdat Christus *wel* Sy werk lei, het ons hand en tand vir die boek in die hof geveg, en gewen!

Christus se Kerk word regstreeks deur Hom gelei—INDIEN ONS HOM GEHOORSAAM IS. HIERDIE EVANGELIS HET BEWEER DAT GOD NIE SY KERK REGSTREEKS LEI NIE OMDAT HY NIE TOELAAT DAT CHRISTUS HOM LEI NIE! God lei hom nie omdat hy in opstand is. Hy lewer *nie* werklike vrugte, soos wat mnr. Armstrong so oorvloediglik gedoen het, nie.

Enige een kan onderskei wie Christus regstreeks lei, indien hulle na die vrugte kyk en die geeste toets.

Hoekom het die 'Worldwide Church' ons in die hof teen gestaan? Is dit te kras om dit *antichris* te noem? Hulle het probeer om die enigste Kerk wat Christus lei om Sy werk te doen, te vernietig. Ons alleen maak die geheimenisse van God bekend soos wat mnr. Armstrong dit gedoen het. Christus noem dit presies wat dit is. Sommige van die regters wat tydens die saak uitspraak gelewer het, kon die boosheid agter die 'wcc' se optrede waarneem.

Joseph Tkach jnr. het geskryf dat dit sy "Christelike plig was om die boek [*Mystery of the Ages*] nie te laat druk nie". DAARDIE GEDAGTE KOM UIT DIE VERSTAND VAN DIE DUIWEL! Dit is antichristelik.

Deur daardie stelling te maak, het hy nie slegs een leerstelling, maar al God se hoofleerstellings verwerp. Daardie boek was die opsomming van mnr. Armstrong se lewenslange werk! Hy het "alles" herstel. Die beginsels wat God deur mnr. Armstrong herstel het, word in die boek uitgespel.

CHRISTUS SE KERK WORD REGSTREEKS DEUR HOM GELEI, en Hy lei 'n man ook REGSTREEKS, anders sou daar nie 'n ware Kerk bestaan nie. Kan u sien hoe satanies dit is om iets anders te beweer? INDIEN CHRISTUS NIE SY KERK LEI NIE, BETEKEN DIT DAT HY NIE

IN DIE VLEES VAN ELKE LIDMAAT KOM NIE. Op hul beste, is die lidmate louwarm Laodicense, en Christus staan buite en klop om in te kom (Openbaring 3:20). Deur God se Gees in die vlees, word elke leier en individu deur Jesus geleer. Om te sê dat Christus nie Sy Kerk regstreeks lei nie, is 'n meer gevaarlike en subtiële misleiding as wat dit was toe die 'wCG' ons hof toe geneem het.

Die grondslagleuen maak die deur oop sodat hy 'n verdere leuen kan glo!

Die evangelis het ook gesê dat indien daar na die geskiedenis van die Kerk van God gekyk word, daar verskeie takke was, en dit nou ook so is. Dit was hoe die onderskeie kerke louwarm geword het of van hul eerste liefde weggedraai het! Dit was NOOIT die geval met God se uitverkorenes nie! Indien daar verskillende takke is, hoe kan hulle ooit "verenig in dieselfde gesindheid en van dieselfde mening" wees? (1 Korinthiërs 1:10). Hoe kan ons ooit 'n volk hê wat "soos een man" optree? (Esra 3:1).

Kyk weer na 1 Johannes 4:2-3. Een groep wat *wel* bely dat Christus in die vlees kom word met 'n ander groep wat dit nie bely nie, vergelyk. *Bely* beteken eintlik om te bevestig dat Christus deur *woord* en *daad* gevolg word. Dit beteken geloof met werke, of liefde met dade.

Hoe bely iemand dat Christus Sy Kerk lei? Deur onderwerping aan sy gesag en in belydenis dat God sy Kerk deur een man lei. Niemand sal in die Familie van God gebore word totdat hierdie waarheid deur hom bely word nie.

Daar is Laodiceër leiers wat openlik erken dat hulle met 'n ander vorm van regering as wat mnr. Armstrong in die Kerk ingestel het, eksperimenteer. Dit bevestig ook dat Christus nie in die vlees kom nie. Het Christus nie in mnr. Armstrong *geleef* terwyl hy die regering van God ingestel en beklemtoon het nie? Het Christus nie *alles*, dit wil sê—18 hoof waarhede waarvan die regering van God nommer 1 was,—deur mnr. Armstrong—*herstel* nie? ('n Lys van die 18 waarhede sal op versoek gestuur word.) Wat Christus deur hom geleer het, moet ons *onthou*.

Christus kom in die vlees. Sy Kerk word deur Hom gelei. Beteken dit dat Hy Sy leier elke tree op die weg dwing? Nee—in "*Mystery of the Ages*" het mnr. Armstrong dit as volg gestel: "Ek glo dat God my gebruik het, met die skryf daarvan." Dit is 'n nederige man wat so van gewillige onderdanigheid aan God se Gees getuig.

Meeste mense sou nie vir God die krediet vir so 'n prestasie gegee het nie—ook waarom hulle nie in mnr. Armstrong se posisie was nie. Dit kom daarop neer dat JESUS CHRISTUS in der waarheid DEUR mnr. Armstrong *die eindtyd Elia* was! So kom Christus in die vlees en word sy Kerk regstreeks deur Hom gelei. Ons moet die geeste toets en die regte man vind, omrede God altyd deur een man sy werk laat doen.

DEUR DIE GEES GELEI

In 1 Korinthiërs 3:6 sê Paulus dat wat ookal in die werk deur die bediening gedoen word, dit God is wat die aanwas voorsien. Ons besproei slegs wat God geplant het. U het dalk al 'n plant gesien wat dood voorkom, en dan wanneer water toegedien word, herstel dit. Dit is presies wat met baie gebeur het wat vanuit die Laodicense Kerk na ons toe oorgekom het. Sodra hulle hulself onderwerp aan God, begin die Gees—wat deur water gekenmerk word—weereens in hulle lewens te vloei. Geestelik word hulle lewendig! Daardie effek behoort God se Gees op almal van ons te hê.

Word ons deur God gelei? “Want almal wat deur die Gees van God gelei word, dié is kinders van God” (Romeine 8:14). Kinders van God word deur die Gees *gelei*. God is hulle leidsman. Hulle word geensins deur Hom gedwing nie, omdat hulle gewilliglik aan hulle Vader gehoorsaam is. Ouers wat hul kinders op die regte manier liefhet, word beloon deurdat hulle daardeur 'n diep ouerliefde by hulle kinders inspireer. Dit is wat God met ons doen.

Die voorbeeld van gehoorsaamheid teenoor die Vader is deur Christus daargestel. Sou Hy in ons vlees kom, sou dieselfde in ons deur Hom gedoen word.

Om die Gees van God te ken en deur Hom gelei te word is nie maklik nie. Terwyl ons poog om ons eie vleeslike gesindheid en neigings onder die knie te kry, moet ons die Gees ken. Indien ons onvanpaste gedagtes of gesindhede teenoor God se regering of teen 'n beslissing wat gemaak is, openbaar, moet ons die Gees ken. Wanneer ons na programme op televisie kyk, gaan fliëk, of na 'n sportprogram kyk—moet ons die Gees ken! Ons moet dink dat Christus saam met ons daar sit. Wanneer enkel persone van die teenoorgestelde geslag 'n romantiese afspraak met mekaar het, moet Christus in hulle wees asof dit Hy is wat die afspraak nakom.

U keuse van 'n metgesel, asook wat u gedurende die tye doen, sal beslis daardeur beïnvloed word!

“Moenie die wêreld liefhê of die dinge wat in die wêreld is nie. As iemand die wêreld liefhet, dan is die liefde van die Vader nie in hom nie” (1 Johannes 2:15). Indien ons deur hierdie wêreld vasgevang word, sal ons nie die Vader liefhê soos wat Christus Hom liefgehad het, en steeds het, nie.

Kom Jesus Christus werklik deur ons in die vlees en ook in alles wat ons doen? Indien wel, sal ons lewe deur Hom hervorm word. Dit is waarvan Johannes praat.

“Julle is uit God, my kinders, en het hulle oorwin, omdat *Hy wat in julle is, groter is as hy wat in die wêreld is*” (1 Johannes 4:4). Vrees u enige iets in die wêreld? God in ons is groter as enige bedreiging wat ons mag trotseer! Hy wat in ons is, is GROTER as enige bedreiging wat u mag vrees. Sy kragtige Heilige Gees is groter as enige vyand wat ons mag trotseer.

Waar het die Laodicense gefaal? Hulle word in Openbaring 3:21 gemaan om te oorwin soos wat Christus oorwin het. ‘Thayer’s Lexicon’ sê dit beteken om “die volkome oorwinning te behaal”. Mattheüs 4 en ander skrifture getuig dat Christus die oorhand oor die duiwel verkry het en die oorwinning behaal het. IN TEENSTELLING, SEËVIER DIE LAODICENSE NIE, OOR DIE DUIWEL NIE! Laat ons dus prakties wees: Hoekom misluk ons en kan ons nie hierdie wêreld en die duiwel oorwin nie? Ons het *meer* van God se Heilige Gees nodig. Ons het Christus wat in die vlees kom, nodig.

Johannes skryf “groter is hy wat in u is as hy wat in die wêreld is”. Indien Christus in ons is, sal Hy Satan deur ons oorwin, soos Hy amper 2000 jaar gelede gedoen het! Die Filadelfiërs oorwin, soos Hy, amper 2000 jaar gelede, gedoen het! (Openbaring 3:21). Dit is hoe ons kwalifiseer om konings en priesters te word.

KEN DIE GEES! Indien ons wil hê dat die lewe werklik opwindend moet word, moet ons die Gees en die gemoed van Christus ken—dan sal die God Familie ons tot in der ewigheid inspireer.

HY WAT GOD KEN HOOR ONS

“Ons is van God, hy wat God ken, luister na ons; hy wat nie van God is nie, luister nie na ons nie. Hieruit ken ons die Gees van die

waarheid en die gees van dwaling” (1 Johannes 4:6). Ons moet *nie* alleenlik die waarheid en dwaling ken nie, maar ook die “*gees* van waarheid en die *gees* van dwaling”. Ons het Christus se gees in ons nodig om tussen die gees van waarheid en die gees van dwaling te onderskei. Ons kan die waarheid ken en dit steeds in die verkeerde gees onderrig. Hierdie is ‘n diepgaande stelling. God wil hê dat ons die gees wat ons en ander motiveer, moet verstaan. God is besig om ons in die gebied van Sy Heilige Gees te neem. Ons moet soos God kan verstaan. Ons het hierdie grootste geskenk in die heelal en ons moet dit gebruik! Ons besit ongelooflike krag!

HIER IS NOG ‘N OPWINDENDE GEDEELTE UIT DIE VERS: “HY WAT GOD KEN, LUISTER NA ONS”. Ons is reeds nou al onderwysers vir hierdie wêreld. Wanneer mense God begin ken, sal hulle deur Hom onderrig wil word, en sal hulle ons *hoor*. Hulle sal ons toelaat om hulle te onderrig. Vanselfsprekend sal nie almal uit gaan om hulle te onderrig nie. Ekself en die leraars doen dit. Hulle wat van God is en God ken, *hoor ons*. Hulle wat nie van God is nie hoor ons nie en ons bekommer ons nie nou daaroor nie. By Christus se wederkoms, sal hul verstand geopen word, en SAL HULLE ONS WIL HOOR! Hulle is feitlik siek vir die boosheid van hierdie wêreld, en hulle sal GOD WIL HOOR!

God het ‘n groep mense wat voorberei word om die hele wêreld te onderrig en hulle word nou opgelei om onderwysers te wees. Mnr. Armstrong het dikwels gesê, dit is waarom ons hier is. Ons is nie hier net om gered te word nie. Ons is “buite seisoen” geroep om voor berei te word om andere te onderrig. Anders sou ons na Christus se wederkoms, met die oorblywende mensdom geroep word. Om te kwalifiseer vir God se Koningryk, moet ons onself voorberei om alle mense wat ooit geleef het, te onderrig! Wat ‘n wonderlike roeping! Ons word deur God geroep om konings en priesters te word—met ander woorde, ‘n onderwyser! God se waarheid word deur priesters ONDERRIG! Indien ons nie gekwalifiseerd raak om onderrig te gee nie, verloor ons ons krone.

Mnr. Armstrong was baie opgewonde dat ons vrywilligers na Jordanië kon stuur om gestremde kinders te help. Hy het gedink dit was wonderlik om hulle te laat onderrig en wou vir daardie doel geld bydra. Hy het so opgewonde geraak dat hy een van die administrateurs addisionele fondse aangebied het sodat bykomende fasiliteite aangebou kon word. “Nee, mnr. Armstrong.

Ons kan dit nie doen nie omdat ons nie genoeg onderwysers het nie”, was haar antwoord.

Indien ons die wêreld wil leer, moet ons **VOLDOENDE ONDERWYSERS** hê! Daar moet baie van ons wees wat mense kan leer om **GOD TE KEN**. Alle ander kennis is waardeloos indien ons dit nie leer nie. Ons staan op die punt om ‘n magdom mense te konfronteer wie se verstand geopen is maar wat onbekend met God sal wees. Indien ons nie beskikbaar is om hulle te leer nie, sal ons nie Goddelike opvoeding na die hele wêreld kan uitbrei nie. Elkeen sal aandag benodig, net soos wat ons dit huidiglik benodig.

Is ons deur die Gees gemagtig? Sou ons gemeentes kon lei? Sou ons in ‘n Kollege klas kon gee? Dit is waarvoor ons geroep word!

“Geliefdes, laat ons mekaar liefhê; want die liefde is uit God, en elkeen wat liefhet is uit God en ken God” (vers 7). Indien ons deur God se Gees verwek is en God ken, sal ons mekaar liefhê. Indien ons nie die Gees het nie, sal ons nie mekaar liefhê nie. Alles word deur die Heilige Gees bewerkstellig.

“Hy wat nie liefhet nie, het God nie geken nie, want **GOD IS LIEFDE**. Hierin is die liefde van God teenoor ons geopenbaar, dat God Sy eniggebore Seun in die wêreld ingestuur het, **SODAT ONS DEUR HOM KAN LEWE**” (verse 8-9). Indien u wil lewe is hierdie die plek om te wees! Sonder die Gees is ons geestelik dood. Die wêreld het nie die ware lewe nie. **OORVLOEDIGE EWIGE LEWE WORD DEUR GOD AAN DIEGENE GEGEE WIE SY GEES HET**.

“God is liefde”—*alles* wat Hy doen word deur Sy liefde gemotiveer.

DIE GEHEIM

Tydens Mnr. Armstrong se laaste Pinkster boodskap, ses maande voor sy afsterwe, was hy baie ontmoedig. “**DIE MEESTE VAN JULLE SNAP DIT NIE. ONS IS HIER OM AS ONDERWYSERS OPGELEI TE WORD—ONS MOET GEREED MAAK OM MENSE TE ONDERRIG ANDERS HET ONS GEEN TOEKOMS NIE. EK KAN TOT EEN UUR NA MIDDERNAG HIER BLY EN EK DINK DAT DIE MEESTE VAN JULLE NOG STEEDS DIT NIE SAL SNAP NIE**”, het hy aan die Kerk gesê.

Sou daar tussen die lyne geles word, kan daar beslis afgelei word dat hy toe gedink het dat die Kerk Laodicens was. Hy het so na daaraan gekom om dit te sê as wat kan kom.

WAT MNR. ARMSTRONG GESÊ HET, WAS 'N PROFETIESE DONDRSLAG! 'N PAAR JAAR LATER HET 95 PERSENT VAN GOD SE MENSE DIE PINKSTER VISIOEN VERWERP.

Het Mnr. Armstrong teenoor sommige leraars in privaat gesprekke, nog meer onthullende bewerings gemaak?

Tydens die 1988 leraars-opknappingskursus het Harold Jackson, 'n evangelis, gesê dat Mnr. Armstrong net voor sy dood aan mnr. Tkach snr. 'n GEHEIM vertel het. Maar dat hy dit *nie* aan die Kerk moes onthul nie.

Etlike jare gelede het 'n dame in België die 'wCG' 'verlaat en by die 'Philadelphia Church of God' ('PCG') aangesluit. Sy was ontsteld oor die veranderinge in die 'wCG' se leerstellings. Haar vertrek vanuit die 'wCG' het haar leraar, wat baie tyd saam met mnr. Armstrong tydens sy besoeke aan België deurgebring het, ontstel.

Volgens hierdie dame het die leraar haar meegedeel dat mnr. Armstrong voor sy dood 'n *geheim* aan hom onthul het. Hy het gesê die *geheim* was "dat die Kerk Laodicens was".

Sy het hom gevra "Waarom hy dit nie vir die mense preek nie?" waarop sy antwoord was, dat dit hulle net sal ontmoedig.

Omtrent twee jaar na mnr. Armstrong se afsterwe, in 1988, was daar 'n bedienings streekdirekteurs vergadering. Herman Hoeh, een van die hoof evangeliste, het 'n lesing aangebied waartydens hy gesê het dat die 'wCG' die Laodicens era betree het.

Hierdie was 'n geweldige geestelike donderslag en kort daarna is sy mond gesnoer en is die bewering nie herhaal nie.

Waar het Dr. Hoeh daardie idee gekry? Van mnr. Armstrong? Of miskien het dit deur 'n ander leier of leiers gekom wat dit van mnr. Armstrong ontvang het.

Meer belangrik egter, HET DIT VAN CHRISTUS GEKOM, EN HET HY DIT AAN MNR. ARMSTRONG GEOPENBAAR?

Moontlik het mnr. Armstrong aan Joseph Tkach snr. gesê om die Kerk wat Laodicens geword het, reg te help. En aangesien mnr. Armstrong sterwend was, sou 'n onthulling van die aard, 'n nuwe leier van die kerk se werk ontsaglik bemoeilik het.

Tydens die 1987 Huttefees was daar 'n "Behind the Work" film. 'n Toneel met twee hardlopers word uitgebeeld. Die een hardloper was besig om 'n stok aan die ander te oorhandig. Hierdie was 'n aanduiding dat die Kerk van een era na 'n ander oorgegaan het.

Wat alleenlik vanaf die Filadelfiese era na die van Laodicéa of louwarm era kon wees.

Nadat hierdie inligting tydens die Fees gelug was, is die idee ook vinnig stilgemaak. Hoekom?

Hoekom is die film in die eerste instansie gemaak? Bes moontlik is dit nie goed deurdink nie. Miskien is daar besluit om die onderwerp te vermy na oorweging van die implikasies daarvan.

Daar is beslis sterk aanduidings dat mnr. Armstrong gedink het dat die Kerk Laodicens was. Christus kon moontlik 'n paar donderslae en weerligstrale na die leier leraars gestuur het. Dit is per slot van rekening Christus se Kerk, en Hy wil dit wakker maak sonder om mense te ontmoedig.

Die Laodicense het deur hul vrugte getoon dat hulle nie God se Heilige Gees hoor nie. God het geprofeteer dat dit so sou wees (Openbaring 3:20-22).

CHRISTUS IS ONS LEIER. WAT OOKAL IN SY KERK GEBEUR SAL DEUR HOM ONTHUL WORD EN MOET ONS BEREID WEES OM TE LUISTER.

Lees Openbaring 2:7 geskryf aan die Efese era: “Wie 'n oor het, laat hom hoor wat die Gees aan die gemeentes sê...”. Verse 11, 17 en 29, en Openbaring 3:6 en 13 sê dieselfde aan die ander eras. Vers 22, aan die Laodicense, sê ook “Wie 'n oor het, laat hom hoor wat die Gees aan die gemeentes sê.” Dit word herhaaldelik deur God beklemtoon. Die Gees het met *al* hierdie mense gepraat! Dit word aan *elke era* deur God herhaal. Hoor wat die *Gees* sê! Nie wat 'n persoon sê nie. Dit is die enigste manier wat ons ooit sal verstaan!

Het Christus iets om vir ons te sê? Het die Vader? Ons is Sy kinders. Is 'n ouer besorg indien 'n seun of dogter 'n rampspoedige leefwyse volg? Sou Hy nie iets aan daardie kind sê om hom wakker te skud ten opsigte van dit wat hy besig was om te doen nie? Is ons Vader enigsins anders? Of Jesus Christus? Sou Hy rustig bystaan terwyl Sy vrou in ontug verval? Nee! Die Gees het iets om te sê! Die vraag is, *het ons die oor om te luister?*

“Kyk, *Ek staan by die deur en Ek klop*. As iemand *my stem* hoor en die deur oopmaak, sal Ek ingaan na hom toe en saam met hom maaltyd hou, en hy met My” (Openbaring 3:20). CHRISTUS KOM NIE IN DIE VLEES VAN HIERDIE MENSE NIE. Hy is buite, en smeeke hulle om Hom in hulle lewens in te laat. Hulle is besig om die mees

besondere verhouding wat 'n mens ooit kan hê, weg te gooi! Hulle luister nie na die Gees nie.

Deur Sy fisiese leier praat Christus met die Laodicense. Hy wil nie enige een deur die Verdrukking sien gaan nie. Maar hulle moet na *Sy stem* luister. Wat kan Christus nog doen?

Sou 'n ouer tiener van die lewensweg afdwaal, wat sou ons verder kon doen as net om hulle te onderrig? Ons sal nooit deur God toegelaat word om in 'n ellendige geestelike toestand te beland solank as wat ons na *Sy stem* luister nie.

Christus kom in die vlees. Hy het deur mnr. Armstrong gekom. Christus het '*alles*' deur hom herstel. Tog sê baie Laodicense en antichriste dat mnr. Armstrong nie die eindtyd Elia was nie. Sommige beweer selfs dat hy 'n valse profeet was. Hoekom? Omdat hulle geweier het om te sien dat Christus deur mnr. Armstrong in die vlees gekom het. Maar eerstens het hulle gerebelleer teen Christus wat in hulle eie vlees sou kom.

VERLEIERS

“Dit het ek aan julle geskrywe met betrekking tot die wat julle *mislei*” (1 Johannes 2:26). Mense word in hierdie laaste uur *mislei* en op 'n dwaalspoor gebring. Dit is deur Johannes vir ons geskryf! Die rebelle is agter u aan! Dit is Satan se enigste drif! Hy doen alles in sy vermoë om God se mense te vernietig. Hy poog om te bewys dat hulle wat beweer dat hulle uitverkorenes is, nie eintlik is nie—deur hulle te *mislei*. Hy is daartoe verbind om GOD TEEN TE STAAN! Ken jou vyand. Hy sal aanhou aanval totdat God hom in die uiterste donkerste plaas en sy mond vir ewig snoer!

Mense wat vanuit God se Kerk *afdwaal* is die tragiese tema van hierdie eeu! Het ons nie al genoeg verloor nie? Groei in kerklidmaatskap word deur God vir ons gegee, tog verloor ons nog steeds mense as gevolg van verleiers!

GOD SE UITVERKORENES KAN NIE MISLEI WORD NIE. DIE HERE SAL DIEGENE WAT DIE GEES KEN EN HOM KEN VEREWIG IN SY HOOFKWARTIER PLAAS! WAT 'N BELONING VIR GETROUHEID TEENOR GOD.

Op hierdie tydstip, blyk dit dat die MEESTE VERVOLGING VAN BINNE GEKOM HET—NET SOOS VANDAG! Dit is presies wat ons vandag beleef. Sware vervolging kom van God se eie mense wat nie die Gees hoor nie.

Nietemin verwag ons om nog wreder vervolging van die wêreld net voor die Groot Verdrukking te ontvang.

“Julle het die salwing van die Heilige Een en weet alles, ... En die salwing wat julle van Hom ontvang het, bly in julle, en julle het nie nodig dat iemand julle leer nie; maar soos dieselfde salwing julle aangaande alles leer, so is dit ook waar en geen leuen nie; en soos dié julle geleer het, so moet julle in Hom bly” (1 Johannes 2:20, 27). Dit is nie nodig om deur ‘n man onderrig te word nie, alhoewel Christus deur ‘n man onderrig gee. *Mnr. Armstrong het ons nie regtig geleer nie*—CHRISTUS HET ONS ONDERRIG! ‘*Mystery of the Ages*’ was CHRISTUS WAT ONS LEER! Natuurlik word ‘n man gebruik, maar die GEES wat daardie man motiveer, moet verstaan word.

Ons moet ook weet wanneer Christus *nie* in die man is nie! Ons moet die geeste toets. Selfs die GEES IN MY MOET GETOETS WORD! Ons moet toelaat dat Christus ons leer. Daar is geen verskoning om toe te laat dat iemand ons mislei nie. Sou ek afdwaal, dan behoort u dit *te weet*. Toe die leraars wat by mnr. Armstrong oorgeneem het, afgedwaal het, het die uitverkorenes dit geweet. Vers 27 eindig deur te sê, “en soos ek julle geleer het ...”. God leer ons—elkeen van ons—indien ons onderdanig wil wees. Die *Heilige Gees* is ons onderwyser.

Ons moet God se Gees hê en gebruik om hierdie *laaste uur* te kan verduur! Dit is die enigste manier om te oorleef.

Ons moet soos konings en priesters van Christus redeneer (Openbaring 1:6). Ons is reeds in die hoogste amp in die Wêreld van Môre ingewy! Dit is omdat ons voorberei word om hierdie wêreld te geer.

“Want alles wat uit God gebore is, oorwin die wêreld, en dit is die oorwinning wat die wêreld oorwin het, naamlik ons geloof (1 Johannes 5:4). Geloof wat oorwin is afkomstig van die Heilige Gees. Ons is in ‘n oorlog, indien ons egter deur die geloof van God leef, kan ons daardeur oorwin (Galasiërs 2:20). Dit is hoe Christus in die vlees kom.

“Wie anders is dit wat die wêreld oorwin as hy wat glo dat Jesus die Seun van God is?” (1 Johannes 5:5). Hier praat Johannes van iemand wat oorwin! Hy maak dit persoonlik en rig dit aan ons—dit is diegene wat alles van die Familie van God, met die Vader en die Seun, weet.

“Hy wat die Seun het, het die lewe; wie die Seun van God nie het nie, het nie die lewe nie” (1 Johannes 5:12). Alleenlik wanneer Christus in ons leef, het ons lewe! Hy moet in ons vlees kom. Ons moet die Heilige Gees gebruik om ons geestelik aan te dryf, net soos Jesus Christus dit gedoen het.

Mnr. Armstrong het gesê, “Dit beteken dat God Sy lewe inspuit, nie net Sy lewe nie, maar ook Sy geaardheid, Sy karakter en Sy houding van liefde, van samewerking, van gee en van omgee vir ander sowel as omgee vir self—onbaatsigtigheid. Ons sal deur God as Sy kinders omskep word—om ook god te wees”.

Dit kan alleenlik gebeur as Christus in ons leef. Dit is ‘n Aardskuddende waarheid. Laat ons dit altyd onthou.

3

Stryd Teen Die Antichris

DIE *'INTERNATIONAL CRITICAL COMMENTARY'* VERKLAAR dat in Johannes se eerste sendbrief hy onder 'n drukkende gevoel van dreigende gevaar skrywe. Dit is ook waar van ons in hierdie laaste uur. Ons lewe in 'n tyd van die ergste gevaar ooit en sal dit heelwaarskynlik meer as enige van God se mense ooit, ervaar.

'N TIPE VAN ONS TYD

Dit verg karakter en harde werk om die evangelie in die wêreld te versprei. In die Nuwe Testament eras, het God se mense meer gefaal as wat hulle suksesvol was om die werk van God te doen.

Na die eerste eeu, is die evangelie boodskap nie weer in die wêreld verkondig totdat die eindtyd onder Herbert Armstrong aangebreek het nie. Na sy afsterwe, het 95 persent van God se Kerk opgehou om Sy werk te doen.

In Johannes se sendbriewe word min oor God se werk geskryf. Die Kerk was besig om 'n inploffing te beleef, en het hul liefde vir God se werk verlore gegaan wat daartoe gelei het dat die werk daardeur erg skade berokken was.

Die lamp sou binnekort na die Smyrna era verskuif word.

DIE APOSTEL JOHANNES HET NOOIT SY LIEFDE EN OPGEWONDENHEID VIR DIE WERK VAN GOD VERLOOR NIE. SY

sendbriewe en die Evangelie wat deur hom geskryf is, is van die mees diepgaande en inspirerende boeke in die Bybel. Sy voorbeeldige ywer het tot sy gevangenskap op die eiland Patmos, gelei. Dit is hier waar die mees uitmuntende profetiese boek in die Bybel deur hom geskryf is: Openbaring.

Johannes skryf, “Ek skryf aan julle, vaders, omdat julle Hom ken wat van die begin af is, (sommige van hulle het Christus persoonlik geken). Ek skryf aan julle, jongmense, omdat julle die Bose *oorwin* het. Ek skryf aan julle, kinders, omdat *julle die Vader ken*” (1 Johannes 2:13). Johannes het van die stryd wat teen die duivel in die laaste uur gevoer sou word, geweet. Dit is nie ‘n stryd teen vlees en bloed nie.

HOE HET HIERDIE MENSE DIE DUIWEL OORWIN? DEUR DIE HEMELSE VADER TE EER. Sou ons die duivel wil oorwin, MOET ONS DIE VADER KEN,—veel dieper as wat ons mag besef. Die mees diepgaande begrip in die Bybel handel oor die Vader en Sy Familie.

In hierdie vers word die aard van die probleem waarteen Johannes gestry het, aangedui. Neem kennis dat dit onheilspellend is. Johannes het mense wat die Vader eens geken het maar wat Hom nie meer geken het nie, aangespreek! Hy het nie “julle *ken* die Vader” gesê nie—hy het gesê dat hulle Hom eens geken het. Johannes was ‘n getuie van die grootskaalse wegvalling. Net soos vandag, is dit slegs ‘n minderheid mense wat nog die Vader ken. Die oorgrote meerderheid is deur die duivel *oorwin!*

GESALF DEUR DIE HEILIGE EEN

“En julle het die salwing van die Heilige Een en weet alles” (1 Johannes 2:20). Het u God se Heilige Gees? As u dit het, *is u deur die Heilige Een gesalf!* En as u in hierdie laaste uur getrou is, sal u *weet* waarvan u ‘n deel is.

Die ‘*Anchor Bible*’ verduidelik dat die Ou Testamentiese teendeel vir hierdie salwing wat deur Josephus beskryf word as die vermenging van olies en parfume in ‘n ‘welriekende *salfolie*’ vir die salwing van priesters”. Geestelik, gebruik God Sy Heilige Gees om ‘n “welriekende *salfolie*” in Sy uitverkorenes te skep. Hulle is baie anders as die res van die wêreld.

Die ‘*International Critical Commentary*’ verklaar dat salwing die kenmerkende seremonie vir die inhuldiging van ‘n amp was, en om

die kandidaat toe te rus met die nodige krag om die administrasie van die amp te behartig. Dit was vir *priesters* gebruik. Diegene wat so ingehuldig was, is beskou as geheilig deur die Heilige Gees, met bonatuurlike gewes.

Sou u een van God se mense wees, dan word u hier bespreek. God se Filadelfiërs is gesalf *sodat hulle God se werk kan doen*. God het 'n regverdige regering om hierdie wêreld wat besig is om uit mekaar te val, te regeer. Dit is waarom Sy Filadelfiërs gesalf is—die eerstelinge gaan beslis die wêreld regeer!

Dit is egter 'n tragedie dat die Laodicense ook gesalf is. Is hulle egter besig om hulself as konings en priesters voor te berei? Hulle het in opstand teen die salwing gekom en is nie langer Filadelfiërs nie.

Die 'King James' lees in 1 Johannes 2:20 soos volg: "En julle het die salwing van die Heilige Een en *weet alles*". Hoe weet ons ALLES? Soos wat ons nodig het om hierdie dinge te weet, word dit deur GOD aan ons geopenbaar! Tans kan ons skaars byhou met al die openbaring wat ons ontvang!

Wanneer ons openbaring ontvang, is dit van die HEILIGE EEN afkomstig! Sy konings en priesters wat vir Hom in die bresse tree, WEEET AL hierdie dinge! Hy is die Bevelvoerder van die leërmag. Alhoewel die hele wêreld in die duister is (Openbaring 12:9), is daar die uitverkorenes wat van *al hierdie dinge* weet.

Ons word deur die Heilige Een gelei om vir die waarhede wat Hy aan mnr. Armstrong gegee het, te stry, terwyl DIE ANTICHRIS EN ANTICHRISTE DAARTEEN STRY. Wat kan dodeliker as dit wees? Ons moet *weet* wie hierdie antichriste is, soos ons ook moet *weet* wie God se uitverkorenes is!

Wat is dit vir *u* werd om deur die Heilige Een *gesalf* te word en *al hierdie openbarings* te ontvang?

DIE LEUENAAR

"Ek skryf aan julle, nie dat julle nie weet wat die waarheid is nie, maar omdat julle dit weet en ook weet dat geen leuen van die waarheid is nie. Wie is die *leuenaar*, behalwe hy wat ontken dat Jesus die Christus is? Dit is die *Antichris* wat die Vader en die Seun loën." (1 Johannes 2:21-22)

"Die leuenaar" word deur Johannes bespreek. Hierdie is dieselfde Johannes wat *liefde* so baie in sy sendbriewe bespreek!

Hierdie leuenaar is die seun van die verderf—die antichris—die man van sonde wat deur die groot afval geopenbaar is (2 Thessalonicense 2:3). Hy is ‘n antichris wat openlik en blatant die waarheid vernietig—selfs al moet hy in ‘n hofgeding betrokke raak om dit te doen.

Terselfdertyd, poog hy om voor te gee dat hy Christus dien!

2 Thessalonicense 2:4 beskryf hom as volg: “die teëstander wat hom verhef bo al wat God genoem word of voorwerp van aanbidding is, sodat hy in die tempel van God as God sal sit en voorgee dat hy God is”. Hy het die mense al sover gekry dat hulle na hom opsien asof hy God self is! Hierdie is die leuenaar wat in God se Kerk vandag die groot afval bewerkstellig.

Verse 8 en 9 dui daarop dat hierdie man sy werk doen deur Satan se mag. Hierdie is ‘n stryd tussen Satan en God. Beide Satan en God het hul leëmagte. In die laaste uur is *hierdie leuenaar* besig om die duiwel te verteenwoordig. (In ‘*Maleági Se Boodskap*’ word hy volledig geïdentifiseer.)

Mense is besig om geestelik tot niet te gaan, omdat hulle nie die waarheid lief het nie (vers 10). Hoe lief het *u* die waarheid? Hoe lief het u ‘*Geheimnisse Van Die Eeue*’ en Mnr. Armstrong se ander geskrewe werke? U SAL TEEN DIE ANTICHRIS EN DIE ANDER ANTICHRISTE MOET STRY OM DIT AAN GOD TE BEWYS!

“En daarom sal God hulle die krag van die dwaling stuur, om die leuen te glo” (vers 11). Dit lees “DIE LEUEN” OMDAT DIT VANAF SATAN SE LEIER AFKOMSTIG IS. “Die leuen” is Satan wat homself as God voordoen. Die Laodicense word deur die duiwel verlei omdat hulle nie hom of God ken nie!

Johannes noem Satan ook die “verleier” (2 Johannes 7).

Die ‘*Anchor Bible*’ verklaar, dat dit heeltemal moontlik is dat ‘die antichris’, ‘die leuenaar’, en die ‘wettelose een’, die huidige titels vir die verwagte teenstander van DIE LAASTE TYE is. SELFS SKRIFGELEERDES IN DIE WÊRELD KAN SIEN DAT ‘N BOSE PERSOON BESPREEK WORD WAT IN HIERDIE “LAASTE TYE” OP DIE TONEEL VERSKYN. Nou het hierdie tyd aangebreek en word hierdie voorspellings vervul.

God se uitverkorenes moet WEEET wie die werk van die antichris lei.

God beskryf hierdie bose man in pynlik spesifieke besonderhede.

DIE KOMMISSIE

Is Christus te kras in sy veroordeling?

Neem hierdie in ag: In die *eerste preek* van Joseph Tkach na Mnr. Armstrong se afsterwe, het hy die kommissie van die Kerk verander. In die band opname, het hy gesê: “Ons kommissie word duidelik in die sinoptiese Evangelies, uiteengesit wat net ‘n algemene oorsig van ons verantwoordelikhede is. Gaan na Mattheüs 28. Hier word ons in vers 19 gesê: ‘Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies, en doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees.’ Ons kommissie hier is regstreeks vanaf Christus afkomstig. Ons is ‘n verlenging van die vroeë Nuwe Testamentiese Kerk, wat net nooit die kommissie volkome uitgevoer het nie.”

Dit is onjuis. Hulle HET hulle kommissie voltooi. Mnr. Armstrong het altyd verklaar dat die Kerk se kommissie Mattheüs 24:14 was—om die Evangelie oor die hele wêreld heen, te verkondig. *Is dit nie betekenisvol dat ‘n slinkse Satan, die duiwel, die kommissie van die Kerk, onmiddellik na die afsterwe van God se Apostel, deur hierdie man verander het nie?*

CHRISTUS SE ARBEID WORD OMVERGEGOOI. Dit is die werk *van antichriste!*

SOMMIGE VAN DAARDIE WCG LEIERS HET REEDS VOOR MNR. ARMSTRONG SE AFSTERWE, ‘N AGENDA GEHAD OM DIE KERK TE VERNIETIG! Die vrugte bewys dit.

Die wyse waarop Mnr. Tkach Mattheüs 28:19 gebruik het, het ‘n selfsugtige fokus en klem om mense in die Kerk te kry. Dit het die nommer een prioriteit van die ‘Worldwide Church of God’ geword. Maar *God stem nie saam met daardie prioriteit nie!*

Geloof om die boodskap van God—*vir ‘n getuienis*—nie om hulle te bekeer nie, aan die wêreld te verkondig, het by meneer Tkach ontbreek. Wat beteken dat ons die geloof van God en die visie moet hê om Sy kommissie te voltooi. Meeste mense wat die boodskap hoor sal nie die waarskuwing voor die Groot Verdrukking ernstig ag nie. Miljoene, “die groot skare”, sal tydens die Verdrukking berou hê vanweë ons waarskuwende boodskap! Dit is dan wanneer meeste van die vrugte van ons arbeid van vandag, geoes sal word.

Daar sal min of geen ondersteuning van die wêreld vir ons boodskap, *voor* die Verdrukking, wees. Die boodskap is egter daar

vir 'n *getuienis* teen hulle. Hulle kan nie God verkwalik wanneer hulle die ergste lyding ooit op hierdie planeet beleef nie. Dan sal hulle insien dat God se boodskap juis was.

Na lyding in die Groot Verdrukking en die Dag Van Die Toorn Van Die Here, sal mense wat oorleef, nederig en leergierig wees. **ONS SAL DAAR WEES, GEREED OM HULLE TE ONDERRIG. ONS WORD NOU GEROEP OM VIR DAARDIE TAAK VOOR TE BEREI!**

Jesus Christus is op die punt om terug te keer Aarde toe, derhalwe moet ons gereed wees om Hom te help regeer (Openbaring 19:17).

“Vir ‘n *getuienis*” openbaar ook baie omtrent ons toekomstige glorie!

Om God se boodskap vir 'n *getuienis* te verkondig maak nie vir die vlees sin nie. Omdat hulle nie God se Meesterplan, soos deur Sy Heilige Dae geopenbaar, begryp nie (skryf vir ons gratis boekie *Pagan Holidays or God's Holy Days—Which?* om meer van God se Meesterplan te wete te kom). Dit is 'n meesterplan wat u sal inspireer soos niks anders kan nie.

Sou ons God se kommissie, vir 'n *getuienis*, verwesenlik, sal God mense in Sy Kerk inbring, om die werk te ondersteun. Sou ons 'n gebrek aan God se visie het, poog ons om Sy Werk op ons eie, selfsugtige manier te doen. God sal dit nie seën nie, en sal die werk skipbreuk ly.

Die WCG-leierskap het hierdie waarheid al te duidelik gedemonstreer. Ten tye van Herbert W Armstrong se afsterwe het die WCG 'n jaarlikse inkomste van meer as \$200 miljoen jaarliks gehad. Nou is hulle inkomste minder as \$20 miljoen per jaar en die bedrag krimp steeds!

Wanneer 1 Johannes 2:22 praat van mense wat hulle Vader verwerp het, sien ons dat dit ook op die Laodicense van toepassing is. Hulle het Mnr. Armstrong as ons geestelike vader verwerp (d.w.s. dat hul direk of indirek tot God gekeer het, deur hom); Paulus het dieselfde rol vir die Korinte vervul—1 Korinthiërs 4:15; lees ook hoofstuk 6 van my boek *The God Family Vision*. **DIE LAODICENSE FAAL IN DIE VERERING VAN ONS VADER, EN DIE ENKELLE GROOTSTE WYSE WAAROP HULLE DIT DOEN IS DEUR ONS GEESTELIKE VADER EN FISIESE HOOF, HERBERT W. ARMSTRONG TE VERWERP!** Hy was die eindtyd tipe van Elia, wat alles herstel het. Meeste Laodicense weier om sy verwesenliking van daardie amp te erken. Die Evangelie is

die blye boodskap van die komende Koninkryk van God of die God-Familie. God se Familie sal oor die Aarde en die heelal regeer. Daardie Familie sal deur God, die Vader gelei word. Dit is die mees wonderlikste nuus wat ons kan hoor!

'*Geheimnisse Van Die Eeue*' bevat meer *openbaring* van God as enige boek wat Mnr. Armstrong ooit geskryf het. Hy het gesê dat hy daarmee die "grootste gehoor moontlik" wou bereik en bygevoeg, "Ek is seker dat julle sal saamstem". Dit is egter net die Philadelphia Church of God' (PCG) wat hiermee saamstem.

Die hofdispuut oor '*Geheimnisse Van Die Eeue*' was een strydperk waartydens mense duidelik kon waarneem wie die antichriste was en wie vir Christus en Sy waarheid gestry het! Meeste van die Laodicense het niks gedoen om ons in daardie stryd te help nie. Heelwaarskynlik is dit hulle enkele mees verdoemende mislukking in hierdie eindtyd. HULLE HET NEUTRAAL IN CHRISTUS SE STRYD TEEN DIE ANTICHRISTE GEBLY! DAARDIE HOFGEDING HET SO BAIE OMTRENT GOD SE MENSE OPENBAAR.

Dit sal selfs nog duideliker wees wanneer die Groot Verdrukking kom, en almal sal waarneem wie die mense is wat God verkies om te beskerm en daardie wie Hy toelaat om te ly. Binnekort sal die vleeslike ingesteldheid die swye opgelê word. Wat 'n ernstige waarskuwing van Jesus Christus af.

Die Laodicense en antichriste word deur Christus verdoem, omdat hulle nie Sy waarheid liefhet nie (2 Thessalonicense 2:10).

Ons stryd is nie teen vlees en bloed nie (Efesiërs 6:12). Ons is in 'n *geestelike* stryd vasgevang. DIT HET DIE AARTSENGELE GABRIËL EN MÍGAEL DRIE VOLLE WEKE GENEEM OM OPENBARING VAN GOD AAN DIE PROFEET DANIËL OOR TE DRA (Daniël 10:1-14). Hulle moes teen Satan en sy demone stry om die boodskap aan God se profeet oor te dra.

Ons hele werk is om God se boodskap aan hierdie wêreld te verklaar. Satan kan ons werk vertraag deur mense te kry om dit teen te staan. Selfs daardie Laodicense wat *gedwee* God se boodskap teëgestaan het, het Satan se werk baie vergemaklik. God se uitverkorenes is egter bestem om die stryd te wen.

Die goeie nuus is, DAT DIE VERSKYNING VAN AL HIERDIE ANTICHRISTE OP DIE TONEEL, VERAL TYDENS DIE BEËINDIGING VAN DIE HOFGEDING, 'N TEKEN VAN GOD IS, DAT ONS IN DIE LAASTE UUR IS!

Antichris is ‘n SKRIKWEKKENDE WOORD. Maar dit is ook heel inspirerend, omdat die verskyning van hierdie eindtyd antichriste ‘n teken is dat Christus op die punt staan om terug te keer!

VERLOËNING VAN DIE VADER EN DIE SEUN

Wanneer 1 Johannes 2:22 sê dat hierdie leuenaar die Vader en die Seun loën, beteken dit dat hy die God-Familie visie—of evangelie—VERWERP. Hy het die Vader verwerp en kom teen Christus in opstand! Ons moet om Christus se onthalwe teen *Satan* en sy LEUENAAR stry! God sal Sy gesalfdes beloon omdat hulle dit doen.

Die woord *loën* het in Grieks ‘n baie gewigtiger betekenis as wat dit in Afrikaans het. Die betekenis daarvan is dat die meeste van God se mense in hierdie Laodicense era, soos *Thayer* dit definieër, HULLE CHRISTUS SE REGSAAK IN DIE STEEK GELAAIT HET. Dit verwys ook na “diegene wat, vanweë hulle koestering en verspreiding van verderflike opinies en onsedelikheid, beoordeel is dat hulle van God afvallig geword het” Om iets te *loën* beteken om daarvan afstand te doen, dit te versaak.

Hierdie mense het God verlaat—dieselfde God waarvan hulle in ‘*Geheimnisse Van Die Eeue*’ en al Mnr. Armstrong se geskryfte geleer het. Jy kan nie God verlaat as jy Hom nooit geken het nie.

Wie, in hierdie eindtyd, het vir ons van die “Vader en die Seun geleer”? Wie het vir ons omtrent die Familie van God geleer? Hierdie mense wil nie ‘n deel van die God-Familie wees nie. Hulle wil nie hê die Vader moet oor hulle heers nie.

Die Vader word eerste genoem. Hy is die Hoof van die Familie. Aan God se mense was ongelooflike diepgaande begrip van God die Vader en sy Familie plan gegee. “Die Vader en die Seun” is die volledigste uitdrukking van die Godheid.

ONS MOET HIERDIE EIENSKAP LAAT *INSINK*. Dit is hier waar die Laodicense gefaal het. Hulle vereer nie hulle Vader soos die Seun doen nie! (Maleági 1:6). CHRISTUS HET NA HIERDIE AARDE GEKOM OM DIE VADER TE VERKLAAR! (1 Johannes 1:18).

Die wêreld het nog nooit hierdie kosbare waarhede omtrent “die Vader en die Seun” verstaan nie—net God se mense kon. Alles draai om hierdie ontsaglike waarheid.

Dit is die kernpunt waar Satan altyd aanval! Enige fisiese vader sal besorgd wees oor 'n diep wond wat 'n seun se verraad kan veroorsaak.

Genadiglik, dat God nooit Sy mense versaak nie. Hy sal nooit Sy rug op ons keer as daar nog enige hoop is nie. Hy sal ons aanhoudend aanmoedig, waarsku en probeer wakker maak. Hy sal altyd die deur vir ons oop laat. Dit is ons wat Hom versaak.

“Want baie verleiers het in die wêreld ingekom: die wat nie bely dat Jesus Christus in die vlees *gekome* het nie. *Hierdie is 'n verleier en 'n Antichris*” (2 Johannes 7). Jesus Christus kom in die vlees—dit beteken dat Hy vandag in Sy gesalfdes leef. Indien ons Christus het wat in ons leef sal ons hierdie tipe bedrog vermy en vir Christus stry.

1 Johannes 4:3 verklaar “En elke gees wat nie bely dat Jesus Christus in die vlees [gekome] het nie, is nie uit God nie; en dit is die GEES VAN DIE ANTICHRIS, waarvan julle gehoor het dat hy kom, en hy is nou al in die wêreld.”

Natuurlik is die *gees van die antichris* in die wêreld, want Satan mislei die hele wêreld (Openbaring 12:9). Maar Johannes waarsku ons omtrent die gees van die antichris BINNE-IN GOD SE KERK!

Alhoewel Johannes met sy tydskerekening van die laaste uur uit was, was hy in elke ander opsig reg. Hy het nie oor hierdie waarhede *gespekuleer* nie. Hy het hulle direk van Christus ontvang.

VAN HOM GEBORE

Hoe het Johannes beplan om al hierdie probleme *op te los*?

“Wat julle dan van die begin af gehoor het, laat dit in julle bly. As dit in julle bly wat julle van die begin af gehoor het, dan sal julle ook in die Seun en die Vader bly” (1 Johannes 2:24) Wanneer ons iets hoor, beter ons dit TOEPAS omdat ons daarvoor verantwoordelik gehou word. Dit is wat Johannes bedoel met “van die begin af”. God se mense kan nie hulle geskiedenis en die waarheid wat hulle gehoor het, sommer net so uitvee nie.

Johannes beklemtoon hierdie punt oor en oor: Hou vas aan wat julle van die begin af gehoor het. Moenie vergeet wat Mnr. Armstrong julle geleer het nie. Moenie die nuwe openbaring wat God ons in die PCG gegee het, vergeet nie.

Die onderwerp in hierdie stuk is die *ewige lewe* (vers 25). Watter doel dien 'n fisiese lewe as dit nêrens heen lei nie. Die lewe is

verskriklik kort en het geen werklike doel opsigself nie. Johannes se boodskap lei tot EWIGE LEWE. Wat is nou besig om met so baie van God se mense te gebeur? Hulle is besig om deur die duiwel—weg van die EWIGE LEWE—VERLEI te word! Die Heilige Gees is God se ewige lewe in u. 'N DEEL VAN GOD LEWE IN ONS! Tog is so baie weg van daardie ewige glorie, VERLEI!

“En die salwing [die Heilige Gees] wat julle van Hom ontvang het, bly in julle, EN JULLE HET NIE NODIG DAT IEMAND JULLE LEER NIE; maar soos dieselfde salwing julle aangaande *alles* leer, so is dit ook waar en geen leuen nie; en soos julle geleer het, so moet julle in Hom bly.” (vers 27). Die Gees leer ons ALLES. Wat 'n geskenk! Ons het nie nodig dat 'n man ons leer nie—CHRISTUS leer ons, *deur 'n man*, met die werking van die Heilige Gees. HERKEN U DIE VERSKIL TUSSEN 'N BOODSKAP WAT VAN CHRISTUS IS, EN EEN WAT VAN 'N BLOTE MAN, AFKOMSTIG IS? U EWIGE LEWE HANG DAARVAN AF OF U WEEET WANNEER DIE HEILIGE GEES BESIG IS OM TE PRAAT!

“En nou, my kindertjies, bly in Hom, sodat ons vrymoedigheid [dapperheid] kan hê *wanneer Hy verskyn* en nie beskaamd van Hom weggaan by Sy wederkoms nie” (vers 28). As ons nie hierdie manjifieke boodskap aan hierdie sterwende wêreld uitbasuin nie, gaan ons *beskaamd* wees! CHRISTUS SAL TEEN DIE EINDE VAN HIERDIE UUR HIER WEES. Ons moet nie VREESBEVANGE wees oor Christus se wederkoms nie—ons moet DAPPER wees! In hierdie laaste uur moet ons DAPPER wees.

Wat gaan gebeur wanneer Christus terugkeer? “As julle weet dat Hy regverdig is, dan weet julle dat *elkeen wat die geregtigheid doen uit* Hom GEBORE is (vers 29). 'N GEBOORTE gaan binnekort plaasvind! Dit sal meer realisties wees as wat 'n menslike geboorte is. JOHANNES PRAAT VAN DIE GEBOORTE VAN GOD SE MENSE IN DIE GOD-FAMILIE IN,—WAARTYDENS ONS GROOT, LIGGEWENDE GEESTESWESENS AAN DIE EINDE VAN HIERDIE UUR WORD. Aan ons is 'n GEBOORTEREG gegee—'N REG OM GEBORE TE WORD!

Sou ons die visie van die God-Familie verloor, dan het die geboorte as 'n geesteswese geen werklike betekenis nie. Satan weet dit en poog hy om ons van ons geboortereg te beroof. Hierdie stryd moet ons nie verloor nie.

Dit is die fokuspunt van die hele Bybel! DIT IS DIE DIEPSTE ONDERWERP *in die Bybel*, waarvan 95% van God se mense die

visioen verloor het. DIT IS 'N MASSIEWE TRAGEDIE EN DIE GROOTSTE WAARSKUWING AAN ONS ALMAL!

DIE ONTSTELTENIS VAN DIE LAASTE UUR IS DIE FEIT DAT SO BAIE HIERDIE VISIOEN OM IN DIE GOD-FAMILIE GEBORE TE WORD, VERLOOR HET.

Hier is waar Johannes se fokus was. Die *laaste uur* is dramaties, maar die einde van 1 Johannes 2 is wat ons gebore was om te bereik! ONS WAS GEBORE OM GEBORE TE WORD! *Dit* is waarom ons so worstel in hierdie stryd.

Die meerderheid van die mensdom is op die punt om in hierdie laaste uur te sterf. Maar die goeie nuus is dat God baie van daardie mense vir sy ewige Familie gaan red.

Aan die einde van hierdie uur, SAL ONS MET JESUS CHRISTUS GETROUD WEES! Is ons besig om met *groot verwagting* uit te sien na hierdie gebeurtenis? Dit is waarheen dit alles lei! Dit gaan oor FAMILIE. Is dit vir ons so werklik soos wat dit vir Johannes was? Ons moet nooit hierdie Familie-visioen verloor nie. Wat 'n pragtige einde van 1 Johannes 2—en ons fisiese lewens!

4

Die Ewige Logos—visie

DIE *INTERNATIONAL CRITICAL COMMENTARY*’ SÊ, “IN DIE hele eerste sendbrief, is daar skaars ‘n enkele gedagte, wat nie ook in die Evangelie gevind kan word nie.” Johannes se hoofdoel was om die DIEPSTE BYBEL WAARHEDE IN TE HAMER! Hy is persoonlik deur Jesus Christus voorberei om hierdie boodskap oor te dra EN MEESTE DAARVAN IS VIR ONS IN HIERDIE LAASTE UUR.

Die *Jamieson, Fausset and Brown Commentary*’ verwys na Johannes se “peinsende karakter”. Hy was baie nadenkend. Geestelik, was hy ‘n briljante man. Ek is seker dat hy ook intellektueel skrande was. Teenoor Jesus Christus was hy baie onderdanig. Waarskynlik het geen ander Bybelse skrywer Johannes se diepte gehad nie. Christus het hom vir ‘n spesifieke doel gebruik omdat hy geestelik so diepsinnig was.

Ons moet God se Gees gebruik om die “dieptes van God” te peil (1 Korinthiërs 2:10). DIT IS WAT JOHANNES IN SY SENDBRIEWE GEDOEN HET. Ons moet in ons studies van hierdie boeke diepsinnig konsentreer! Daar is soveel geestelike skoonheid en DIEPTE in hulle.

Die inleiding tot Johannes se geskifte is ‘n goeie demonstrasie van die kwaliteit van sy denke. Johannes was nie ‘n gewone leier nie. Hy het nie alleenlik persoonlike, gespesialiseerde opleiding van Jesus Christus ontvang nie, maar hy het ook ‘n lang lewe gehad

en het baie tyd tot sy beskikking gehad om oor hierdie opleiding na te dink.

Let op na die inleiding tot 1 Johannes: “Wat van die begin af was, wat ons gehoor het, wat ons met ons oë gesien het, wat ons aanskou het en ons hande getas het aangaande die Woord van die lewe” (1 Johannes 1:1). **ONMIDDELLIK, HANDEL JOHANNES MET MONUMENTALE TEMAS—NAAMLIK DIE EWIGE BESTAAN VAN DIE LOGOS.**

(“En die lewe is geopenbaar, en ons het dit gesien, en ons getuig en verkondig aan julle die ewige lewe wat by die Vader was en aan ons geopenbaar is”) (vers 2). Johannes wys ons die **EWIGE LEWE**. Die Woord was met God gewees. Daarna het Hy in die vlees na die aarde gekom. Johannes het ‘n **PANORAMIESE VISIE** van God se meesterplan gehad. Ons moet studeer en God vra om ons hierdie unieke visie te laat verstaan.

Die inleiding tot Johannes se Evangelie is net so deurdringend: “In die begin was die Woord, en die Woord was by God, en die Woord was God” (Johannes 1:1). Die verste uiterste van geskiedenis—voordat enigiets anders bestaan het. Hierdie is die absolute begin. Dit was ‘n tyd toe daar net God en die Woord was. Daar was geen engele, heelal of menslike wesens nie—‘n tyd voor die skepping en voor Genesis 1:1.

Die boek van Openbaring begin: “Die Openbaring van Jesus Christus wat God Hom gegee het om aan Sy diensknegte te toon wat gou moet gebeur, en wat Hy deur die sending van Sy engel aan Sy dienskneg Johannes te kenne gegee het.” (Openbaring 1:1).

Hierdie is openbaring van Jesus Christus, wat deur Sy Vader aan Hom gegee is. **DIE MEES BESONDERSE BOEK IN DIE BYBEL, OPENBARING, IS AFKOMSTIG VAN DIE VADER (NIE CHRISTUS NIE).** Dit is deur Christus aan ‘n engel gegee, wie dit aan Johannes gegee het. Die feit dat Johannes die besonderhede op hierdie wyse geskryf het is nog ‘n kragtige bewys van sy begrip van die God Familie en van die panoramiese omvang van geskiedenis en profesie! Johannes het moontlik ‘n baie groter, meer omvangryke oorsig as enige ander bybelse skrywer gehad.

Is daar al ooit drie meer kragtige inleidings geskryf?

Die inleiding tot elk van Johannes se boeke neem ons terug na die absolute begin. ‘n Majesteuse oorsig word vir ons daarin gegee. In die boek van Openbaring word ons na die fundamentele

oorsprong van openbaring teruggeneem—die Vader. Maar die Seun se allerhoogste heerskappy word ook verduidelik. Profesie word in 'n God Familie konteks uitgebeeld.

Johannes het Christus intiem geken. Hy het volkome verstaan dat Christus die Woord was voordat Hy die Seun geword het. JOHANNES HET CHRISTUS SE GESKIEDENIS GEKEN. HY HET HOMSELF ALTYD DAARAAN HERINNER DAT CHRISTUS DIE WOORD WAS WAT, VOORDAT DAAR ENIGE SKEPPING WAS, BESTAAN HET, EN WAT OOK GOD IN DIE VLEES GEWORD HET. HIERDIE WAS DIE PERSOON WAT JOHANNES EN DIE APOSTELS MET HULLE HANDE “GETAS HET”. HULLE HET DIE WOORD VAN DIE LEWE MET HULLE HANDE GETAS—NIE NET ‘N REGVERDIGE MAN GENAAMD JESUS NIE!

Johannes het altyd teruggekeer na die begin. Indien ons nie die uitgangspunt, soos dit in die begin tot stand gebring is nie, verstaan nie, is alles verkeerd. Ons moet na die OORSPRONG kyk, anders is dit soos wanneer ons in die middel van ‘n rolprent inkom en verward raak. Johannes het die vermoë gehad om hierdie panoramiese visies op die mees inspirerende manier oor te dra.

“Johannes was die enigste Nuwe Testamentiese skrywer wat Christus as die Logos—die Woord onderskei het.” DIT IS ‘N ONGELOOFLIKE SPESIALE WOORD.

Winston Churchill het gesê dat hoe verder ons in die verlede kan terugkyk, hoe verder kan ons in die toekoms sien. Johannes kon met buitengewone diepte sover in die verlede insien as wat dit moontlik was. Dit het hom ‘n verbasende visie van die toekoms gegee. Hy het die boek van Openbaring geskryf, wat alle profesie in ‘n tydorde plaas, sover as wat ons in die toekoms kan insien. Hy bespreek die nuwe hemele en die nuwe Aarde in Openbaring 21—‘n tyd wanneer geen mense meer oorbly nie; daar sal alleenlik die God Familie van geestelike wesens wees. Hierdie visie strek so ver in die toekoms in as wat ons kan sien!

Ons verstand moet kragtig ingespan word om selfs die begin van hierdie oorsig te verstaan!

LAODICENSE VERLOOR DIE LOGOS VISIE

Johannes het ‘n baie diep begrip gehad van die uiterste geskiedenis, terug tot die tyd toe net God en die Woord saam was. Dit het aan

hom 'n transendentale visie besorg van wanneer almal, sou lewe sou wat God en die Woord vir alle ewigheid geleef het!

'n Asemrowende visioen wat die gedagtes laat steier. Begryp ons dit? Johannes het die diep dinge van God ondersoek wat ons ook moet doen. In die boeke van Johannes sal hierdie ondersoek verfrissend wees. “En skryf aan die engel van die Laodicense: dit sê die Amen, die getroue en waaragtige Getuie, *die begin van die skepping van God*” (Openbaring 3:14). Woorde wat Christus persoonlik gebesig het. Aan Johannes het Hy die Laodicense probleem geopenbaar. Johannes het nie hier spesifiek na die term *Logos* verwys nie, maar het die Woord se geskiedenis verduidelik—”die begin van die skepping van God”. Die Woord het reeds voor die skepping bestaan. Net God en die Woord was daar. Die Woord het onder leiding van God, alles geskep (Efésiërs 3:9).

HOEKOM WOU GOD HIERDIE VIR DIE LAODICENSE, DIE FINALE ERA VAN SY KERK GESKRYF HÊ? OMDAT DIE LAODICENSE DIE LOGOS VISIE VERLOOR HET. Met die gevolg dat hulle in die hede verlore is en “verryk geword, en het aan niks gebrek nie” (Openbaring 3:17).

INDIEN DIE LAODICENSE ENIGE VERREIKENDE BELANGSTELLING IN DIE GESKIEDENIS GEHAD HET, SOU HULLE, HUL EIE GEESTELIKHEID EN RAMPSPOEDIGE TOEKOMS KON SIEN. Hulle het God se Familie plan, wat van die begin af was, verloor. Hulle is ‘blind en verward’.

Die Filadelfiërs daarenteen het die sleutel van Dawid visie (vers 7), wat die alleredelste visie in die Bybel is, en ver in die heeal en die ewigheid in reik (Jesaja 9:7). Hierdie visie word deur die sleutel van Dawid oopgesluit, wat openbaar dat Christus vir ewig op Dawid se troon sal regeer. Ons kan egter nie hierdie toekoms verstaan, tensy ons die verlede verstaan nie. Wat is God se Familie plan vir Dawid? Wat het Hy ‘van die begin af’ beplan?

HIERDIE GROOTSTE MOONTLIKE BETEKENIS VIR DIE HEDE WORD DEUR DIE SLEUTEL VAN DAWID VISIE GEOPENBAAR!

Die Laodicense het mnr. Armstrong se boek ‘*The United States and Britain in Prophecy*’—wat die grondslag van die sleutel van Dawid visie bevat, verwerp. Die Laodicense stel nou in materiële dinge belang. HULLE RAAK NIE OOR DIE GESKRIFTE VAN DIE GROOTSTE DIEPTES VAN DIE GESKIEDENIS OPGEWONDE NIE! EN HULLE IS NIE GEÏNTERESSEERD IN DIE GROOTSTE OMVANG VAN

PROFESIE WAT OOIT OPGETEKEN IS NIE! EINDELOSE VREDE VIR DIE HELE MENSDOM INTERESSEER HULLE NIE. Hulle is vasgevang in hulle eie selfsugtige doelwitte, nie in die koninklike Familie van God nie.

“Die begin van die skepping van God” neem ons terug na die “begin van die rolprent” toe daar net God en die Woord bestaan het. Daardie perspektief maak dit moontlik vir ons om die skepping te verstaan. Ons kan God se meesterplan van die begin tot in die ewigheid duidelik sien. Hierdie visioen oortref alle ander visioene.

SOU ONS DIE LOGOS VISIOEN VERSTAAN, SAL ONS WEEET DAT GOD EN DIE WOORD VEREWIG IN VREDE EN HARMONIE GELEEF HET EN DAT HULLE DIE MENSDOM DIESELFDE EWIGE VREDE SAL GEE. DAARDIE VREDE SAL UITEINDELIK DIE HELE HEELAL DEURDRING.

Die begrip, “die begin van die skepping van God” gee vir ons die geskiedenis van wat met die engele gebeur het, hoekom soveel van hulle gefaal het, en hoe dit veroorsaak het dat God besluit het om Homself deur die mens te herskep. Dit was die enigste manier om vrede in die wêreld en die heelal te bewerkstellig. Alleenlik God kan die wêreld en die heelal regeer. Dus word die mens in God herskep, en word ‘n lid van die God Familie.

Die Woord is die Woordvoerder van die God Familie. Hy het ‘n visie om aan die mensdom oor te dra. Dit is so skitterend dat ons dit nooit moet verloor nie. Die Laodicense het in ‘n kort tydjie en in ‘n klein hoeveelheid dinge, verlore geraak. God wil hulle die ewigheid en die hele heelal gee (Hebreërs 2:7-8).

Om hierdie visie te verwerp is ‘n pynlike verleentheid!

JOHANNES SE UITDRUKKINGS

Johannes was ‘n bedrewe kommunikeerder. Om hierdie visioen te illustreer gebruik hy baie deurdringende en kleurvolle taal. Oorweeg die diepte van sy unieke uitdrukkings: *laaste uur; van die begin; die uitverkore vrou; in waarheid liefhet; Logos; die ouderling; getuie*. Hy gebruik kragtige teenoorgesteldes: *lig en donkerte; lewe en dood; liefde en haat; waarheid en leuens; Vader en die wêreld; kinders van God en kinders van die duiwel; om lewe te hê; en om nie lewe te hê nie; om God te ken en om God nie te ken nie; Christus*

en *antichris*. Vae of grys gebiede bestaan nie by Johannes nie. Hy was onder die indruk dat dit die laaste uur was, dat daar nie tyd was om die waarheid sagkens te stel nie!

Die boeke van Mattheüs, Markus en Lukas word die *sinoptiese* Evangelies genoem, wat beteken dat hulle almal eenders is en met mekaar oorvleuel. Ek glo dat Christus Johannes iets anders gegee het sodat ons die *gees* agter die ander Evangelies beter kan verstaan. Johannes benadruk die betekenis van God se *woorde*, nie net Sy dade nie. Hy was nadenkend en het die dieptes van God op 'n spesiale wyse gepeil.

Johannes en sy broer Jakobus is die “seuns van die donder” genoem (Markus 3:17). Onderzoek die boek van Openbaring en u sal spoedig met daardie evaluasie van Johannes saamstem—dit is die mees profetiese boek in die Bybel gevul met beide geestelike en fisiese weerlig en donderslae! In Johannes se sendbriewe sien ons in besondere wyse, 'n nog groter donderslag, dat hulle van God se eie mense praat, wat hulle ewige lewens verloor! Wat 'n donderende boodskap het Johannes nie gelewer nie—en dit word voortdurend in hierdie laaste uur deur die ‘PCG’ gelewer.

DIE DISSIPEL WAT CHRISTUS LIEFGEHAD HET

Johannes was “die dissipel wat Christus liefgehad het”. Hy was die enigste dissipel wat hierdie uitdrukking gebruik het. Hoekom? Wat beteken dit? Hoekom is hy deur God geïnspireer om dit so baie maal te gebruik? Ek glo dat daar 'n boodskap in daardie uitdrukking is. Dit het vir ons besondere betekenis vandag.

Christus was besig om Johannes van 'n baie spesiale soort liefde te leer, 'n liefde wat u nie sal vind enige van die ander apostels oor geskryf het nie. Johannes het die beste opvoeding wat Christus kon aanbied, gekry. Hy het die geleentheid gehad om op 'n baie diepsinnige manier deur die Seun van God, wat met God vir ewig was, onderrig te word! Christus het 'n *BUITENGEWONE WERK* vir Johannes gehad wat baie met ons arbeid in hierdie *laaste uur* te doen het!

Sal ons uit so 'n geleentheid voordeel trek, soos wat Johannes dit gedoen het?

Johannes het baie tyd spandeer deur teen die bors van Jesus te lê (Johannes 13:23). Wat 'n nabyheid het hulle nie gehad nie!

Christus was in die boesem van die Vader (Johannes 1:18) en het Johannes van Sy innigheid met die Vader geleer sodat Johannes dit vir ons kon leer—OMREDE CHRISTUS GEWEET HET DAT ONSE 'N FAMILIE-EENHEID VERAL TYDENS DIE LAASTE UUR NODIG SAL HÊ! Dit is vir ons nodig om in die boesem van die Vader te wees om die liefde wat Christus vir Johannes en vir elke mens wat Hy geskep het, te verstaan!

Tydens Jesus se kruisiging, het Hy die versorging van Sy moeder aan Johannes toevertrou (Johannes 19:25-27). Dus was dit moontlik vir Johannes om deur haar baie meer van Christus te leer, buiten die spesiale een-tot-een tyd wat hy saam met Hom gehad het.

Na Christus op aarde verskyn het, na Sy opstanding, was Johannes die eerste om Hom te herken: “Daarop sê *die dissipel—die een vir wie Jesus liefgehad het*—aan Petrus: Dit is die Here “ (Johannes 21:7). Dalk onthul dit iets van Johannes se persepsie.

GOD IS LIEFDE (1 Johannes 4:8,16). Bestudeer hierdie uitdrukking indien u 'n diep geestelike onderwerp wil aanpak! Teen die tyd dat Christus hom klaar opgevoed het, het Johannes waarskynlik *GOD SE LIEFDE* beter as enige van die ander Bybelse skrywers verstaan. Hy het ons sy Evangelie bevattende diep lesse van liefde gegee; sy sendbriewe delf nog *dieper* oor ware liefde in; en die boek van Openbaring gaan werklik oor God se meesterplan van liefde. Christus leer ons van 'n *ongekende* liefde deur Johannes. **ONS WORD DEUR HOM IN DIE DIEPSTE WESE VAN GOD GENEEM.**

JOHANNES WYS ONSE DAT HOE NADER ONSE AAN CHRISTUS KOM, HOE MEER SAL ONSE WAARNEEM HOE INNIG HY ONSE LIEFHET. Daardeur word ons geïnspireer om steeds nader aan Hom te kom—ons liefde vir God groei. Wanneer ons groei, soos Johannes gedoen het, word elkeen van ons die “dissipel wat Jesus liefgehad het”, of liefhet. Ons word deur Johannes geleer hoe persoonlik God elkeen van ons liefhet. Hy is besig om elke persoon wat ooit gebore is, te leer hoe om “die dissipel wat Christus [liefhet]” te word.

God het Johannes as 'n kragtige instrument gebruik om die mensdom die belangrikste les van liefde te leer.

JOHANNES HET DIE OPLOSSING

Omstandighede het in die eerste eeu so agteruitgegaan dat God die lamp na die Smirna era moes verskuif. God se mense was besig

om hul eerste liefde te verloor. Hulle kon nie oor God se werk opgewonde raak nie.

In teenstelling het Johannes nooit sy eerste liefde verloor nie! Hoe meer ek studeer en uitreik na wat hy verstaan het, hoe meer wonder ek hoe *enigee*n van God se waarheid kan afdwaal! Hoe kan enige een dit verloor—die grootste waarheid wat ooit geken kan word?

Hoe word hierdie soort probleem opgelos? Deur Johannes se sendbriewe. Hierdie boeke onthul die oplossing vir die Laodicense se probleem. God se mense in die eerste eeu het nie die liefde van God verstaan nie. Johannes het die geestelike afval sien kom, en het probeer om dit teen te werk deur die les van liefde tuis te bring! Hy was besig om hoofsaaklik *laaste uur* kwessies aan te roer. Nou IS DIE TYD OM DIT TE SNAP! Wat 'n RAMP om in hierdie tyd afvallig te word!

Ons moet hierdie liefde in hierdie laaste uur DIEP BESTUDEER. *Ons sal alleenlik oorleef indien ons die Here liefhet*. Wat hou 'n fisiese gesin bymekaar gedurende moeilike tye? Gewoonlik LIEFDE. Sou daar liefde wees, sal 'n huwelik oorleef. Indien daar liefde in God se Kerk is, sal ons HUWELIK met Jesus Christus oorleef!

God wil hê dat ons hierdie liefde moet besit en demonstreer. Daarom is ons hier op Aarde! Om te sê dat ons in die proses is om God te word beteken **ONS IS IN DIE PROSES OM LIEFDE TE WORD**, want God is liefde!

Selfs Johannes se naam dui ook sy doel aan: *Johannes* beteken God is genadig of barmhartig; God gee genadiglik, of God se geskenk. God moet liefde in ons *gee*. Hy moet ons ook 'n *begrip van* liefde gee. Intellektueel kan ons dit nie self doen nie. Liefde is 'n GESKENK VAN GOD. Hy gee dit genadiglik. Ons behoort daarvoor te vra en daarvoor te arbeid—anders sal ons soos die Laodicense eindig! Hulle het *en masse* weggedraai van Hom af omdat hulle nie liefde vir Hom en Sy waarheid gehad het nie.

ONS GROOTSTE BEHOEFTE IS OM DIE DIEPTE VAN DIE LIEFDE WAT JOHANNES GEHAD HET, VANDAG TE VERSTAAN!

Jesus het hierdie Petrus se aandag hierop gevestig tydens een van hulle gesprekke. “Toe hulle dan klaar was met die môre-ete, vra Jesus vir Simon Petrus: Simon, seun van Jona, het jy my waarlik lief [*agapao*—God se liefde], meer as hulle hier? Hy antwoord Hom: Ja Here, U weet dat ek U liefhet [*phileo*—om 'n vriendelike

toegeneentheid te hê]” (Johannes 21:15). Dieselfde gesprek het ‘n tweede keer plaasgevind (vers 16).

Ten slotte het Jesus ‘n anderse vraag gevra. “Hy vra hom die derde maal: Simon, seun van Jona, het jy my *lief* [*phileo*]? Petrus het bedroef geword omdat Hy hom die derde maal vra: Het jy my lief?...” (vers 17). Christus het bevraagteken of hy selfs die menslike *phileo* liefde besit het! ‘n Ernstige berisping. **PETRUS HET EGTER GEWEET DAT HY NIE DIE LIEFDE VAN GOD IN HOM GEHAD HET NIE!** Sonder daardie liefde het hy Christus drie maal verloën, selfs nadat hy Christus sy woord van trou gegee het.

WOORDE OP HULLE EIE BETEKEN NIKS NIE! Petrus het gedemonstreer, dat ons eenvoudig nie ons besproewings kan verduur en steeds teenoor God getrou bly nie! **ONS HET DIE LIEFDE VAN GOD NODIG OM TE OORLEEF!**

Die oplossing vir ons probleme vandag—of enige tyd—is die liefde wat Johannes beskryf het.

OM VIR GOD TE STERF

Na daardie gesprek het Jesus vir Petrus vertel dat hy ‘n marteldood sou sterf (verse 18-19). Is dit sleg om God te *verheerlik* deur te STERF? So ver ons kennis strek, het al die apostels, behalwe Johannes, gewelddadig gesterf.

Daar was egter iets wat Petrus gepla het: “En Petrus het hom omgedraai en die dissipel sien volg vir wie Jesus liefgehad het, die een wat by die maaltyd op Sy bors geval het ... Toe Petrus hom sien, vra hy vir Jesus: Here, maar wat van hom?” (verse 20-21). Hy moes vermoed, of geweet het dat Johannes nadat die ander apostels ‘n marteldood gesterf het, sou leef.

“Jesus antwoord hom: As Ek wil hê dat hy bly totdat Ek kom, wat gaan dit jou aan? **VOLG JY MY**” (vers 22). Ons het elkeen verskillende arbeidsgebiede. Elkeen van ons moet bly voort werk en nie weggelei word deur hoe God met ander werk nie. Soos Christus gesê het, “**volg jy My**”! Vir sommige van ons mag dit ewenwel beteken om vir God te sterf. Moenie moed verloor nie—moenie ingee nie—moenie mense vertrou nie al is u op die punt om te sterf. **VOLG net vir CHRISTUS.**

Vir Petrus was hierdie ‘n sware beproewing, maar Christus het hom in wese vertel, “**Volg my tot jou dood!** Moenie oor Johannes

bekommererd wees nie!” Hoeveel het u God in u swaarste beproewing lief?

Deur te sê, *Wat gaan dit jou aan as ek wil hê dat hy bly tot ek kom?* het Christus toegelaat dat Sy dissipels moes dink dat Hy dadelik sou terugkeer. Hy het geweet dat Johannes nie sou bly totdat Hy terugkeer nie. Hy het ook geweet dat ‘n gebrek aan kennis hulle ongetwyfeld sou help om gemotiveerd te wees.

Ek het reeds genoem dat, Christus vir Johannes ‘n kragtige werk gehad het om uit te voer. Ek is dankbaar dat God toegelaat het dat Johannes leef en nie Petrus nie, omrede ek glo dat Petrus nie die werk so goed soos Johannes sou kon doen nie. (Net so sou Johannes nie so ‘n effektiewe hoof apostel gewees het, soos wat Petrus was nie.)

Ons kan begin om te sien—indien ons Johannes se panoramiese visie verstaan—dat ons aan Christus se manier van dinge doen onderworpe moet wees. **GOD WEET WAT HY DOEN.** Ons weet so **MIN!** Ons moet nie God uitdaag nie, of optree asof ons mishandel word nie. Die feit is, **GOD HET ONS LIEF**, en indien ons anders sou dink is ons uit voeling met realiteit!

Natuurlik, wetende dat ons ‘n marteldood tegemoet gaan, sal geensins maklik wees nie. Maar wat as ons die geleentheid het om fisies ons lewe vir God te offer, soos wat Christus vir ons gedoen het? Sou dit nie **EDEL** wees nie?

Getuienis—Die Woord Wat Niemand Verstaan Nie

NIEMAND IN HIERDIE WÊRELD WEET WAT DIT BETEKEN OM 'n getuie vir God te wees nie. Meeste van God se eie mense weet nie eens nie!

Om 'n getuie vir God te wees is nie maklik nie, maar dit gaan gepaard met 'n beloning wat jou sprakeloos sal laat. So moenie ophou lees totdat u die inspirerende resultaat aanskou nie.

Die einde van Johannes se Evangelie lees as volg, “Dit is daardie dissipel wat van hierdie dinge getuig en hierdie dinge geskryf het, en ons weet dat sy *getuienis* waar is” (Johannes 21:24) Die Apostel Johannes het ‘n *ware getuienis* gelewer.

Die woord *getuienis* word van die Griekse woord *marturia* vertaal, wat van die woord *martus* afkomstig is, wat *martelaar* beteken. Somtyds vereis die lewe van 'n Christen dat hy vir 'n saak moet sterf. Dit beteken *altyd* dat 'n lewe *afgelê* word—jy jou lewe moet *gee*—vir hierdie saak. Om gemartel te word is slegs die einde van 'n *fisiese* lewe. Wat daarop volg is die EWIGE LEWE.

Die woord *getuig* beteken ook om te *getuig*, en is sinoniem met die woord *getuienis*. Johannes was 'n goeie *getuie*. Hy was gewillig in sy getuienis vir Christus, om aan enige beproewing—selfs die dood—onderwerp te word. Dit is die soort *getuienis* wat Christus van elkeen van ons verwag.

Die woorde *getuig* en *getuienis* OPENBAAR DIE DIEPTE VAN ONS VERBINTENIS EN LIEFDE VIR CHRISTUS. Die woord *getuienis* se

betekenis is egter BAIE KRAGTIGER AS DIE ALGEMENE DAAGLIKSE GEBRUIK VANDAG DAARVAN! Ons moet verstaan wat Christus bedoel wanneer Hy sê “volg My”, of wanneer ons sê dat ons God se werk 100 persent ondersteun.

Dra ons ‘n regverdige getuienis voor in die wyse waarop ons lewe of sterwe?

OM ‘N GETUIENIS TE WEES

Let nou weer op na die begin van Johannes se eerste sendbrief: “Wat van die begin af was, wat ons gehoor het, wat ons met ons oë gesien het, wat ons aanskou het en ons hande getas het aangaande *die Woord van die LEWE*—en *die Lewe is geopenbaar*, en ons het dit gesien, en ons *getuig* en verkondig aan julle die EWIGE LEWE wat by die Vader was en aan ons geopenbaar is” (1 Johannes 1:1-2). Dit handel oor die LEWE—OM VIR EWIG TE LEWE!

Let op: In vers 2 sê Johannes dat hy “getuienis moes lewer en ons daarop wys dat die ewige lewe, wat by die Vader was, aan ons geopenbaar was.” Hy het getuig van die Woord, wie in alle ewigheid saam met die *Vader* geleef het. Hy het van die *Vader* en die *Seun van God*, of die *God-Familie getuig*.

Die een “wat aan ons geopenbaar is” het die grootste offer wat ‘n mens jou ooit kan voorstel, gemaak. Dit was God—die Woord—wat gekom het om “die Vader te verklaar”. Johannes sou ‘n getuie vir Hom wees en ook die *Vader verklaar*”.

Dit is moeilik te verstaan hoe Johannes meer as dit in twee verse kon sê, en is sommige van die woorde se betekenis baie kragtiger as die wyse waarop hulle alledaags gebruik word—wat dit baie meer opwindend maak. Kom ons beskou die woord *getuie*, van naderby.

Geen Bybelse skrywer beklemtoon die woord *getuie* naastenby, soos wat Johannes dit doen nie. Hy het die woord agt keer in sy sendbriewe en een-en-twintig keer in sy Evangelie, gebruik; in die ander Evangelies word dit agtien keer gesamentlik gebruik. Die ‘*Anchor Bible*’ verklaar dat die werkwoord *martyrein*, ‘om te getuig, getuienis te lewer’, en die selfstandige naamwoord *martyria*, ‘getuie, getuienis’, ‘n totaal van 64 keer in [die Evangelie van] Johannes en die sendbriewe (werkwoorde 43 keer, selfstandige naamwoorde 21 keer), gebruik word. Die 33 gebruike van die

werkwoord in die [Evangelie van] Johannes kan met 'n totaal van twee gebruike in die drie sinoptiese Evangelies vergelyk word—'n kontras wat die omvang van die *regs-wetlike* en *verhoor-atmosfeer*, wat [Johannes] se gedagtegang domineer, aandui. Johannes het baie van die wet en beproewinge gepraat. Hoekom? Dit is deur ons gehoorsaamheid aan God se wet van liefde en ons in ons beproewinge te verbly, dat ons God word! Dit is hoe ons God liefhet en aan die mensdom getuig.

Die Apostel Johannes het GETUIE en GETUIENIS meer as al die ander Apostels beklemtoon! Miskien was dit omdat Christus persoonlik, vir hom meer diepte van liefde geleer het. Van daardie liefde gee Johannes te kenne in woorde soos *getuienis*.

'Westcott' sê, "Die boodskap wat [die Apostel] Johannes in sy Evangelie moet oordra is die waarheid, en dit word deur verskeie vorme van *getuienis* aan mense toevertrou. Daar is niks in die sinoptiese Evangelies om vir hierdie besondere ontwikkeling wat hy aan hierdie idee gee, voor te berei nie."

Hoekom plaas Johannes soveel klem op *getuienis*? Die 'Hebrew-Greek Key Study Bible' verklaar dat, 'Martus gebruik word as 'n naam vir diegene wat met die dood moet boet vanweë hulle belydenis vir Christus. In Openbaring 1:5 word Christus DIE GETUIE—'n martelaar—genoem! 1 Petrus 2:21 sê dat ons Sy voorbeeld moet volg.

'Thayers Lexicon' verklaar dat *martus* verwys na, "Voorbeelde wat die krag en opregtheid van hulle geloof in Christus bewys het, deur geweldig te sterf." Met ander woorde, beteken *martus om getuienis te lewer, of om Christus te openbaar*,—OF JY NOU LEWE OF STERWE!

Die woord *getuie* verleen aan ons 'n diepe insig oor wat dit werklik beteken om God lief te hê.

AS ONS NIE IN HIERDIE LIEFDE GROEI NIE, IS ONS STERWEND!

Meeste van God se mense is tans geestelik sterwend. Die stank van mense wat so sterf kan nie geruik word nie, maar God kan dit BAIE DUIDELIK SIEN! VIR 'N VADER OM SY KINDERS TE SIEN STERF omdat hulle hom nie liefhet nie, is ongetwyfeld vir Hom die verskriklikste ding wat Hy moontlik kan sien. Dit is vir ons Vader sekerlik die ergste stank wat daar kan wees!

Die Vader toets en beproef ons om te sien watter soort getuie ons sal wees—hoe lief ons hom het. Dit is bloot natuurlik dat Hy ons

sal toets om te bepaal hoeveel LIEFDE ons, in ons verlowing aan Sy Seun het! 'n Liefdelose huwelik is aaklig.

KAN ONS—AS DIE BRUID VAN CHRISTUS—ONS LIEFDE TOT AAN DIE EINDE, SOOS ONS EGGENOOT DIT REEDS GEDOEN HET, BEWYS?

Let op hierdie sukses verhaal: “Daar was 'n man van God gestuur, wie se naam Johannes was. [die Doper—nie die Apostel nie] Hy het tot 'n getuienis gekom om van die lig te getuig, sodat almal deur hom sou glo” (Johannes 1:6-7) Het die mense Johannes die Doper liefgehad omdat hy van Christus getuig het? Inteendeel—hy was in die tronk gegooi, WAAR HY SY GROOTSTE WERK GEDOEN HET. Tot op die laaste oomblik van sy lewe was hy 'n getuie vir God gewees. Daarna het Herodus *sy kop op 'n skinkbord laat aflewer*. Wat 'n edele einde! Hoekom was hy 'n getuie? Sodat mense 'deur hom sou glo'—beide in sy dag, en vir diegene wat van hom geles het en wat deur die eeue heen van hom sou lees. Wat 'n voorbeeld! Hy het soos Christus gesterf. Dit is 'n goeie voorbeeld van wat dit beteken 'om 'n getuie van die Lig' te wees! Vandag lees ons daarvan en word ons geloof versterk.

VANDAG, TREE ONS IN DIESELFDE GELOOF NA VORE, SODAT ANDER DAARDEUR MAG GLO. DIE VOORBEELDE WAT ONS DAARSTEL IS DIE MEES KRAGDADIGSTE MANIER OM ANDERE TE HELP GLO!

Johannes “het as 'n getuie gekom, om te getuig”. Die *Companion Bible* sê dit beteken, *met die oog OM TE GETUIG; nie maar net 'n GETUIE TE WEES NIE*. Ons moet dit wat ons geleer het, uitvoer—asook bewyse lewer om wat ons sê, te staaf. Ons dae en woorde moet ooreenstem. Al is ons las swaar, gaan ons voort om dit te dra. Dit is ons *plig* om 'n goeie, getroue en eervolle getuie van die Lig te wees.

Vanwee Johannes die Doper se boodskap en die voorbeeld wat hy was, is hy in die tronk gegooi en mettertyd onthoof. Hy het sy alles vir God gegee, en God het daarop gereageer, deur van hom te sê: “Voorwaar, ek sê vir julle, onder die wat uit vroue gebore is, het daar nie een opgestaan wat groter is as Johannes die Doper nie...” (Mattheüs 11:11). Johannes het sy liefde vir God bewys.

Die Apostel Johannes het herhaaldelik die woord *getuie* beklemtoon. Hy het met alle mag op hierdie woord gekonsentreer. Hy wou hê dat ons moes verstaan dat ons hier is, om soos ons Vader se kinders, op te tree—“Wees julle dan volmaak, soos julle

Vader in die hemele volmaak is” (Mattheüs 5:48). Dit is hoe ons getuig—om soos ons Vader en Christus te leef. Dit is hoe ons kwalifiseer om lede in die Familie van God te word.

ONS IS EERBARE GETUIES WANNEER ONS ANDER LIEFHET SOOS WAT CHRISTUS ONS LIEF GEHAD HET! God is liefde, en ons moet die Here se liefde as ‘n leefwyse betuig.

Ons getuienis van liefde—om te gee en te offer vir God se Werk—is hoe ons *uit die wêreld* uitkom. Hierdie is ‘n getuienis wat jy net by God se uitverkorenes sien.

Wat ‘n diepsinnige betekenis het die woord *getuienis* nie!

Ons is geroep om God se boodskap, deur ons voorbeeld en God se werk aan die mensdom, bekend te maak—“dat ALLE MENSE deur Hom mag glo”. Die Werk van God kan nie sonder mense wat sulke voorbeelde stel, gedoen word nie. Die *enigste* wyse dat mense kan *glo* is deur hierdie boodskap, en ons onderrig meesal deur die *voorbeeld wat ons stel*. UITEINDELIK, SAL DIE HELE MENSDOM BEREIK WORD. WAT ‘N GROOT EN EDELE SAAK!

Natuurlik, is dit nie ‘n maklike boodskap om te lewer nie. Mense van die duisternis poog altyd om die lig te vernietig.

SOU ONS VIR GOD OPSTAAN, SAL GOD OOK VIR ONS OPSTAAN! Dit is wat ons wil hê—om aan die einde van alles, daardie soete woorde te hoor: “*Mooi so, goeie en getroue dienskneg! Goeie getuie!*” (Mattheüs 25:21).

OPOFFERENDE LIEFDE

Selfs in hierdie wêreld, sien jy soms ‘n kind wat sterwend is aan kanker of iets soortgelyks, en ‘n ouer wat so vol liefde is dat hulle enigtiens sal doen om in die plek van daardie kind te sterf.

Dit is slegs *phileo*, of broederlike liefde! Dit is sekerlik die strekking van die soort liefde waarvan God praat—waar ons God so liefhet DAT ONS EERDER SAL STERF AS OM ONS HEMELSE VADER TELEUR TE STEL! Moontlik is ons gedagte dat *dit my Vader en my Eggenoot is. Hulle het hul lewe vir my gegee, en ek wil soos hulle wees! Ek wil optree asof ek in hul Familie hoort!* Daarom sal ons baie gewillig wees om te sterf. Dit is die liefde van God. Ons moet ons vorstelike Vader en Jesus Christus liefhê.

Dit is hoe ons Christus se voorbeeld volg. Hy het tot die einde toe van die waarheid getuig. Johannes 18:37 dui vir ons aan dat Hy

voor Pilatus gestaan het, op die punt om te sterf, steeds BESIG OM DIE WAARHEID TE GETUIG! Almal wat om Hom was het dit gesien. Ons lees daarvan en weet ook alles daarvan af. CHRISTUS HET SY VADER EN DIE MENS DOM TOT DIE DOOD TOE LIEFGEHAD.

Laat ek herhaal: Om van die waarheid *te getuig*, beteken om ooreenkomstig God se waarheid te *leef*, selfs al kos dit jou lewe.

Johannes 3:16 bewys dat God die Vader, die wêreld so liefgehad het, dat Hy Sy eniggebore Seun gegee het. Ons bou daardie soort liefde—en waag fisies alles omdat ons die God-Familie liefhet. Dit is die soort familieliefde wat vir ewig hou! Daar is niks mooier as dit nie!

Christus het gesê “As ek van Myself getuig, is my getuienis nie waar nie” (Johannes 5:31). Hy het nie van Homself getuig nie! Sou ons van onself getuig, is ons getuienis vals. Dit is presies wat die Laodicense doen. Ons is hier slegs vir een doel, en dit is om VAN GOD TE GETUIG. *Agape* liefde, of die liefde van God, is nie opdringerig nie—dit getuig van die Vader en die Seun.

God is liefde. Wanneer ons beweer dat ons God word, beteken dit dat ons LIEFDE WORD—soos wat ons vir Hom lewe en sterf.

Tereg sê 1 Johannes 1:2 dat, Christus se ewige lewe as ‘n mens geopenbaar was. IN NEDERIGHEID HET HY TOEGELAAT DAT HY GESLAAN WORD TOTDAT HY NIE EERS MEER SOOS ‘N MENS GELYK HET NIE (Jesaja 52 en 53). Dit is hoe Hy vir God getuig het! “Want hierdie gesindheid moet in julle wees wat ook in Christus Jesus was. Hy, wat in die gestalte van God was, het dit geen roof geag om aan God gelyk te wees nie, maar het Homself ontledig deur die gestalte van ‘n dienskneg aan te neem en aan mense gelyk geword; en in gedaante gevind as ‘n mens, het Hy homself verneder deur gehoorsaam te word tot die dood toe, ja, die dood van die kruis” (Fillipense 2:5-8). GOD VERLANG DAT ONS MOET DINK SOOS WAT HY DINK! Dit is waaroor bekering gaan. Ons moet die omvang van Vader en Seun se offer verstaan, en nie oor onself dink nie. Ons is almal in selfsugtigheid gedompel. Hierdie is ‘n OPOFFERENDE liefde.

Christus het gesê, “n Nuwe gebod gee Ek julle, dat julle mekaar moet liefhê; soos EK JULLE LIEFGEHAD HET, moet julle ook mekaar liefhê” (Johannes 13:34). Hierdie is nie ‘n letter-van-die-wet gehoorsaamheid nie. IS ONS INSTAAT OM DAARDIE ONGELOOFLIKE DIEPTE—OM ANDER LIEF TE HÊ SOOS WAT CHRISTUS ONS

LIEFGEHAD HET—TE BEGRYP? DAARBY VERLANG HY DAT ONS GOD SO MOET LIEFHÊ SOOS WAT HY GOD LIEF GEHAD HET. Hy het dit ‘n “nuwe gebod” genoem, omdat dit slegs moontlik is om met die Heilige Gees dit te gehoorsaam—dit is dat ons die DIE HEILIGE GEES IN ONSSELF INNEEM en dan die opregte *LIEFDE VAN GOD* betuig! Dit is hoe ons waarlik vir God en vir mekaar opofferings maak, SOOS WAT CHRISTUS DIT GEDOEN HET.

Lees asseblief daardie vers en paragraaf weer en maak seker dat dit verstaan word! Heel waarskynlik sal ons nie ‘n meer diepgaande onderwerp in die hele Bybel vind nie!

Hierdie is EGTE, OORVLOEDIGE LEWE—SELFS AL STERF ONS FISIES! In my bediening oor die jare heen, het ek etlike mense gesien wat fisies voor my oë vrot—en steeds tot aan die einde getrou teenoor God gebly het! Alhoewel dit sekerlik van die grilligerste gesigte is om te sien, is dit terselfdertyd vanuit God se oogpunt een van die MEES EDELSTE VOORBEELDE op aarde! Wanneer iemand in sulke omstandighede getrou bly, GETUIG hy of sy VAN DIE VADER! Wat ‘n ongelooflike, kosbare skoonheid is dit nie! Ek weet dat ek weer daardie mense gaan sien, en dat hulle vir ewig sal lewe! Na hul opstanding sal hulle daardie beproewing nie vir baie lank onthou nie, daar hulle EWIGE LEWE SAL HÊ!

Is *u* bereid om God te vertrou om u nou te genees, of in die opstanding? *Wel gedaan, goeie en getroue dienskneg*, is wat Hy sal sê sou ons Hom tot aan die einde toe vertrou.

E W I G E L E W E

In 1 Johannes 5:6 word verklaar, “DIT IS DIE GEES WAT GETUIG”. OM SÓ GETUIENIS TE LEWER IS NIE *FISIES* MOONTLIK NIE. Sonder God, is ons tot niks instaat nie! *Slegs* die Gees van God kan iets so magtig en wonderlik tot stand bring!

Soos ek reeds geskryf het, die Heilige Gees is die grootste geskenk in die heelal. Toe Christus opkom uit die doopwaters uit, het Hy gesien hoe die Gees van God “soos ‘n duif neerdaal en op Hom kom” (Matthëus 3:16). God wil hê dat ons moet besef, dat wanneer ons gedoop word, ONS DIE EWIGE LEWE IN EMBRIO ONTVANG! Dit is IN ONS! Wat is dit werd? Ons kan ALLE DINGE met die Gees van Christus in ons doen (Filipense 4:13). Net soos

Johannes die Doper, kan *ons* met daardie Gees, van die Lig getuig. Ten einde laaste, sal ons ook daardie woorde, *wel gedaan*, hoor. Wat 'n toekoms is dit wat God ons aanbied.

Soms kan ek insien hoekom hierdie lewe so gevaarlik moet wees. Met dit wat op ons wag, wat so verhewe en wonderlik is, kan daar sekere gevare-en risikos op ons weg daarheen, wees! Selfs God die Vader en Jesus Christus het die uiterste risiko gewaag omdat dit so ontsagwekkend is—DIE ALLER GROOTSTE PRESTASIE WAT GOD KON UITVOER: WAS OM HOMSELF TE HERSKEP!

IN DIE BOESEM VAN DIE VADER

“Wat ons gesien en gehoor het, verkondig ons aan julle, sodat julle ook gemeenskap met ons kan hê; en ons gemeenskap is met die Vader en met Sy Seun, Jesus Christus” (1 Johannes 1:3). Ons gemeenskap is met die Vader en met Sy Seun.

Die Vader word eerste genoem omdat Hy die Hoof van die Familie is. HIER IS EEN VAN DIE MEES DIEP-GEWORTELDE WAARHEDE IN DIE BYBEL. SOOS WAT ONS GROEI, WORD HIERDIE BEGRIP VERSTERK EN WORD ONS LEWENS BAIE MEER VERRYK.

Daar is 'n menigte bouse invloede in hierdie wêreld wat ons fisiese families vernietig. Satan is bewus daarvan dat hy nasies kan vernietig, deur families te vernietig!

Die fisiese familie is 'n voorbeeld van God se Familie van liefde. Satan weet dat hy geestelike Israel (God se Kerk) kan vernietig sou hy die God Familie visie vernietig!

Satan het God se Werk vernietig, deur die Laodicense te verlei, om hulle Vader te onteer (Maléagi 1:6). Derhalwe het hulle nie langer gemeenskap met die Vader en Jesus Christus nie. EERSTENS HET SATAN HULLE BEGRIP VAN DIE VADER VERNIETIG. Die gevolg hiervan was dat die Kerk verdeeld geraak het en het 95 persent van God se mense opgehou om hulle Vader te eer. Dit is hoe die Laodicense hul verlowing met die Seun verbreek het. Nou kan Christus hulle nie langer lei om Sy werk te doen nie. Hulle het God nie lief genoeg om Sy werk te doen nie.

Wat is die *Evangelie*? Dit is die goeie nuus van die komende Koningkryk, of Familie, van God. So, SOU ONS DIE VADER NIE EER NIE, BETEKEN DIT DAT ONS DIE EVANGELIE VERLOOR het—dan het ons die enigste begrip wat werklik tel, verloor!

Ons gemeenskap moet verband hou met die God Familie en ons verlowing aan Christus. **ONS KAN GEENSINS BEGIN OM SULKE DIEPTE SONDER GOD SE HEILIGE GEES, TE PEIL NIE.** Die wêreld het nie 'n benul wat gemeenskap met God is nie—daar hulle afgesny is (Genesis 3:22-24). Indien ons gemeenskap nie met die Vader en die Seun is nie, is ons maar net nog 'n Kerk wat mislei is.

Herbert W Armstrong was 'n vader vir God se Kerk (net soos Paulus 'n vader vir die Korinthiërs was; 1 Korinthiërs 4:15). Almal van ons is óf direk of indirek deur hom na die Here toe gelei. Mnr. Armstrong is deur God gebruik om ons in 'n liefderyke Familie-gemeenskap te verenig.

Die Laodicëers het Mnr. Armstrong se amp en meeste van God se openbaring deur hom, verwerp. **DIT WAS DIE ENKELE MEES BETEKENISVOLLE WYSE WAAROP HULLE GEMEENSAP MET DIE VADER GESTAAK HET.** Is dit logies moontlik vir iemand om familliegemeenskap met God te hê en die man wat deur God gebruik was om alle dinge te herstel, te verwerp?

Die Vader word 17 keer en die Seun 25 keer in Johannes se sendbriewe genoem. Johannes gee ons 'n deeglike oorsig van die God Familie. Hierdie waarheid is nie net 'n *leerstelling* van die 'Philadelphia Church of God' nie, terselfdertyd het die Kerk ook *gemeenskap* met die Vader en die Seun.

Ons kan die mees persoonlike verhouding met ons Vader hê. **JOHANNES VERTEL IN SY EVANGELIE DAT CHRISTUS ONS IN DIE "BOESEM VAN DIE VADER" IN, SAL LEI (JOHANNES 1:18).** IN HIERDIE WÊRELD IS DAAR NIE NAASTENBY ENIGE WAT EERS NABY KOM AAN DAARDIE VLAK VAN INTIMITEIT NIE.

Om in die *boesem* van die Vader te wees is om die uiterste liefde vir ons Vader te hê. Geen ander nabyheid bestaan in die heelal wat so innig soos hierdie verhouding is nie. **ONS KAN IN DIE BOESEM VAN DIE VADER WEES! HOE KAN ONS HIERDIE NABYHEID OPENBAAR? DEUR DIE GOD FAMILIE BOODSKAP AAN DIE WÊRELD TE VERKLAAR SOOS WAT JOHANNES DIT GEDOEN HET.** Ander gelowe verstaan nie wie en wat God is nie. Hulle begryp nie die Vader se boodskap nie. Hulle verstaan nie eens by benadering, wat dit beteken, om in die *boesem* van die Vader te wees nie.

Dit is 'n behoefte dat elkeen van ons in hierdie gemeenskap, met die Vader en die Seun, kragtiger groei. *Alleenlik*, Jesus Christus kan

ons in “die boesem van die Vader” inlei. Dit is die diepsinnigste soort familie gemeenskap wat daar is.

Wat ‘n kragtige woord—*boesem!* Christus is in die *boesem* van die Vader en Hy lei ons in daardie selfde ryk, en diep Familie verhouding, in. Hierdie woord beskryf die diepte van ons liefde vir die Vader en die Seun.

Is daar enige ander woord wat ons God Familie liefde, duideliker as *boesem* kan beskryf?

VOLKOME BLYDSKAP

“En ons skrywe hierdie dinge aan julle, sodat julle blydskap volkome kan wees” (1 Johannes 1:4). Moet nie vergeet, dat hierdie boodskap hoofsaaklik vir die laaste uur is nie. God wou hê dat Sy Kerk in hierdie eindtyd in staat gestel word om hierdie woorde te kan bestudeer. Hy wil hê dat gemeenskap met die Vader en die Seun inniglik deur ons gepeil word—“SODAT ONS BLYDSKAP VOLKOME KAN WEES,” SELFS IN ‘N VURIGE BEPROEWING, SOOS WAT JOHANNES ERVAAR HET.

IS DIE PCG VOL VREUGDE? DIT BEHOORT TE WEES. OMDAT ONS BINNEKORT VIR CHRISTUS GAAN HELP OM HIERDIE WÊRELD MET VREUGDE TE VUL. Dit is die rede waarom ons hierdie boodskap in ‘n boekie skryf, sodat ons dit kan bestudeer en tot die diepte van God se liefde kan deurdring. Christus gaan binnekort terugkom!

Satan is vol *ellende*, en hy begeer om ons gemeenskap met God en die volkome vreugde wat dit bring, te vernietig.

Ons leraars moet ‘n voorbeeld van vreugde vir die gemeentelede daarstel—om medewerkers van hulle blydskap te wees (2 Korinthiërs 1:24).

Sou ons ‘n gebrek hê aan daardie vreugde, moet ons op ons knieë bly, todat ons dit verkry!

Kindertjies wat behoorlik opgelei is, is vol vreugde, en inspireer hulle volwassenes om ook vreugde te hê. Geestelike kinders behoort ook vreugde te hê sodat hulle ander kan inspireer. Ons sal hierdie voorbeeld stel, indien ons toelaat dat die Vader ons lewens regeer. Dit sal *volle vreugde* bring! Ons moet soos kindertjies word (Mattheüs 18:1-3). Wanneer ons in onderdanigheid God liefhet, sal Hy ons Sy vreugde gee. VOLKOME VREUGDE KOM ALLEENLIK DEUR GEMEENSAP MET DIE VADER EN DIE SEUN TE HÊ, WAT ‘N GEPANTSERDE WAARBORG VAN GOD IS!

DIE VISIOEN

Die eerste vyf verse van 1 Johannes is die fundamentele visie van Johannes se sendbriewe. Kom ons beskou hierdie verse as 'n eenheid en bepeins hulle gesamentlik. “Wat van die begin af was, wat ons gehoor het, wat ons aanskou het en ons hande getas het aangaande die Woord van die Lewe—en die lewe is geopenbaar, en ons het dit gesien, en ons getuig en verkondig aan julle die ewige lewe wat by die Vader was en aan ons geopenbaar is—wat ons gesien en gehoor het, verkondig ons aan julle, sodat julle ook gemeenskap met ons kan hê; en ons gemeenskap is met die Vader en met sy Seun, Jesus Christus. En ons skrywe hierdie dinge aan julle, sodat julle blydskap volkome kan wees. En dit is die verkondiging wat ons van Hom gehoor het en aan julle VERKONDIG: God is lig, en geen duisternis is in Hom nie” (1 Johannes 1:1-5). Waarlik hierdie is een van die mees inspirerendste visioene in die Bybel. Hierdie is die ongelooflike visioen wat God se Kerk in die era van Éfese verloor het. En dit is waarom die meeste lidmate toe en tans in opstand gekom het!

Meeste mense smag om sonskyn en lig. Ons moet leer om na *geestelike* lig te smag. Met hierdie lig, kan ons *sien* hoe om ons probleme op te los. God se lig moet ons bese menslike natuur verander. Met Christus in ons, is ons die lig in hierdie donker en bese wêreld. Binnekort sal ons Christus behulpzaam wees om hierdie wêreld met lig te *vul*.

Omdat die Laodicense nie in God se lig is nie, is hulle blind. Hulle ontvang geen nuwe openbaring van God, om hulle rigting te gee nie. Hul werk is slegs 'n klein menslike poging.

In vers 1, het Johannes die Woord beklemtoon en verheerlik. Hoekom? Die Vader het alles deur die Woord geskep (Efésiërs 3:9). Die Woord, wat ewig is, het daarna na die Aarde gekom, is as 'n mens gebore, en het vir die mensdom gesterf.

Woord beteken Woordvoerder. Hy praat namens die God-Familie, en wat 'n *boodskap* het Hy vir die mensdom!

JOHANNES GEE AAN ONS GOD SE VOORUITSIG—SODAT ONS DIE VISIOEN KAN SIEN SOOS WAT GOD DIT SIEN! Sou ons dit deur God se oë sien, sal ons nooit tou opgooi nie.

Johannes is die *enigste* Nuwe Testamentiese skrywer wat die Woord, met hoofletter *W*, verduidelik. Daar is ongelooflike diepte in die Griekse woord *Logos*. Hierdie was moontlik 'n groot deel van

wat Christus vir Johannes geleer het, toe Hy so baie tyd saam met Johannes bestee het. Johannes beskryf die Logos in sy Evangelie, sy sendbriewe en in die boek van Openbaring. Die woord *Logos* verhelder die God-Familie op 'n skouspelagtige wyse. **LOGOS KAN DIE MEES ONTHULLENDE WOORD IN DIE BYBEL WEES!** Hierdie is 'n enkele woord wat diepte en betekenis aan God se meesterplan verleen. Sou ons die betekenis van hierdie een woord begryp, sal ons weet dat 'n God Wese na hierdie Aarde gekom het, na Lucifer se opstand, om 'n nuwe plan vir die mensdom in werking te stel. (Ons inspirerende boek '*The Incredible Human Potential*', verduidelik hierdie asemrowende meesterplan.)

Die Apostels wie met “ons hande getas het . . . aangaande die Woord van die lewe, het saam met Hom vir 3½ jaar geleef en het Hom intiem geken. Johannes wou nie hê dat hy of enige van God se dissipels van daardie era en toekomstige eras, ooit moes vergeet wie die Woord was nie.

Hierdie was die Logos wat voordat daar enige skepping was, saam met God was—en vervolgens het Hy Aarde toe gekom en vir ons gesterf.

DIE WOORD HET VLEES GEWORD—GOD HET 'N MENS GEWORD—SODAT ONS KINDERS VAN GOD MAG WORD! DIT IS GESKIEDENIS WAT UITERS KRITIES IS, WAT ONS NIE MAG TOELAAT DAT SATAN DIT VAN ONS AF WEGNEEM NIE.

Hierdie Logos het die “Seun van die Allerhoogste” geword. Nou is daar 'n Vader en 'n Seun—Familie. Die mensdom in geheel sal genooi word om deel van daardie Familie te word en die heeral te regeer, 'n taak waarvoor die engele nie gekwalifiseer het nie!

Hierdie geskiedenis en visioen van die *Woord* het verhoed dat Johannes sy eerste liefde verloor. Die meerderheid in die Éfese era (eerste eeuse Kerk) het hulle eerste liefde verloor omdat hulle hierdie visioen verwerp het.

Vers 5 vertel ons dat ons hierdie visioen moet verklaar. Dit is die Woord se boodskap, wat **VERKLAAR** moet word sodat mense met die Vader en Sy Seun gemeenskap kan hê! Om hierdie God-Familie boodskap te verklaar, moet ons grootste passie in die lewe wees.

Word u en ek hierin beskryf?

GEEN WONDER JOHANNES HET AANHOUDEND GEPRAAAT OOR DIE BEKENDMAKING VAN HIERDIE VISIOEN. HIERDIE IS DIE MEES

GEÏNSPIREERDE BOODSKAP WAT DAAR IS OF OOIT KAN WEES! Hy kon homself skaars betuel en het hy in hierdie verband na die Kerk en die wêreld uitgeroep oor die super-ongelooflike toekoms vir die mensdom. Hy het ook 'n paar volgelinges gehad wat gewillig was om hulle lewens af te lê om hom te help, ongeag hoe moeilik die vervolging ookal was. WAT GOD GEOPENBAAR HET, SOU VERKLAAR WORD.

Dit is die inspirerende gedeelte—om vir God 'n *getuie* te wees.

Ons Eggenoot is die Woord—die Woordvoerder. Ons is Sy bruid en moet Hom help om hierdie ongelooflike en ontsagwekkende visie uit te dra. DIE ENIGSTE MANIER WAAROP CHRISTUS SY BOODSKAP VANDAG KAN VERKLAAR—IS DEUR SY BRUID! Ons toon ons liefde vir ons Eggenoot wanneer ons Sy boodskap verklaar. Dit is hoe Christus *se vrou haarself gereed maak* (Openbaring 19:7).

LAAT EK HERHAAL *HOEKOM* JOHANNES SO DIEPSINNIG WAS. Vanweë sy intieme verhouding met Christus, KON HY DIE VOORUITSIG VAN SY SKEPPER SIEN.

Die ander dissipels is almal gedood, Johannes egter, het bly leef en leer, en as 'n ou man gesterf. Hy het aanhoudend “die diep dinge van God” ondersoek. En God het hom gebruik om ons almal te leer.

GESALFDES SAL IN DER EWIGHEID NOOIT WEER 'N GROTER GELEENTHEID VIR GLORIE KRY NIE!

Watter openbaring ookal deur God geopenbaar word, moet deur ons verklaar word, of ons word skuldig aan die bloed van die wêreld. Tragies egter, het Johannes nie naastenby genoeg hulp van God se mense gekry nie, net soos dit vandag ook met ons die geval is. Nietenstaande word die boodskap bekend gemaak.

In hierdie vyf fundamentele verse, word die skepping van die engele deur Johannes oorgeslaan, omdat God nou weet dat die engele nie kwalifiseer om oor die heelal te regeer nie. Alleenlik God se kinders, wat Sy karakter het, kan die heelal regeer. God herskep Homself nou, deur ons, vir daardie grootse verantwoordelikheid.

Ons word nou gelas om die karakter van ons Vader te bou (Mattheüs 5:48). Aan die engele was daar nooit so 'n voortreflike doelwit gegee nie. Daarom dat ons sulke intensiewe beproewinge en toetse moet deurmaak. DIE UITVERKORENES WORD VOORBEREI OM DIE ENGELE, DIE HEELAL EN ANDER KINDERS VAN GOD TE

REGHEER! Vir hierdie mees verheerlikte roeping wat God ooit aan enige iemand sal gee, moet ons gekwalifiseerd wees. ONS IS GOD SE FAMILIE—BESTEM OM HEELAL BOUERS TE WEES!

Die Duitse politikus, Franz Joseph Strauss, het van die pragtige Ambassador Kollege, tydens Meneer Armstrong se administrasie gesê, 'Jy sien wat jy vir die wêreld kan doen, wanneer jy Ambassador Kollege sien'.

Vandag het ons die Herbert W Armstrong Kollege, wat op dieselfde grondslag as Ambassador Kollege gemodelleer is. Sodra die prag van beide kampusse gesien word, KAN DAAR GESIEN WORD WAT ONS OOK VIR HIERDIE WÊRELD EN DIE HEELAL KAN DOEN!

Meneer Strauss het van sy voldag besoek aan Ambassador Kollege gesê, 'Dit was die grootste geestelike opheffing wat ek ooit gehad het.' Net 'n *voorsmakie* van God se meesterplan is besielend. Begrip van die God-Familie sal *altyd* besielend wees! Dan begin ons om ver—ver—ver in die toekoms in, wat met onbeskryflike potensiaal en volle vreugde gevul is—te sien! Binnekort sal ons ook sien hoe hierdie bese, hopelose, wêreld tot 'n kortstondige en katastrofiese einde, kom.

DIE DOEL VAN ONS WERK

'n God het vanuit die noordelike hemele na die Aarde toe gekom, en vlees en bloed geword, en die verlies van 'n ewige lewe gewaag. MISLUKKING SOU DIE VADER AS ENIGSTE OORBLYWENDE GOD TOT IN ALLE EWIGHEID TOT GEVOLG GEHAD HET.

Bestee meer tyd en bedink wat 'n mislukking dit vir die Vader sou beteken het—om vir die res van alle ewigheid as die enigste God in die heelal deur te bring! Nou kan 'n beter begrip verkry word oor watter soort liefde Hy vir Sy skepping het.

Kan ons hierdie *liefdevolle offer* van God werklik peil? Hierdie waarheid wat heelal-skuddend is, is 'n uitdaging vir ons verbeelding, en ons is begunstigdes van hierdie ongeëwenaarde liefdesdaad.

'n "Ewige Lewe" wat God was, die Woord, het gekom en Sy lewe vir ons neergelê. Hierdie wete behoort die mensdom met ongeëwenaarde opwinding te vul, meer as enigiets wat ooit die verbeelding kan aangryp. Die moontlikheid van biloene kinders in die God-Familie het hier begin.

VANWEË ONS ONDERRIG VAN HIERDIE GOD VERORDINEERDE BOODSKAP, WORD ONS FEITLIK MET NUWE OPENBARING OORLAAI! DIT BEHOORT VIR ONS 'N AANDUIDING TE WEES WAT HIERDIE BOODSKAP VIR DIE VADER EN DIE SEUN BETEKEN. Openbaring kom deurdat ons, ons Vader en ons Eggenoot eer.

DIE INNIGSTE SOORT *EENHEID* IS NET VAN GOD AFKOMSTIG. DIT IS DIE EENHEID WAT GOD EN DIE LOGOS VIR ALLE EWIGHEID GEHAD HET, EN IS DIE ENIGSTE TOEKOMSTIGE LEWE WAT DAAR IS. ENIGIETS ANDERS HET BETREKKING OP DIE EWIGE DOOD!

Die 12 dissipels het hierdie Woord-God in die vlees gesien, aangeraak en betas. Johannes sê dat hulle deur vreugde oorweldig was. Hulle het verstaan hoe God en die Woord, die Vader en Seun geword het—asook wat die betekenis daarvan vir elke mens is.

DIE DOEL VAN ONS WERK IS OM DIE GANSE MENSDOM IN GEMEENSAP MET DIE VADER EN DIE SEUN TE BRING! Lees dit asseblief weer 'n keer.

Lidmate van die Kerk in Efése het God se werk laat vaar, omdat hulle hul eerste liefde verloor het. Die hedendaagse Laodicense het die werk laat vaar, omdat hulle blind vir hierdie visioen geword het. Enigeen wat in gebreke bly om te sien waarom ons hierdie werk doen, is blind!

Ons is die egte uitverkorenes van die *eersteling*. Binnekort sal die hele wêreld met die vrugte van die herfsoes gevul wees. Die ganse mensdom sal een van gees, een geloof, een liefde, een hoop wees. Elke mens sal vir God 'n getuie wees!

HIERDIE IS NIE MAAR 'N BEPERKTE MENSLIKE VISIE NIE, DIT IS *GOD SE ONBEPERKTE VISIE*. DIT IS 'N VISIOEN WAT ALLE RASSEGESKIL EN NASIONALE GRENSE VERWYDER. ONS WORD ALMAL EEN GOD-FAMILIE.

Wat 'n roerende toekoms! Daar is niks wat diepsinniger as dit is nie. Dit is my hoop dat ons die sendbriewe van die “dissipel vir wie Jesus liefgehad het”, biddend sal bestudeer. Dan sal ons kan sien hoedat Christus vir ons almal deur Johannes liefgehad het.

Wat 'n visie van liefde en van ewige majesteit!

'N FAMILIE VAN VREUGDE

GEMEENSAP MET DIE VADER EN SEUN SAL JOU NOOIT MOEDELLOS OF NEGATIEF LAAT VOEL NIE! Inteendeel, gebeur

net die teenoorgestelde. JY WORD LEWENDIG SOOS NOG NOOIT VANTEVORE NIE.

IS GOD MOEDELOOS? VREUGDELOOS? NEGATIEF? *Nooit!* ONS MOET DIE GEES VAN DIE GOD FAMILIE, ONTVANG EN DIT ONTWIKKEL! Dit is gemeenskap wat VIR ALLE EWIGHEID gewerk het. Ons weet, dat dit nou—of wanneer ookal—sal werk.

Ons het vreugde in vurige beproewing omdat ons hierdie visie besit. Ons weet dat ons opstanding na ewige glorie ontsettend naby is. Dit is so wesenlik dat ons in ons ergste beproewing verheug kan wees. Dit is hoe ons volkome vreugde het.

Sien mense ons as daardie tipe van persoon? Het ons volle vreugde? (Dit beteken egter nie dat ons nie pyn het en soms teen depressie moet stry nie.)

Die Apostel Johannes was vol vreugde, terwyl die meeste van die lidmate hartseer en afvallig geword het. Hy het aangehou om 'n getuie vir God die Vader en die Seun te wees, selfs in gevangenskap.

'n Mate van vreugde kan in fisiese families gesien word, wat egter baie klein in vergelyking met ons God-Familie is—wat in volle vreugde gemeenskap het.

Hierdie eerste vyf verse het ongelooflike diepte. Dit is die boodskap wat Johannes van die Logos ontvang het. Hy het dit verklaar, en ons moet dieselfde doen. Wat deur ons Vader en Sy Seun geopenbaar word, moet deur ons verkondig word. Hierdie boodskap is vol geprop met *hoop*.

Oordink gerus die eerste vers. Eerstens, is dit om te beklemtoon. Hierdie pragtige vers moet bestudeer, oor nagedink-en oor gebid word, sou ons dit ten volle wil verstaan.

SMAGTEND OM TE VERKLAAR!

Herbert W. Armstrong Kollege bestaan om hierdie boodskap aan die wêreld te gee. 'n Boodskap wat vir die hele mensdom bedoel is. Die teenoorgestelde van die negatiewe “vrugte” wat ons in Satan se wêreld te siene kry, word voortgebring.

Laodicense gemeentelede het hier die pad byster geraak. Satan het hulle begeerte en krag om *getuies* te wees, vernietig, wat tot gevolg gehad het dat hulle nie langer die Vader se boodskap wou verklaar nie.

Johannes se boodskap word so gou as wat ons kan, verklaar. DIE TAAK VAN ONS LERAARS IS, OM ONS LEDE TE HELP OM DIE WERK VAN GOD 100 PERSENT TE ONDERSTEUN—SODAT ONS DIE WERK SO SPOEDIG MOONTLIK VOLTOOI. ONS IS IN DIE *LAASTE UUR!* Ons moet werk terwyl ons kan, *VOORDAT* hierdie wêreld in die Groot Verdrukking gedompel word.

Ek het Joe Tkach Snr. in 1988 besoek. Toendertyd het hy my meegedeel dat die 'WCG' hulle fokus na Ambassador Kollege gewysig het. Hy het nie langer begeer om die boodskap wat Mnr. Armstrong aan die wêreld bekend gemaak het, te verprei nie. Die nuwe Kerk leierskap het nie langer op God se opdrag en werk gefokus nie. Die Kollege het die doel geword, eerder as die middel tot die doel.

Ambassador Kollege is nou dood. Die 'Worldwide Church of God' verkondig nie meer die belangrike boodskap aan die wêreld, soos Mnr. Armstrong dit vir meer as 30 jaar gedoen het nie. In vergelyking daarmee, het dit feitlik geen werk meer nie! *En selfs dit is slegs 'n besoedelde oorblyfsel van God se werk wat deur Meneer Armstrong verrig was!*

Toe ons geroep was, was die meeste van ons so opgewonde en vol vreugde oor God se boodskap, dat ons dit met enigeen wat wou luister bespreek het. Weldra het ons egter besef dat God nog nie daardie mense roep nie. Somtyds het ons, self vervolging veroorsaak.

Nietemin was die emosies goed. Sulke emosie, behoort ons in God se werk in te kanaliseer, soos wat Johannes dit gedoen het. Ons moet vurig hunker om ons boodskap van vreugde te verklaar, sodat almal 'n geleentheid kan kry om tot bekering te kom. Ons behoort so opgewonde en vol vreugde oor hierdie boodskap te wees, dat ons geïnspireer sal wees om dit te ondersteun.

Behou daardie emosie en gebruik dit om hierdie boodskap te ondersteun. Dit behoort ons te beweeg en aan te spoor om hierdie ontsagwekkende visie met ander te deel!

Sou mense nie nou ons boodskap aanvaar nie, sal Christus, wanneer al die Bybelse profesieë vervul word tydens die Groot Verdrukking en die Dag van die Here, baie van hulle help om dan tot bekering te kom.

ONS MOET KAN SIEN DAT HIERDIE BOODSKAP ALLES VIR 'N STERWENDE WÊRELD BETEKEN! Dit moet nou—in hierdie "laaste

uur”—verklaar word. Dit is ‘n boodskap van die Logos, wat saam met die Vader was.

God het Elia gestuur om alles te herstel. Dit was ‘n verbasende boodskap wat vir twee millennia nie oor die wêreld heen, gehoor was nie!

Meneer Armstrong het van die vroegste kollege dae tot aan die einde, prominente, God-geïnspireerde redenaars klubs bedryf. Daar was ook navorsing en skryfklasse. DIE STUDENTE WAS NIE NET DAAR OM DIE BOODSKAP TE BESTUDEER NIE. HULLE WAS OOK GELEER HOE OM DIT MEE TE DEEL, beide in hierdie leeftyd en ook in die Millennium.

In Herbert W. Armstrong Kollege word studente geleer hoe om soos konings en priesters te skryf en te praat. Ons het ‘n boodskap wat aan die ganse mensdom meedeel moet word!

Ontvangs van God se boodskap is net helfte van die verantwoordelikheid. Die ander deel is om dit mee te deel. En wat ‘n kommunikasiewerk is dit nie! **HIERDIE BOODSKAP MOET AAN ELKE PERSOON WAT OOI T GEBORE IS, GEGEE WORD!**

Wat beteken die boodskap indien dit nie *verklaar* en *andere daarin onderrig* word nie? **WAT ‘N MISLUKKING SAL DIT NIE WEES AS ONS NIE ONS VADER SE BOODSKAP VERKONDIG NIE!** Wat ‘n ramp. Nou is dit die tyd om vir God ‘n getuie te wees.

Dit is immers die doel van hierdie werk. Ons verklaar God se boodskap by wyse van televisie, in tydskrifte, boeke en oor die Internet—en enige ander moontlike manier om ‘n hoë gehalte lewering daarvan te bewerkstellig.

In die media van vandag, wentel alles om sport en vermaak—insluitende vrot musiek en pornografie. Solank as wat daar geld te make is, word geen ag geslaan op die moontlike benadeling van ons mense daardeur nie. Al hierdie dinge word deur die god van hierdie wêreld geïnspireer (2 Korinthiërs 4:4). ‘n Verkeerde boodskap word vandag deur die mensdom ontvang.

Die Verenigde State van Amerika versprei sy pornografiese fliks en onweloweglike musiek die wêreld oor, deur die Internet. Die wêreld word meer en meer aan boosheid verslaaf totdat, “die goddelose die maat volgemaak het” (Daniël 8:23). God sal binnekort hierdie wêreldse smerigheid beëindig.

Amerika en Brittanje besit die beste tegnologie ter wêreld, en is beter toegerus as wat enige ander nasie ooit toegerus was, om ‘n

boodskap te lewer. Ons boodskap aan die wêreld, word deur die ergste pornografiese smerigheid wat die mensdom ooit gesien het, oorheers! Dit is Amerika se nommer een besigheid, wêreldwyd. Verdorwe musiek is ons tweede grootste uitvoerprodukt!

DIE WÊRELD IS VOL GEWELD EN GEREED OM IN 'N KERNOORLOG TE ONTPLOF. TERWYL AMERIKA SE KRAGTIGSTE BOODSKAPPE AAN DIE WÊRELD, DIE VIESLIKSTE, EN SATAN—GEÏNSPIREERDE GEMORS, WAT OOIT GESIEN OF VAN GEHOOR, IS!

Terselfdertyd, ignoreer ons God die Skepper, wat dwarsdeur Sy Woord waarsku, dat Hy sulke vieslike sonde sal straf. Selfs die mees gewelddadigste terroriste sien ons ongeëwenaarde immoraliteit, en neem aanstoot. Ons glo tog sekerlik dat God ook sal aanstoot neem, maar ons mense gee nie om nie. Ons het in 'n soort geestelike malheid verval, en slegs die ergste soort straf sal ons kan wakker skud. Die Groot Verdrukking gaan die ergste lyding ooit wees. Die straf pas die misdaad. NOG NOOIT VANTEVORE WAS DAAR 'N GROTER BEHOEFTE OM WAKKER TE SKRIK NIE!

Die groot geleentheid wat ons ongeëwenaarde tegnologie bied, maak ons nasies se mislukking om die voordele daarvan te gebruik, onbeskryflik ramspoedig. Die hele wêreld ly geweldig, vanweë daardie mislukking. Nog nooit vantevore was daar 'n groter behoefte vir God se boodskap van hoop, nie.

Ons moet hierdie wêreld die enigste boodskap wat regtig saak maak, gee. Ons sal hulle moet wys hoe om die media te gebruik.

Jare gelede, toe die Soviet Unie nog magtig was, was die Japanese gevra, wie hulle die meeste vrees. Hulle antwoord was, dat hulle Rusland militêr die meeste vrees, maar dat hulle Amerika *kultureel* die meeste vrees. (As ons maar net onself kan sien soos ander ons sien.) Hulle het goeie rede vir daardie vrees gehad. Vandag is die Japanese deurdrenk met Amerika se vieslike kultuur. Ons kultuur vernietig ons eie en ander volke se moraal en sedes. Ons sanik graag oor hoe goed ons is en sing “*God bless America*”—terwyl God Amerika, Brittanje en die Jode in die Midde-Ooste vervloek. Hy sal dit aanhou doen, totdat ons, ons donker sonde sien en tot bekering kom.

Een van die hoof motiveringsredes vir terroriste wat die VSA op 11 September aangeval het, was die impak wat ons siek kultuur op die Arabiese wêreld het. God kan deur bese manne ons straf. Onthou, dat dit Hy is wat Assirië (hedendaagse Duitsland), die onmenslikste

van nasies, teen 'n “*roekelose nasie*” stuur (Jesaja 10:5-7). Die volk Israel—hoofsaaklik Amerika en Brittanje vandag, is skynheilig—*bose mense wat sê dat hulle goed is*. Hulle praat geduring van hoe goed hulle is, maar geestelik is hulle die siekste nasies op hierdie planeet—inaggenome die fisiese seëninge wat God aan hulle gegee het.

AAN DIE BEGIN VAN AMERIKA SE GESKIEDENIS WAS DIT HULLE DOEL OM GOD SE HEERSKAPPY OP AARDE TE VESTIG. SAL U GRAAG DAARDIE DOEL MET DIT WAT ONS VANDAG GEWORD HET, WOU VERGELYK?

Sou ons maar net ons geskiedenis met God wil onthou. Wanneer ons weier om uit die verlede te leer, kan ons nie in die toekoms in sien nie. Ons verloor die oorsig en word blind.

Die ‘PCG’ het 170 akker gekoop en daarvoor, asook al ons geboue betaal. Waarvoor is dit alles? Die rede is, dat ons besig is om gereed te maak, sodat ons Christus kan bystaan om hierdie wêreld en die heelal te regeer!

God het ons geweldig geseën. Nou wil Hy ons verbeelding aanvuur sodat ons die wonderlike en ontsagwekkende toekoms wat hierdie wêreld het, kan sien. ONS HET DIE GROOTSTE, DIE ALLER VOLLEDIGSTE BOODSKAP WAT GOD OOIET GEGEE HET, OM TE VERKLAAR!

Soos Johannes, moet ons nooit hierdie ontsaglike visie van liefde verloor nie! Daarna moet ons vir God *getuig*. Dit is wat hierdie wêreld so verskriklik nodig het.

Ons Advokaat [Voorspraak] Wanneer Ons Sondig

MEESTE VAN DIE VROËER KERK SE LIDMATE HET NIE EENS die boeke wat Johannes geïnspireer was om te skryf, gesien nie. Oorspronklik is die boeke vir hierdie eindtyd geskryf. Naby die einde van sy lewe het Meneer Armstrong geglo dat die Bybel hoofsaaklik vir die eind-tyd Kerk, net voor die wederkoms van Jesus Christus, geskryf was. Hiermee stem ek saam.

Soos reeds gesê, Johannes het 'n diepsinnige begrip van Jesus Christus gehad. Feit is, dat selfs met dit wat in Johannes se geskifte geboekstaaf is, word Jesus Christus nie deur die meeste mense verstaan, soos wat Hy deur Johannes beskryf word, nie. Kom ons kyk na 'n voorbeeld van die feit, wat uniek tot Johannes se skrywes is.

“My kinders, ek skryf hierdie dinge aan julle, dat julle nie moet sondig nie; en as iemand gesondig het, ons het 'n VOORSpraak by die Vader, Jesus Christus, die Regverdige” (1 Johannes 2:1). CHRISTUS IS ONS VOORSpraak, NIE WANNEER ONS REGVERDIG IS NIE, MAAR WANNEER ONS SONDIG. Sou ons sondig dan het ons 'n *Voorspraak* wat ons saak voor 'n regter –in hierdie geval, God die Vader, bepleit.

Ons is almal sondaars. Ons gaan mense, onself—en ons Vader teleurstel. Selfs die bediening is met 'swakheid of met gebreke begrens' (Hebreërs 5:2). Ons almal slaag nie daarin om volmaak soos wat ons Vader is, te wees nie, wat geensins beteken dat gesondig *mag* word nie—dit is bloot erkenning van realiteit.

Wanneer God se mense struikel en sondig, mag ons moontlik dink dat God homself van ons distansieer—skaam vir ons is. Dit is egter nie die geval nie. Begryp ons, dat wanneer ons op Hom leun, word Christus ons *Voorspraak* wat ons saak by God die Vader bepleit? Wanneer ons sonde doen en moontlik daarvoor depressief raak, is Christus voor die troon van God as ons VOORSpraak!

Jesus Christus het in die gedaante van 'n mens gekom en verstaan die vleeslike begeerlikhede. Met die ondervinding kan Hy ons behulpsaam wees om ten volle tot die Vader in elke aspek deur te dring. Hy besit ondervinding wat die Vader nie het nie, dus wil die Vader ook Sy standpunt, verneem. Beide wil absoluut regverdig wees. Die Vader sê aan Christus, *Ek wil verneem wat U oor My kind te sê het. Ons wil sover as wat ons moontlik kan, billik, liefdevol en medelydend wees.* DIE FEIT DAT ONS 'N VOORSpraak HET, BEWYS GOD SE GROOT LIEFDE EN DRIF VIR GEREGTIGHEID. Wat 'n wonderlike Vader het ons nie, wat sal sit en met ons Eggenoot gesels oor hoe om van ons sondes ontslae te raak.

Hierdie aspek gee ons 'n diepe insig van die Vader en die Seun se karakter. Hulle het tot *uiterstes* gegaan om toe te sien dat reg teenoor ons moet geskied. Ons Vader is volmaak en dring daarop aan dat totale reg moet geskied. God is nie 'n aanneemer van die persoon nie. Hy vereis dat elke engel, gevalle engel en elke mens suiwer geregtigheid moet ontvang.

Op hierdie Aarde is, met uitsondering van die uitverkorenes, en ons is ver van volmaak af, niks wat met God vergelykbaar is nie.

Ons moet naarstiglik strewende om ons Voorspraak en volmaakte Vader te verstaan. Ons moet toelaat dat God dieselfde karakter in ons bou. Binnekort sal ons in die God-Familie wees en lewe soos wat die Vader en die Seun vir ewig gelewe het!

Christus het gedurende Sy bediening na die Heilige Gees as 'n 'Trooster' verwys (Johannes 14:16). Die Griekse vertaling van *Trooster* is dieselfde as *Voorspraak* in 1 Johannes 2, alhoewel die konteks die verskil uitlig. Sekerlik is die Heilige Gees 'n besondere vertroosting, wat ons behulpsaam is om sonde te oorwin. Ons het egter ook 'n *ander* Trooster. Christus, *persoonlik* is 'n Trooster, soos Hy tans ons Voorspraak is. Daardie werk doen baie meer vir ons as wat die Heilige Gees doen. Derhalwe het ons twee troosters: Nie net die Heilige Gees nie, maar ook die regverdige Christus help ons om volmaakte geregtigheid te ontvang, deurdat Hy ons

Voorspraak by die Vader is, wanneer ons sondig. Om dit alleenlik te weet is bemoedigend.

Aanmoediger is 'n ander vertaling van *Voorspraak*. Ons weet dat die Heilige Gees in ons, ons aanmoedig. Ons het egter ook 'n *ander* Aanmoediger, selfs wanneer ons sonde doen. Hoe dikwels gebeur dit, dat diegene van ons wat 'n eggenoot is, sien hoe terneergedruk ons eggenote is, wetende dat sy ons bemoediging nodig het? 'n Regverdige eggenoot sal beskikbaar wees, om haar by te staan en te help. Ons word nie deur Christus versoek om dinge in ons huwelike te doen wat Hy nie in Sy huwelik met die Kerk sal doen nie. Buitendien het ons die allerhoogste Eggenoot van alle eggenote.

Efésiërs 5 word die hoofstuk oor huwelike van mense, genoem, alhoewel dit eintlik op Christus en die Kerk betrekking het (Efésiërs 5:32). Huweliksvoorligting aan God se Kerk gaan oor Christus wat met die uitverkorenes trou. Ons fisiese huwelike is 'n *toonbeeld* van ons huwelike met Christus. **ONS MOET STREEF OM ONS FISIËSE HUWELIKE OP DIESELFDE VOORBEELD AS CHRISTUS SE HUWELIK MET DIE KERK TE SKOEI. SLEGS DAN VOLDOEN ONS AAN DIE DOEL VAN 'N GOD VERORDINEERDE HUWELIK.**

Die huwelik is 'n God-gebaseerde verhouding. Dit verg diepe nadenke om God se wonderlike waarheid te besef. Alleenlik God se gemoed in ons, kan hierdie God-gebaseerde heerlikheid begryp!

Vanweë God se liefde vir Sy vrou, is Hy 'n middelaar tussen ons en die Vader. "Daarom kan Hy ook volkome red die wat deur Hom tot God gaan, omdat Hy altyd LEEF om vir hulle in te tree" (Hebreërs 7:25). **HY HET VIR ONS GESTERF MAAR NOU LEWE HY AS ONS HOËPRIESTER EN TREE HY OP ENIGE MOONTLIKE MANIER OP, AS BEMIDDELAAR VIR ONS.**

Ons word gered deur Sy lewe—nie Sy dood nie (Romeine 5:10).

Dit is die teenoorgestelde van hoe baie mense God sien. Vir baie is Hy 'n harde slawedrywer wat gereed staan om te vernietig indien verslapping sou intree. Die werklikheid is egter dat Hy net die teenoorgestelde daarvan is.

Hebreërs 9:11-15 deel ons mee dat Christus die rol van Bemiddelaar en Hoëpriester vul. Die *'Hebrew-Greek Key Study Bible'* sê, "Hy [Christus,] word duidelik die bemiddelaar genoem om die betekenis van 'n pand te wees, en wat 'n *pand* geword het vir

iets.” Ons roeping word deur Christus verseker. Ons het absolute sekerheid indien ons, ons kant bring. Ons word elke moontlike kans gebied omdat die insette so hoog is. WAT ‘N LIEFDE IS DIT NIE VIR ONS NIE!

Op die Dag van Verootmoediging, in Ou Testamentiese Israel, het die Hoëpriester een maal per jaar, ‘n offer in die heiligdom binne die voorhangsel vir homself en die volk gebring en versoening gedoen. Jesus Christus het ons *offer* EN ons *Hoëpriester* geword.

Johannes se voorligting word duidelik wanneer daardie geskiedenis verstaan word. Christus het een volmaakte offer vir almal gemaak, wat egter nie daar eindig nie. Nou is Hy ons *Voorspraak*—wat ‘n deel van Sy werk as *Hoë Priester* is. Talle mense is van mening dat Christus se werk volbring was, ten tye van die kruisiging. Bovermelde waarheid bewys egter dat Christus se werk nie met Sy offer wat Hy gemaak het, geëindig het nie. Die werklikheid is dat dit daar eers begin het. Ons moet die volle prentjie sien.

Dikwels maak ouers aan die begin yslike opofferings vir hul kinders, maar mettertyd versuim hulle om die opvoeding van hul kinders deur te voer. God is beslis nie van plan om die uiterste offer te maak en dan Sy Familie verantwoordelikhede te laat vaar nie. Die Logos het homself GEOFFER en nou VOLHARD Hy in Sy Liefde deur ons Hoëpriester en ons Voorspraak te wees! Die werk is nog nie klaar nie! Daar is steeds baie werk wat nog gedoen moet word. Christus en die Vader doen alles in hul vermoë om ons in die Koninkryk van God in te kry—net soos ons ook enige iets sal doen om ‘n seun of ‘n dogter te help, indien ons ‘n liefdevolle en opofferende, ouer is. God wil hê dat ons in Sy Familie moet wees! Hy sal aanhou met daardie doel voor oë, totdat ons in Sy Koninkryk is!

Ons kan beslis nie bekostig om vanweë ons sonde bedruk te wees nie. Christus verlang dat ons berou moet hê en daardie oortedings versaak. Ons Hoëpriester en Eggenoot LEWE!

“ONS HET ‘N VOORSpraak,” skryf Johannes—”NIE ONS HET EEN GEHAD NIE.” ONS HOËPRIESTER, JESUS CHRISTUS LEWE EN WERK AS ONS VOORSpraak—NOU, OP HIERDIE OOMBLIK! Hierdie woorde is ‘n visie van asemlose prag.

Indien ons dit nie begryp nie, verstaan ons nie wat Christus besig is om vandag te doen nie. Hy is deurentyd baie aktief in ons belang—in *jou* belang.

Ons is verloof aan die *lewende* Christus. Hy is ons Voorspraak wat alles moontlik doen, om ons ewige huwelik te voltrek! Indien ons Voorspraak dit nie doen nie, sal ons dit nooit bereik nie.

Hierdie woorde openbaar ook baie van die Vader, wie ook *lewe* en baie sensitief is ten opsigte van elke belangrike aspek van ons lewens. Dit was Hy, wat Christus se verantwoordelikheid as ons Voorspraak gevestig het. As 'n Vader, is Sy liefde vir ieder en elk van Sy kinders volmaak. Hoe kan 'n Vader met so 'n volmaakte liefde, nie met elke lid van Sy Familie 'n gelyke mate gemoeid wees nie? Hy het nie gunsteling witbroodjies in Sy Familie nie.

HOE INSPIREREND OM TE WEET DAT DAAR SO 'N DIEP LIEFDE JEENS ONS IS!

Siende dat ons soos ons Vader volmaak sal wees, moet ons ook Sy drif vir waarheid en geregtigheid hê. Hy luister wanneer Sy Eniggebore Seun ons saak bepleit. Hy is 'n Vader,—nie 'n koelbloedige Regter nie! Ons moet volmaak word, soos wat ons Vader volmaak is (Mattheús 5:48). Daarom moet ons *ten alle tye* bereid wees om na *enige* voorspraak wat ware geregtigheid oplewer, te luister.

In die Engelse Bybel is dit die enigste plek waar die engelse woord vir *Advokaat* gebruik word. Wat ons help om die wonderlike karakter van God beter te verstaan. CHRISTUS EN DIE VADER DOEN ALLES IN HUL VERMOË OM 'N EWIGE LEWE AAN ONS TE GEE—HULLE WERK HARTSTOGTELIK VIR ELKEEN VAN ONS. Dit is die werklikheid! Alles is op die spel. *Sou ons nie tou op gooi nie, sal ons in God se Familie wees.*

VOORSpraak is nog een van daardie *unieke*, kragtige, sienerswoorde wat Johannes gebruik.

SOMMIGE MENSE GOOI TOU OP WEENS MOEDELLOSHEID. DIT GEBEUR EGTER *NOOIT* INDIEN ONS NABY ONS BEMOEDIGENDE VOORSpraak BLY NIE. God se mense het bemoediging nodig.

Johannes is deur Christus geleer hoe kragtig en betekenisvol die oorspronklike woord, *Voorspraak*, was. Dit beteken *Goddelike-Voorspraak*, nie menslike voorspraak nie. DIE VADER WORD DEURENTYD IN DIE PRENTJIE INGEBRING. Christus is ons VOORSpraak BY DIE VADER, EN DIT IS WAT ONS FOKUS OP DIE GOD FAMILIE VESTIG!

Wat 'n visioen van inspirasie!

Die wêreld vestig hul aandag net op die persoon van Christus, nie op die Vader wat Hy (Christus) gekom het om te openbaar nie.

Christus is nie die Hoof van die Familie nie. Hy is "die Voorspraak by die Vader". INDIEN ONS DIE VOORSpraak VERSTAAN, DAN VERSTAAN ONS OOK DIE VADER—DIE GOD FAMILIE.

Hoe verhewe en diep! Hierdie boodskap moet ons bestudeer en in diepte bepeins—en dit in ons gedagtes in ets.

DIE VERSOENING

“En Hy is die VERSOENING vir ons sondes, en nie alleen vir ons s’n nie, maar ook vir die van die hele wêreld” (1 Johannes 2:2). Christus is nie tans ‘n VOORSpraak vir die wêreld nie, Hy sal dit egter eendag wees. Hy het homself as ‘n OFFER vir die sondes van die hele wêreld gegee. Net ‘n God kan doen.

Versoening beteken dat Christus vir ons sondes betaal het. Hy is die Lam wat die sondes van die hele wêreld gegee. Net 'n God kan dit doen (Johannes 1:29). Christus se bloed word hier deur Johannes onder die aandag gebring, want dit is waaroor *versoening* eintlik gaan. Christus se versoening, Sy eenmalige uiterste offer, is geldig vir elke persoon wat ooit gebore is.

Wat verg dit om ons te red? Die bloed van stiere en bokke kan dit nie doen nie (Hebreërs 10:4). *Dit neem die bloed van ‘n GOD WIE ‘N MENS GEWORD HET!* Die ou Testamentiese offers beteken *niks* vir saligheid nie—behalwe dat dit vooruit na Christus gewys het. Die bloed van stiere en bokke was net *tiperend* van Christus se kosbare offerbloed.

Neem kennis—God plaas altyd die Kerk eerste, voor die wêreld. Eerstens, sê Johannes dat *ons* vandag ‘n Voorspraak het. Christus is met Sy Kerk, wat leiding en hulp aan ons gee. Dan, met daardie Kerk sal Hy na die HELE WÊRELD uitreik! Sy versoening vir die sondes van die wêreld, het dit moontlik gemaak. Dit is die korrekte orde wat ons so moet verstaan.

Die wêreld moet egter nooit deur ons vergeet word nie! Ons is geensins beter as die volgende persoon nie. Christus het nie net vir Sy Kerk gesterf nie, maar vir die hele mensdom. DIE VADER HET DIE WÊRELD SO LIEF GEHAD DAT HY SY ENIGGEBORE SEUN GEGEE HET. ONS SAL NIE BY MAGTE WEES OM DIE WERK UIT TE VOER, INDIEN ONS SOU VERGEET DAT ONS HIER IS OM OOK VIR *HULLE* VOOR TE BEREI NIE. Ons moet na die mense van die wêreld uitreik, hulle waarsku en hulle die plan van God meedeel.

Die hele wêreld moet met hierdie boodskap bereik word en ons moet die nodige hulp verleen om dit te bewerkstellig. Christus is vandag *ons* Voorspraak, binnekort sal Hy vir *alle* mense 'n Voorspraak wees. Die ware Kerk—Sy bruid sal Hom in die Wêreld van More, daarmee help. Die biljoene mense wat uiteindelik God se waarheid leer ken, sal individuele aandag nodig hê, sowel as God se groot genade. INDIEN ONS NIE HIERDIE WÊRELD VISIE IN GEDAGTE HOU NIE,—SAL ONS IN SELFSUGTIGE BELANGE VERSTRIK RAAK. Ons moet kan sien, vernaamlik in hierdie laaste uur, waar ons in die groot beskrywing inpas.

Weereens, Christus se versoening is nie die einde nie. Die Vader en Seun hou nie op na daardie uiterste offer wat gemaak was nie. Hulle is nie soos moedelse ouers, wat kinders in die familie inbring en hulle daarna verwaarloos nie. Nadat kinders in die God-Familie ingebring word, word Christus hulle Voorspraak by die Vader. Beide van hulle werk om die God-Familie te vertroetel. Dit is God se Familie liefde.

“En hieraan weet ons dat ons Hom ken: as *ons* Sy gebooie bewaar. Hy wat sê : Ek ken Hom—en Sy gebooie nie bewaar nie—is 'n leuenaar en in hom is die waarheid nie” (1 Johannes 2:3-4). Hoekom sê Johannes dit? Die rede is dat baie wat in God se Kerk was, en gesê het dat hulle God ken, nagelaat het om Sy wet te gehoorsaam! Weereens, Johannes het gedink dat hy in die laaste uur was en hy het reguit gepraat.

Indien ons nie God se wet onderhou nie, KEN ONS NIE GOD NIE. En indien ons sê dat ons Hom ken, is ons leuenaars. Sou ons nie berou hê en die wet onderhou nie, het ons nie 'n Voorspraak nie! Johannes het geprofeteer hoe reguit ons somtyds sal moet wees ten tye van hierdie opstand in die *laaste uur*.

Die Kerk het in ernstige gevaar verkeer en het Johannes die wet vir hulle werklik gemaak. Net soos die Laodicense en godsdienstige mense van vandag, is hulle besig om God se Tien Gebooie weg te vergeestelik (tot niet te maak). Wat die *rede* is dat hulle van die waarheid af weggedwaal het. Hulle het die Apostel Johannes wat ten tye God se leier was, verstoot. Hy was die enigste een wat in God se wet, onderrig gegee het. Op daardie tydstip was hy die fisiese hoof van die regering van God.

Vandag, verwerp 95 persent van God se mense die enigste fisiese leier wat God se wet uitvoer. Wat 'n skrikwekkende tragedie.

Dit beteken dat hulle, hul Voorspraak, naamlik Christus, wat die leier van God se uitverkorenes is, verwerp het. Hulle het alle kontak met hul Vader verloor, deurdat *hulle nie God se Gebooie onderhou nie*.

LEUENAARS

Wanneer ons God ken onderhou ons Sy gebooie. “Hy” wat sê: Ek ken Hom—en Sy Gebooie nie bewaar nie—is ‘n leuenaar (vers 4). Vir God is dit persoonlik: en elke persoon en kind word aangespreek. Die Kerk van God bestaan uit individue, oor die 100 000 van sy lidmate struikel oor God se wet en verwerp Sy regering! Eerstens, bespreek Johannes ons Voorspraak en daarna ons versoening en dan benadruk hy die leerstelling van die wet, (wat ook die regering wat daardie wet bekend maak, insluit.) Hoekom? Omdat dit die wyse is waarop God se mense in daardie tyd afgedwaal het en hoe hulle tans afdwaal. Indien ons nalaat om die wet te onderhou, is ons geloof vergeefs.

Al God se Laodicense van vandag, sal in die groot kern Verdrukking ingaan, waartydens 50 persent van hulle na God sal terugkeer—die ander 50 persent, sal vanweë hulle onboetvaardige opstand teen God se Tien Gebooie, hul ewige saligheid verloor. Alles wentel om die opstand teen die wet van God.

Moet nie dat ons God se mees bemoedigende woorde oor ons Voorspraak, gebruik om dit wat Hy in verband met die wet sê, af te water nie. Redenasie van die aard bring individuele en kollektiewe ramspoedigheid in die Kerk van God mee.

Ons moet nie net die wet nakom nie, ons moet dit ook aan die hele wêreld bekend maak. Dit is waaroor versoening gaan. Alleenlik diegene wat hul Voorspraak volg sal die werk doen. Ons is nie geroep om gered te word nie, MAAR OM ‘N WÊRELD WYE WERK TE VERRIG. Andersins sou ons nie nou ‘buite seisoen’ geroep gewees het nie. Ons sou later met die ander gedeelte van die mensdom geroep gewees het. Vandag is daar vir die wêreld werk wat gedoen moet word. God gee ons saligheid indien ons Sy werk doen.

Een uitleg verklaar dat Johannes regtig verdiep in die wet was, asof dit ‘n negatiewe kwaliteit is. Die tipe van menslike afleiding toon ‘n bevooroordeeling teen God se wet! Mense in die wêreld

asook die in God se Laodicense Kerk probeer altoos om van die wet af weg te kom. Wat dan ook die rede is waarom God se louwarm Kerk en die wêreld op 'n massiewe omwenteling afstuur.

J. Tkach, Senior, die vorige leier van die 'wCG', het gesê: "Die Tien Gebooie vereis nie goehartigheid, barmhartigheid, medelyde ... of *liefde* nie." Hierdie woorde is 'n diaboliese stelling (lees 1 Johannes 5:3). Vir sulke mense moet ons sê *dat hulle nie God ken nie*—sou hulle sê dat hulle God ken, is hulle LEUENAARS!

Wetsverbreking bring vir ons verderf mee! 'n Enkeling en 'n kerk sal daardeur vernietig word. Vanweë oortreding van die wet, het God se Kerk verward geraak. Toe Johannes merk dat mense afdwaal, het hy nie probeer om die probleem 'n skone skyn te gee, deur te beweer dat God se Kerk 'verskillende takke' of iets dergeliks is nie. Hy het gesê, "julle is LEUENAARS!" Hulle het God se wet gebreek en leuens het hul leefwyse geword. Kon Johannes kragtiger woorde as dit gebruik het?

Ons moet kan weet waar God se wet en die regering wat dit toegepas, is. Ons beter nie lieg waneer ons daarvoor praat nie. Indien ons WETSGEHOORSAME mense is, sal ons God KEN. "En hieraan WEET ons dat ons *Hom ken*: AS ons Sy gebooie bewaar" (1 Johannes 2:3). KEN ons die Here? Terug na die *wet* en die *regering*, is altyd die antwoord.

Kyk! Kinders Van God!

“**M**Y KINDERS” [KINDERTJIES—IS ‘N BETER VERTALING] is die woorde waarmee Johannes in hoofstuk 2 die eerste vers begin. Indien ons die boek verstaan, sal ons weet dat dit GOD DIE VADER is wat praat! Johannes poog om al God se mense sover te kry dat hulle hul Vader verstaan!

Sy doel was om al God se mense in die *boesem* van die Vader te kry. Hy, nes Christus het die Vader verklaar en was sy fokus op die boodskap en nie op Christus, die boodskapper nie. Johannes het ‘n diepe begrip van die God-Familie en die Vader wat aan die Hoof van daardie Familie staan, gehad.

Die *evangelie* is die goeie nuus van die komende Koninkryk of Familie van God, wat *die* boodskap is wat Satan wil verwar en vernietig.

Ons is kindertjies van God! Afgesonder van God weet ons niks. Wat beteken dit vir God om ons “Sy kindertjies” te noem? Hy is die Vader van ALMAL wat vandag geroep is en moet ons soos God se kindertjies *handel*. Dit is die totale boodskap van hierdie boek. Diegene wie in opstand is, moet terugkeer na ‘n ware begrip en gehoorsaamheid aan die Vader.

In verse 12 en 18 verwys Johannes nie meer na dieselfde mense as “my kindertjies” nie, maar net as “my kinders.” (In vers 18 verwys hy net na “kinders”). Miskien het hulle nie meer soos God se kinders opgetree nie—hulle was besig om te rebelleer en

van God af weg te dwaal. Hierdie is gevaarlike tye, daarom dat Johannes na die *laaste uur* in hierdie hoofstuk verwys. Johannes gebruik die minsame uitdrukking, “kindertjies,” terselfdertyd egter noem hy hulle leuenaars! Hiermee poog Johannes om die Familie van God te laat besef hoe hulle is, en hoe opstandig hulle is! Hulle dwaal af en vestig nie hul oë op die Vader nie.

Satan poog altyd om die *Vader* te bevlek en te vernietig! Sou ons die Vader verloor, verbeur ons die Familie, die evangelie—alles!

Hoe kan ons ‘n fisieke familie sterk maak? Deur dit te struktureer met ‘n vader aan die hoof daarvan—net soos wat God dit ontwerp het. Indien die vader sy deel doen en die moeder haar goddelike rol vervul, sal dit ‘n gelukkige en STABIELE familie wees. In die meeste gevalle wanneer leraars die ‘Philadelphia Church of God’ verlaat, was hulle nie aan die hoof van hulle families soos dit hoort nie. Hulle het God die Vader uit hul sig verloor. Families wat onderste bo is KAN NIE SLAAG NIE! Alleenlik wanneer ‘n vader sy familie lei, kan daardie familie slaag. Hierdie is nie ‘n boodskap waarvan die wêreld hou nie, omrede daar so baie families is wat swak en onderstebo is.

BEWYS LIEFDE AAN DIE BROEDERS

“Maar elkeen wat Sy woord bewaar, in hom het die liefde van God waarlik volmaak geword. Hieraan weet ons dat ons in hom is.” (vers 5). Om die liefde wat alle verstand te bowe gaan te besit *moet ons toelaat dat Gods woord blywend in ons wees*. Soos wat ons Sy Woord onderhou, word die liefde van God vervolmaak.

“Hy wat sê dat hy in Hom bly, behoort self ook so te WANDEL SOOS HY GEWANDEL HET” (vers 6). Hier word Johannes baie persoonlik. “Hy wat sê “ verwys na ‘n *individu* wat beweer dat God in hom bly en sou ons dit sê, dan moet ons dit uitleef! Sy uitverkorenes word gedurende hierdie tyd deur God geoordeel (1 Petrus 4:17). Ons sal alleenlik in die Familie van God in weergebore word, indien Gods woord in ons vertoef. Dink hieroor. *Moet* beteken *deur plig gebonde*. Ons is dit *verskuldig* om te wandel soos wat Christus gewandel het. Indien ons sê dat Christus in ons bly, is ons GEBONDE om te lewe soos wat Christus gelewe het! Dit is ‘n fenominale standaard. Sou ons sê dat ons God se wet nakom, MOET CHRISTUS IN ONS LEEF, andersins is ons leuenaars!

ONS BEHOORT SELF OOK SO TE “WANDEL SOOS WAT HY GEWANDEL HET.” Hierdie bewering moet ons, myself ingesluit, bepeins totdat dit onherroepelik in ons gemoed geëts is. Dit is nie goed genoeg indien ons net nege van die Tien Gebooie gehoorsaam nie. Jakobus het gesê ons is skuldig aan oortreding van almal, indien ons net een van van die gebooie sou oortree, wat ons binne in die poel van vuur sal laat beland. Christus het sonder uitsondering al die Gebooie volmaak gehou. Volmaaktheid—behoort ons doel te wees.

Christus lewe vandag in Sy uitverkorenes. Hy kom in die vlees en die waaragtige lig skyn reeds (1 Johannes 2:7-8).

“Hy wat sê dat hy in die lig is en sy broeder haat, is in die duisternis tot nou toe. Wie sy broeder liefhet, bly in die lig, en in hom is geen oorsaak van struikeling nie. Maar hy wat sy broeder haat, is in die duisternis en weet nie waarheen hy gaan nie, omdat die duisternis sy oë verblind het” (1 Johannes 2:9-11). Ons is Familie van God en hier bespreek Johannes ons wat in God se Kerk is, se verhoudings met mekaar. Ons moet God en Sy Familie bo alles liefhê, wat ons onvoorwaardelike liefde tot God bepaal (Mattheüs 22 :37).

Hoe toon ons aan God dat ons Hom liefhet? Dit het baie met mense verhoudings te doen. Christus sê “... Vir sover julle dit gedoen het aan een van die geringstes van hierdie broeders van My, het julle dit aan My gedoen” (Mattheüs 25:40). ONS MOET DIE KERK VAN GOD—GOD SE FAMILIE LIEFHÊ! DIE WYSE WAAROP ONS LIEFDE TEENOOR MEKAAR BETOON IS DIE WYSE WAAROP ONS CHRISTUS EN DIE VADER LIEFHET! Woorde beteken niks indien dit nie deur daade opgevolg word nie—indien ons sê dat ons in die lig is, behoort dit weerspieël te word in ons liefde vir die broeders.

Indien ons nie ons probleme met mekaar oplos nie, is ons nie in die lig nie! Sou ons nie met mekaar oor die weg kan kom nie, is daar êrens *fout* en is dit noodsaaklik dat ons na die OORSPRONG van die probleem deurdring, om ons menslike probleme op te los! As ons Christus liefhet, sal ons mekaar liefhê. Indien ons nie mekaar lief het nie, HET ONS NIE CHRISTUS LIEF NIE.

“Hy wat sê dat hy in die lig is.” Hier word ons weer deur God geïnspireer om alles persoonlik en individueel te maak. ONS WOORDE IS WAARDELOOS INDIEN ONS NIE DEUR ONS DADE VERENIG WORD NIE. Wat tel is wat ons DOEN!

Die “Westcott Commentary”—verklaar: “*Daar is in soverre dit wil voorkom, nie ‘n saak waar ‘n medemens, soos ‘n man [in die wêreld] ‘n broer genoem word nie ...*” Dit beteken dat ons deel van God se familie is en dat ons moet lewe soos wat God en Sy Seun vir alle ewigheid, in liefdevolle eenheid, geleef het.”

Hierdie is egter ‘n aangeleentheid wat baie verder strek as ‘n fisiese familie in hierdie wêreld. In die Kerk familie kan ons, ons liefde vir God meet, deur die dae wat ons doen.

Johannes het *geprofeteer* dat ons gedurig opstandiges in die Kerk sal hê wat gedurende hierdie *laaste uur* net van liefde sal praat. Terselfdertyd sal daar ook verskeie “vertakkings” wees wat in opstand teen die God Familie eenheid sal kom en gevolglik nie in God se lig sal wees nie.

In hierdie geval gaan dit oor hoe ons wandel en nie oor hoe ons praat nie. Wanneer die Laodicense in opstand kom, praat hulle aanhoudend van liefde. DIE VISIOEN VAN DIE GOD FAMILIE WAT DIE MEES BINDENDE EENHEID EN LIEFDE TEWEEGBRING, HET HULLE VERLOOR. Dit is God se liefde wat ons aanmekaar verbind net soos wat dit ook met Vader en Seun doen.

Ons moet ‘n voorbeeld van hoe in die lig gewandel word, vir die wêreld wees, iets wat die wêreld nog nooit, behalwe by God se uitverkorenes, gesien het nie. Ons woorde sal min of geen uitwerking hê, indien ons in gebreke bly om by wyse van voorbeeld te onderrig nie.

“Ek skryf aan julle my kinders, omdat die sonde julle vergewe is om Sy Naam ontwil” (1 Johannes 2:12). “Om Sy Naam ontwil,” beteken dat sonder die offer van Christus niks hiervan moontlik is nie. Weereens dui die woord “my kinders” aan, dat Johannes met diegene wat afgedwaal het, praat. Hy noem hulle nie meer “my kindertjies” nie. Hy deel hulle mee dat diegene wat in die lig wandel en aan hul broeders liefde bewys, vergifnis van sonde, verkry. Dit is ook die enigste wyse waarop hulle weer “my kindertjies” genoem kan word.

In vers 13 praat Johannes met hulle “*wat die Vader ken,*” omrede hulle Hom nie langer ken nie! Wat het ons VERLOOR sou ons die Vader *geken het?* Diesulkes gaan hul ewige lewens verloor! Vers 14 bespreek mense wat God se waarheid besit, wat “die Bose oorwin het.” Daar is baie Laodicense wat ‘n mate van God se waarheid besit, maar *wat nie langer die duiwel oorwin nie!*

Tussen die mense van God en die duiwel woed 'n geestelike OORLOG waarin ons moet SEËVIER! Indien ons God ken sal ons seëvier. Ken ons Hom egter nie sal ons verseker die onderspit delf. Families sal ten gronde gaan en probleme sal onder mense soos kanker vreet. Menslike verhoudings in die Kerk word deur Johannes hier bespreek.

Sou ons God se wet van liefde nakom, sal ons daarin slaag om die probleme *te bowe* te kom. Ons moet egter besef, dat God Sy liefde AAN ONS moet gee anders sal ons niks hê nie.

Oms kan nie maar net aanhou van liefde praat en dan dink dat ons op die een of ander manier dit besit nie. God moet dit aan ons gee en Hy sal dit alleenlik doen indien ons Hom in alle opsigte gehoorsaam is.

Hoe dikwels het Johannes die WET VAN LIEFDE beklemtoon. Hierdie *wêreld is besig om vir ewig verby te gaan*. Ons moet nie toelaat dat hierdie bose wêreld ons in hierdie *laaste uur* verlei nie (verse 17-18).

KINDERS VAN GOD

1 Johannes 3, is een van die diepsinnigste hoofstukke in die Bybel. Sonder intensiewe studie is dit onverstaanbaar, wat ook op al Johannes se sendbriewe van toepassing is.

Bloot roetine studie sal ons nie instaat stel om sy onmeetbare diepte te begryp nie!

ONS BENODIG 'N PLAN EN 'N STRATEGIE OM HIERDIE AANGRYPENDE SENDBRIEWE TE BEMEESTER. "Kyk, wat 'n groot liefde die Vader aan ons bewys het, dat ons kinders van God genoem kan word! Om hierdie rede ken die wêreld ons nie, omdat dit Hom nie geken het nie" (1 Johannes 3:1). *Kyk! Neem kennis!* Sê Johannes. WAT 'N GROOT LIEFDE AAN ONS BEWYS WORD, DAT MENSE—WAT NIKS MEER IS AS KLEI EN WAT IN DIE BYBEL SELFS AS WURMS BESKRYF WORD, DEUR GOD DIE VADER AS SY KINDERS GENOEM WORD. KYK! HIERDIE IS DIE LIEFDE VAN ALLE LIEFDE! Wat se soort liefde is dit wat die grote God moet hê om ons die ewige lewe in Sy Familie te wil gee? Hoekom word ons deur hierdie grootse Wese toegelaat om daaglik met Hom te kommunikeer en Hom *Vader* te noem? Dit is werklik iets om te *aanskou*. Wat 'n besondere Vader het ons nie, en ons het niks gedoen om dit te verdien nie!

Die groot droefheid egter, is wanneer ons sê: *Kyk! Aanskou die visioen*, dit nie vir baie van God se mense enige betekenis meer het nie! SELFS GOD SE UITVERKORENES VERSTAAN DIT NIE MEER INNIGLIK. HIERDIE IS DIE WAARHEID VAN ALLE WAARHEDE! *Kyk! Verstaan!* Johannes pleit vir hulle onderdanige aandag.

Wat 'n liefde is dit wat die Vader het? Dit is die uiterste liefde. Selves met geweldige inspanning is dit uiters moeilik om te begryp. Ons moet uitstrek, gryp, grou en God versoek vir alles wat Hy wil gee, om ons te help om te kan verstaan!

Johannes het God se mense *lief gehad* en hulle geliefdes genoem. “Geliefdes, nou is ons kinders van God, en dit is nog nie geopenbaar wat ons sal wees nie; maar ons weet dat ons, as Hy verskyn, aan hom gelyk sal wees, omdat ons Hom sal sien soos Hy is” (vers 2). Ons is tans nie net kinders van God in embrio nie, met Christus se wederkoms sal ons Gode wees—in die Familie van God in gebore,—met skitterende goddelikheid! Dit is moeilik om dit te begryp, feit is egter, dat hierdie waarheid so ontsaglik is, dat die wêreld dit nie wil glo nie en as godslastering beskou! Nou wat van ons? Glo ons met ons hele wese dat ons eersdaags God sal wees, in die Familie van God in weergebore?

Sou ons hierdie waarheid so-so ontvang, is ons besig om geestelik brein-dood te raak. Is ons grootste uitdaging nie om hierdie onbeskryflike wonderlike roeping te verstaan nie? Hoe diep en ongeëwenaard is God se liefde nie!

Hierdie wêreld is so mislei, dat toe Christus hier op Aarde was, hulle nie eens vir God in die vlees herken het nie en het hulle hom gedood. Nou beskou baie mense dit as godslastering wanneer ons potensiaal aan hulle verduidelik word.

VISIE DAN DIE WET

Wat beteken dit om ons God Familie toekoms in diepte te verstaan? Hoe affekteer dit ons vandag? “En elkeen wat hierdie hoop op Hom het, reinig himself soos Hy rein is” (vers 3). Dink hieroor na! Indien ons die hoop wat Johannes in die eerste twee verse bespreek, besit, sal ons onself besig hou, om die Vader se vlak van reinheid te bekom.

Is dit vreemd dat God verlang dat ons so rein soos Hy moet wees? Verlang ouers nie dat hulle kinders ook hul regverdige voorbeeld navolg nie?

Die eerste verse van hierdie hoofstuk is so inspirerend. Daarna keer Johannes terug na die wet. “Elkeen wat die sonde doen, doen ook die wetteloosheid, want die sonde is wetteloosheid” (vers 4). Sou ons in die God-Familie in gebore word, moet ons, ons lewens ooreenkomstig God se wet struktureer. Nes kinders het ons ook leiding nodig.

DIE LAODICENSE HET EERSTENS HIERDIE VISIE VERLOOR. SOU ONS NIE HIERDIE HOOP HET NIE SAL ONS OOK NIE ONNSELF KAN REINIG NIE. “[E]lke man wat hierdie hoop in hom het, reinig homself...” Weereens sien ons hoe Johannes hierdie hoop *individualiseer*—almal moet hierdie allergrootse hoop hê, anders sal hy nie daarin slaag om die duiwel, die wêreld en homself te oorwin nie. Sonder hierdie hoop sal hy van God af wegdwaal.

Dit is ons doel om rein te wees, “soos Hy rein is.” Ons moet rein word, soos wat ons Vader rein is, absoluut rein. Dit is wat ons prysenswaardige doel moet wees!

SELFS ‘N BYBEL UITLEG BOEK KAN NIE DIE BEDOELING VAN HIERDIE VERSE VIR JOU UITLÊ NIE. JY KAN SELFS BY DIE MEESTE VAN GOD SE MENSE NIE DIE BEGRIP HIEROOR BEKOM NIE! God se hoop word vandag alleenlik aan Sy uitverkorenes bekend gemaak. Om te verstaan waar God werksaam is moet God met *intensiewe gebed* genader word. Ons moet die krag van God se Heilige Gees gebruik. Wanneer ons dit doen, kan ons met ontsaglike hoop leef en sal geen struikelblok of beproewing ons afskrik nie.

Chaos heers, hierdie skrikwekkende wêreld is besig om te verval. Binnekort sal dit met kern geweld ontplof. Te midde van uitermatige verwarring en massa wanorde lewe God se klein kudde in vrede en harmonie. Hoe word dit gedoen? Deur die *wet* van God na te kom.

Let op hoe hierdie waarheid in die enkele verse voorgestel word. EERSTENS WORD GOD SE ALLES OORTREFLIKE DOEL AAN ONS VOORGEHOU, DAARNA WYS HY ONS HOE ONS DIT KAN BEREIK, DEUR SY WET TE ONDERHOU EN DIE REGERING WAT DIT TOEPAS EN ONDERSTEUN, TE VOLG.

Vleeslik, het ons ‘n negatiewe mening ten opsigte van God se wet van liefde. Ons begrip van hierdie konsep is totaal gebrekkig wanneer ons die wet BO DIE HOOP BENADRUK EN ONS SLAAG NIE DAARIN OM DIE ONTSAGLIKE VISIE DAARVAN TE BEGRYP NIE.

Ons moet soos Dawid wees, en sê; “Hoe lief het ek u wet; dit is my bepeinsing die hele dag” (Psalm 119:97). Dit kan alleenlik

gesê word, nadat ons die hoop-vervulde visioen sien en intensief strewe om dit te bereik.

Die wêreld en God se eie Laodicense se liefde is vals. Johannes was besig om God se liefde in die eeu te beskryf, omdat God se eie Kerk op daardie stadium verlei was na 'n valse liefde! Hulle het gedurig van liefde gepraat, terwyl hulle teen God se wet van liefde, in opstand was. Vandag se Laodicense het dieselfde probleme, maar baie meer mense word nou betrek as toendertyd.

Die heelal funksioneer behoorlik, deurdat dit aan wette onderworpe is. Dit is ook hoe dit met die mensdom moet wees. Die menslike gemoed haat God se wet (Romeine 8:7). DEUR GOD SE HEILIGE GEES, ONTVANG ONS HIERDIE VISIOEN WAT VEROORSAAK DAT ONS DESPERAAT IS OM GOD SE WETTE TE ONDERHOU. DIT IS HOE ONS GOD SE KARAKTER BOU.

HIERDIE VISIOEN MOET ALTYD EERSTE KOM. Somtyds poog ouers om God se wet in hulle kinders in te hamer en laat na om oor die visioen onderrig te gee. *Ons moet onthou dat God se Heilige Gees met ons jeug werk.* Wanneer die jeug ontmoedig word, wil hulle die handdoek ingooi, of, dit is moontlik dat hulle ouers met min of geen hoop lewe, wat natuurlik vir hulle depressie meebring. Ouers behoort 'n voorbeeld van 'n hoop gevulde lewe, daar te stel. Dit beteken dan ook dat God se Familie voor die fisiese familie gestel moet word. Die fisiese familie is op 'n Godgebaseerde verhouding ontwerp, om ons te help om vir God se Koninkryk te kwalifiseer.

Hoe diepsinnig is hierdie onderwerp nie!

Ons is God se 'geliefdes'. Johannes het so hard gearbei om ons te help om die diepte van God se liefde vir ons te besef. God het *ons* in 'n besondere groot mate lief. Ons word kinders van God vandag genoem en 'ons sal wees soos wat Hy is'. Ons sal aanstons soos die God van Openbaring 1 word.

Wat 'n liefde! Wat 'n hoop! Wat 'n blydschap!

God is besig om Homself te herskep. Die wet is Sy denkwyse! Daarom moet ons die wet onderhou. Te midde van die wêreld se kranksinnigheid, is daar 'n wetsgehoorsame klein kudde wat in God se wet en Sy regering glo—mense wat 'n tintelende blydschap ervaar om God se kinders genoem te word.

Wanneer opgemerk word hoe 'n kerk of 'n familie ten gronde gaan, is hierdie die plek om die oorsprong van die probleem te soek. 'n Mens kan egter nie die wet in mense hamer, wat 'n gebrek

aan visie ondervind nie. JOHANNES HET EERSTENS IN DIE GOD FAMILIE VISIOEN, ONDERRIG! *Kyk! Wat 'n groot liefde!* Het hy gesê. Mense met die visie is deur hom geïnspireer en het hy gesê, *'As dit is wat julle wil hê, dan moet julle die wet onderhou!'*

'n Boek by name *'Transformed by Truth'* is deur Joe Tkach Jr. geskryf, waarin hy melding maak dat hy meneer Armstrong se geskifte verwerp. Hy beweer dat hy onder meneer Armstrong in donkerte, asof hy in 'n grot was, geleef het, maar dat hy nou in die lig is. Soos 'n hond wat na sy braaksel terugkeer, het hy nou na die donkerste duisternis teruggegaan en noem hy dit lig. Hierdie donkerheid is donkerder as wat dit was voordat hy deur God geroep was. Sy visie om in God se Familie in gebore te word het hy totaal verloor.

Reeds vroeg in sy opstand, het meneer Tkach, God se *Wet* van liefde verwerp. Menige sogenaamde geleerdes het hulle self in die donkerte van die donkerste vir ewig in geredeneer—ewige dood—tensy hulle hul bekeer! Hulle het die Goddelike vlak van hoop gehad; nou het hulle geen lig meer nie—net totale duisternis. Daar is nie 'n tragedie wat selfs naastenby so afgryslik is nie.

MENIGTE VAN ONGERECHTIGHEID TERUGGEBRING

“En julle sal gewaar word dat Ek julle hierdie gebod gestuur het, dat dit My verbond kan wees met Levi, sê die Here van die leërskaar” (Maleági 2:4). Meneer Armstrong was 'n tipe Levi (vir 'n verduidelik hieroor doen aansoek vir ons gratis boek, *Malachi's Message*). God het 'n verbond met Levi gesluit, waarin hy opgedra is om die evangelie in hierdie eindtyd aan die wêreld te verkondig. Die res van ons is geroep om Levi te ondersteun.

“My verbond met hom was die lewe en die vrede; ...“(vers 5). Dáár is die Visioen. Meneer Armstrong het die boodskap van 1 Johannes 3:1-3 gehad, wat geensins 'n moedlose boodskap was nie, en in sy prediking het hy 'n opregte, oorvloediglike lewenswyse en vrede aangebied.

Vers 5 vervolg verder, “... en ek het dié aan hom gegee tot vrees; en hy het My gevrees en vir my Naam gebewe.” Die woord *vrees* word *drie maal* genoem net na die kolossale visie. Hy, meneer Armstrong, het 'n lewendige VREES vir die oortreding van God se

wet en regering gehad. Vanweë daardie vrees, het God die diepste visie in sy gemoed gestort! Dit is die enigste wyse om LEWE EN VREDE van God te ontvang. Ons moet 'kindertjies' wees—kinderlik en onderdanig teenoor God.

“Betroubare regsleer was in sy mond, en onreg is op sy lippe nie gevind nie; in vrede en opregtheid het hy met My gewandel, en baie mense het hy van ongeregtigheid teruggebring” (vers 6). God het 'n hoë dink van hierdie man gehad! Hoekom? Deurdadig het hy 'n lewe van *geregtigheid*—EN GEHOORSAAMHEID AAN GOD SE WET gelei het—en het hy talle laat *wegdraai van ONGEHOORSAAMHEID AAN SY WET*.

Die primêre rede, waarom God so behaaglik teenoor hom was, handel oor Sy wet. Dit is Sy Wet wat die bron van die bedoeling is om God se werk te doen: dit beteken om mense van ongeregtigheid af, te laat wegdraai. Dit kan egter nie sonder God se majesteuse Familie visie gedoen word nie. Hoeveel word deur U na geregtigheid toe gebring? In hoe 'n mate ondersteun u God se werk, wat mense na geregtigheid terug bring. God oordeel ons volgens hierdie vrugte.

Waarom het die vertalers woorde soos *opregtheid* en *ongeregtigheid* in hierdie vers gebruik—wat die bedoeling van die WET onduidelik maak? Omdat hulle BEVOORDEELD IS EN 'N VYANDIGHEID TEENOR GOD SE WET HET! Hulle het geen visie nie. Die skepping was aan verganklikheid onderwerp. Die menslike natuur, omdat dit nie God se Heilige Gees en Johannes se visioen van hoop het nie, haat God se wet. Ons werk is om die mensdom te waarsku en hulle van ongeregtigheid terug te bring.

Daar was 'n man wat in hierdie *eindtyd* baie mense van 'ongeregtigheid,' of *wetteloosheid* teruggebring het. Kwaadwillige onderrig teen God se wet was nie uit sy mond gehoor nie. “In vrede en opregtheid het hy met My [God] gewandel”—*geregtigheid*. Hy het God se wet van liefde onderhou en talle daarin onderrig.

Toe Theodore Roosevelt sy 'Rough Riders' teen 'Juan Hill' in Kuba, op gelei het, het hy hulle nie toegeroep dat hulle moet 'aanval' terwyl hyself dan agterna gevolg het nie. Hy het hulle toegeroep dat hulle *hom moet volg*. Dit was die wyse waarop hy die Spanjaarde uitgedryf het. Net so ook, het meneer Armstrong 'wat met God gewandel het' die voorbeeld daargestel. Hy het die aanval vir ons almal gelei en dienooreenkomstig dit wat hy mense geleer het, gelewe. Hy het vir ons in hierdie eindtyd die

allerbeste voorbeeld daargestel. Hy het gesê, *volg my soos wat ek Christus volg*.

Die Vader het Christus opgedra om Sy Familie van geestelike soldate te lei. Christus was getoets en beproef soos, geen ander ooit nie. Nieteenstaande, het Hy 'n perfekte lewe, sonder enige sonde gelei. Christus het vir ons die voorbeeld gestel en lei Hy die aanval en sê, *volg My*.

Levi het baie van ongeregtigheid teruggebring en is as regverdig geoordeel. Dan kan ons die volle prentjie waarneem. Levi het hulle met God se hoop gevul, wat in die konteks van prediking van die evangelie, wêreldwyd, was!

ONS ALMAL MOET WEET WIE HIERDIE MAN WAS! Hierdie is eindtyd profesie. Ek weet dat meneer Armstrong die man was wat baie mense van wetteloosheid teruggebring het. Dit is wat God sê, ongeag wat bose mense sê.

Die Laodicense het egter vandag God se visioen, wat vrede bring, verloor. “Maar julle het van die weg afgewyk, julle het baie deur jul onderrig laat struikel, julle het die verbond met Levi verbreek, sê die Here van die leërske” (vers 8). Die oorsprong van die Laodicense se probleem is deur God geïdentifiseer. Hulle het die wet wat God deur Levi daargestel het, verwerp. Hulle het baie met hul onderrig van die wet laat struikel, pleks dat hulle eerder mense van wetteloosheid laat wegdraai het.

Indien ons nie die wet verstaan en ons dit nie uit die mond van Levi soek nie (vers 7) het ons nie die 1 Johannes 3, visioen nie! Ons moet onself aan daardie wet onderwerp. Daar is diegene wat die PCG kritiseer dat daar te veel na meneer Armstrong verwys word. Hy het alle dinge herstel! Ons word deur God gelas om die wet uit sy mond te bekom! Wat beteken dat ons ag moet gee op sy geskrifte. Ons poog net om hom op die standaard te plaas waarop hy deur God geplaas word.

REGVERDIG SOOS HY REGVERDIG IS

“En julle weet dat hy verskyn het om ons sondes weg te neem, en geen sonde is in hom nie (1 Johannes 3:5). Christus is as 'n kind gebore, het groot geword en toe vir ons sondes gesterf,— die voortreflikste offer wat ooit gemaak is. Dink hieroor na: dat Sy kruisiging nie die enigste moeilike gedeelte was nie, gedenk

die lyding wat Hy dwarsdeur Sy sondelose lewe, deurgemaak het. 'In hom is geen sonde nie.' Dit is ewigdurende karakter—Hy het NOOIT gesondig nie! Dit is die voorbeeld wat ons moet navolg. Aangesien ons tot in ewigheid sal leef, moet ons nou reeds gewoon word aan daardie soort lewe! Ons word nie versoek om enige iets te doen wat God nie reeds gedoen het nie.

“Hy [Christus] is gemanifesteer.” Wat beteken dit? Dit beteken dat God mens geword het om ons sondes te verwyder. Dit het 'n offer van God as mens geverg, om vir ons oortredings van die wet, te betaal.

“Elkeen wat in Hom bly, sondig nie. Elkeen wat sondig, het Hom nie gesien en Hom nie geken nie” (vers 6). Waar bly of lewe ons? God wil hê dat ons in Hom moet LEEF! Dit is natuurlik vir ons om van tyd tot tyd te struikel, maar dit is waar ons behoort te LEEF. Sonde is vir God vreemd. Wanneer ons in sonde lewe ken ons God nie.

“My kinders, laat niemand julle mislei nie: wie die geregtigheid doen, is regverdig soos Hy [Christus] regverdig is” (vers 7). Om slegs van geregtigheid te praat het geen baat nie, ook nie 'n toevallige regverdige daad nie—dit is ONS LEWENSWYSE WAT TEL. Nie eie-geregtigheid nie, maar om regverdig, *soos wat God regverdig is te wees*. Sy geregtigheid in ons! Wat 'n standaard om te handhaaf! Dit is ons roeping! Ek waarborg, dat ons nie die diepte van die stelling in vers 7 ten volle verstaan nie!

Ons kan Johannes se geskryfte van *wet, liefde en geregtigheid* lees en glo dat ons dit verstaan, indien ons egter nie uit ons nate bars van opgewondenheid oor hierdie waarheid is nie, *het ons dit nie gesnap nie!*

Indien ons so regverdig is as wat Christus is, of dat ons *in Christus lewe*? Hoe kan ons as mense van God ooit verdeeld wees, indien ons so regverdig soos Christus is of indien ons *in Christus lewe*? God en die Woord was deur ewigheid, nooit verdeel nie. Indien ons regverdig is 'soos Hy regverdig is' sal ons altyd verenig wees!

Dit is op hierdie wyse dat die hele wêreld in vrede en blydschap, verenig sal word. Wat 'n visie vir hierdie gevaarlike en verdeelde wêreld!

Ons is verplig om regverdig, 'soos wat Hy regverdig is' en 'rein soos wat Hy rein is' te word, en moet ons die wet onderhou om sodoende 'n grondige geregtigheid te bekom.

‘n Beter vertaling van die uitdrukking, ‘julle mislei’ sal wees ‘julle op die verkeerde weg bring’, wat dan beteken dat julle in geweldige gevaar verkeer, om dit wat in die eerste drie verse van 1 Johannes 3 bespreek word, te verloor!

“Hy wat die sonde doen, is uit die duiwel, want die duiwel sondig van die begin af. Vir hierdie doel het die Seun van God verskyn, om die werke van die duiwel te verbreek” (vers 8). Dit is wat ons in ons lewe behoort te doen—om sodoende vir Christus te help om die werke van die duiwel te vernietig. Dit is wat Christus deur ons in die hofsaak gedoen het.

Om sonde te doen is die weg van die duiwel. Die duiwel word dikwels deur Johannes vermeld, en behoort hy baie duidelik en werklik vir almal van ons te wees. Christus het gekom om die werke van die duiwel te vernietig.

Neem kennis hoe Johannes geregtigheid en sonde na hul oorsprong, onderskeidelik naspoor. Dan kan ons die volle prentjie waarneem. Ons is ‘n afbeelding van ons Vader en God—en of die duiwel. God laat ons verstaan wie ons ware Vader is!

KAIN SE SONDE

“Elkeen wat uit God gebore is, doen geen sonde nie, omdat Sy saad in hom bly; en hy kan nie sondig nie, want hy is uit God gebore. Hierin is die kinders van God en die kinders van die duiwel geopenbaar : elkeen wat die geregtigheid nie doen nie, is nie uit God nie, en hy ook wat sy broeder nie liefhet nie” (verse 9-10). Ons lewens openbaar dat ons óf kinders van God is óf dat ons kinders van die duiwel is. “So sal julle hulle dan aan hul vrugte ken” (Mattheus 7:20). Indien ons, ons broeder soos God liefhet, dan is ons uit God en moet ons arbei om die God-Familie te verenig. ‘n Voorbeeld hiervan is dat ons goddelike gasvryheid beoefen. Indien ons nie ons broeder ooreenkomstig die wet van God liefhet nie, reflekteer ons Satan se boosheid.

Ons moet graag met God se mense wil verkeer. Mense vir wie Christus gesterf het. En ons moet ons naaste liefhê. Hierdie boodskap van liefde moet deur die kragtige werk van God aan hulle bekend gemaak word.

“Want dit is die boodskap wat julle van die begin af gehoor het, dat ons mekaar moet liefhê; nie soos Kain wat uit die Bose was en sy broer

doodgeslaan het nie. En waarom het hy hom doodgeslaan? Omdat sy werke boos was en dié van sy broer regverdig” (1 Johannes 3:11-12). Hoekom bespreek Johannes een van die mees geweldigste misdade in die Bybel—die moord van Abel deur Kain? God wil dit graag aan ons uitbeeld hoe dit sal wees, sou ons nie ons geestelike broeders lief het nie! Besef ons hoe God dit waarneem, wanneer ons nie liefde vir ons broeders het nie? Dink maar net aan die afskuwelike moord van Abel wat uitdruklik na God se mense verwys! Dit is die taal van die laaste uur! Kyk *geestelik* na jou sonde, soos wat God dit sien! **ONS MOET IN DIE EDELIKE LIEFDE VAN GOD GROEI!**

Menslike verhoudings moet te alle tye, in die WET VAN DIE LIEFDE gegrond wees. Handel ons geestelik soos Christus of handel ons soos wat Kain gedoen het?

Neem in ag hoe God se Laodicense kerke God se uitverkorenes gedurende die hofgeding behandel het. Indien ons, ons broeders haat, is ons geestelik aan moord skuldig. Die meeste van God se eie mense pleeg verfoeilike moord en help daardeur, om die geloof van God se mense te vernietig, wat baie erger is, as wat Kain gedoen het. Hy het fisies moord gepleeg. Johannes bespreek egter ewige lewe en ewige dood!

Hierdie is *laaste uur* spreekwyse. Moord moet bestempel word, vir wat dit is en **DIT WAT HIER BESPREEK WORD HET EWIGE GEVOLGE.**

Kain ‘het sy broer doodgeslaan,’ wat die Laodicense tans besig is om uit te voer deur hul geestelike broeders dood te slaan.

HOE HAAT ONS, ONS BROEDERS, DEUR NIE GOD SE LIEFDE TE BETUIG NIE! Sou ons God se liefde besit, lê ons ons lewens vir hulle af, soos wat Christus dit vir ons gedoen het. Dit beteken baie harde, opofferende arbeid.

“En jy, o mensekind, Ek het jou as wag oor die huis van Israel aangestel; en as jy ‘n woord uit My mond hoor, moet jy hulle van My kant waarsku. As Ek aan die goddelose sê: o goddelose, jy sal sekerlik sterwe, en jy spreek nie om die goddelose van sy weg te waarsku nie, dan sal hy, die goddelose, deur sy ongeregtigheid sterwe; maar sy bloed sal ek van jou hand eis” (Esegiël 33:7-8). Indien ons sou nalaat om God se waarskuwende boodskap van liefde bekend te maak, is ons skuldig aan die bloed van Israel en die wêreld! En die meeste van God se mense ondersteun nie huidiglik die Esegiël brandwag boodskap nie.

LIEFDE WAT DIE WÊRELD SAL VERANDER

God openbaar Sy boodskap in hierdie tyd omdat dit van die allergrootste lewensbelang is. Hy wil hê dat hierdie boodskap die allergrootste gehoor moontlik sal bereik. Sou ons nie daarin slaag nie, is ons aan die moordadige sonde van Kain skuldig.

Ons is nou geroep om God se werk te doen. Ons sal ons ewige hoofkwartier posisie vir ewig verbeur, indien ons nie slaag nie. Hulle wat gedurende die Groot Verdrukking tot bekering kom, sal in God se Koninkryk wees, maar sal nie in Sy hoofkantoor vir ewig arbeid nie. (Vir 'n Bybelse uiteensetting van die waarheid lees verseker *'Malachi's Message'*). Ons moet God se werk doen of dit vir ewig vergeld.

“Verwonder julle nie, my broeders, as die wêreld julle haat nie. Ons weet dat ons oorgegaan het uit die dood in die lewe, omdat ons die broeders liefhet. Hy wat sy broeder nie liefhet nie, bly in die dood (1 Johannes 3:13-14). Hier is die verskil tussen lewe en dood. Wanneer God se liefde in ons is, ondervind ons ware lewe, net soos dit in die Wêreld van Môre sal wees. Om ons broeders en susters lief te hê, is 'n teken van Ewige Lewe! Dit dui daarop dat ons lewe het en dat ons God liefhet.

Johannes bespreek hier lewe en dood. Verwysende na die frase “oorgegaan het uit die dood in die lewe,” verklaar die *'Westcott Commentary'*, “die diepte van hierdie uitdrukking is beide in Latyn en Engels verloor.” Dit behoort as volg te lees, “DIE DOOD WAT DIE WERKLIKE DOOD IS” en “DIE LEWE WAT DIE WERKLIKE LEWE IS.” God se liefde wat deur Sy Heilige Gees in ons gemoed invloei is *ware LEWE*—die teken van *EWIGE LEWE*! Enige iets anders is ‘werklike dood’. Ons is dood en sal tot in ewigheid dood wees, sonder God se liefde, tensy ons die toestand verander.

Die volslae meerderheid van God se mense is in die proses om geestelik te sterwe (2 Thesalonisense 2:10). Hoe verskriklik pynlik moet dit vir God wees.

By tye word die wonderlike voorbeelde van liefde wat deur God se mense gedemonstreer word, deur my waargeneem. Om vir God en andere op te offer word daar tot verbasende uiterstes gegaan. Sulke voorbeelde is vir my hartroerend en ek is seker dat selfs God die Vader ook 'n paar tranes van vreugde stort, wanneer Hy dit waarneem! Hoe diep inspirerend moet dit vir God wees, om te sien

hoe bese sondige mense—wat ongeregtigheid soos water drink, in pragtige wesens van goddelike liefde en karakter verander!

Leë woorde van liefde is so goedkoop. Oorvloedige dae van liefde is so kosbaar.

“Elkeen wat sy broeder haat; is ‘n moordenaar; en julle weet dat geen moordenaar die ewige lewe as iets blywends in hom het nie. Hieraan het ons die liefde leer ken, dat Hy Sy lewe vir ons afgelê het; en ons behoort ons lewe vir die broeders af te lê (1 Johannes 3:15-16). Indien ons die Heilige Gees het en dit nie gebruik nie, word daardie talent deur God weggeneem en aan ‘n ander gegee. Die Heilige Gees in ons is ewig en wanneer ons dit gebruik word ons ewig. Ewige lewe is inwonend in ons.” En dit is die ewige lewe...”(Johannes 17:3).

Ek voel geestelik nakend, wanneer ek dit waarvan Johannes praat, verstaan en behoort dit ons almal so te affekteer. Ons voldoen nie aan die maatstaf nie. Ons behoort geïnspireerd te wees om te groei en terselfdertyd te sien hoe die probleme van die wêreld opgelos kan word. Daar is niks pragtiger as die liefde van God nie! Wanneer mense die houding wat Johannes van praat, snap, en toepas, sal die wêreld, pragtiger as ooit kan voorstel—en meer inspirerend word.

MOEDIG TEENOR GOD

“Geliefdes, as ons hart ons nie veroordeel nie, dan het ons vrymoedigheid teenoor God” (1 Johannes 3:21). Indien ons hart ons nie vanweë sonde veroordeel nie, sal ons vrymoedig met standvastige, onverskrokke, besliste vertroue en geloof teenoor God hê. Om sulke vrymoedigheid te kan besit, moet ons SONDE VERMY.

Enige persoon wat so VRYMOEDIG TEENOR GOD is, kan ‘n geweldige impak op hierdie wêreld hê! Kyk maar na Christus. Sou ons as mense sulke vrymoedigheid teenoor God ontwikkel, kan ons sonder enige moeilikheid die werk doen. MOEDIGHEID is die trant vir die bemaatiging van die werk. Hoe moedig is *ons*?

Een van Paulus se mees inspirerende briewe (2 Timótheus), is geskryf terwyl hy in die gevangenis was en baie naby aan die einde van sy lewe was. Johannes het die mees besonderse boek van profesie, in die Bybel—Openbaring—terwyl hy in gevangenskap

op die eiland Patmos was, geskryf. Beide hierdie manne was baie MOEDIG gewees. Hoe sal ons op beproewing reageer? Gebruik ons sulke beproewings om meer vrymoedig teenoor God te word? Is ONS VOORBEELD TYDENS BEPROEWING EN TOETSE VIR ANDER 'N INSPIRASIE?

“EN WAT ONS OOKAL BID, ONTVANG ONS VAN HOM, omdat ons Sy gebooie bewaar en doen wat welgevallig is voor Hom” (1 Johannes 3:22). Verbeel jou, DAT JY ALLES WAT JY VIR GOD VRA, ONTVANG! Dit verg baie meer as om God net te gehoorsaam uit pligsgevoel. Hier praat ons van gesindhede waartydens ons ALLES MOONTLIK WIL DOEN OM ONS VADER TE PLESIER! GEBEDE WORD VERHOOR VANWEEË GESINDHEDE VAN DIE AARD! DIT MAAK ONS MOEDIG. By gesê, dat ons net die dinge wat God sal behaag, vra.

Hoe baie van God se mense is in gebreke om dit te verstaan? By gesê, dat God alleenlik dit wat goed vir ons is, gee. Nogtans moet ons dringend verstaan wat God aan Sy gehoorsame mense, belowe. Tereg sê God: “EN WAT ONS OOKAL BID, ONTVANG ONS VAN HOM!”

Ons moet nie beperkings op wat ons gegee kan word plaas nie, indien ons gehoorsaam is en met 'n regverdigde gesindheid, daarom vra. DIT IS 'N AARDSKUDDENDE BELOFTE VAN GOD, WAT ONS NIE LIGTELIK MOET OPNEEM NIE. HIERDIE IS 'N VERKLARING VAN DIE SKEPPER VAN ALLES.

Dit is die formule van sukses wat Christus gevolg het. Jesus het gesê, “En Hy wat My gestuur het, is met My; *die Vader het My nie alleen gelaat nie*, omdat EK ALTYD DOEN WAT HOM WELGEVALLIG IS” (Johannes 8:29). Sal 'n Vader 'n kind wat so 'n gesindheid het, *alleen* laat? Nooit—Hy sal 'n BATALJON soldate verpletter om daardie seun te red! Maak die gesindheid joune en jou hemelse Vader sal in jou lewe ingryp en maak dat dinge vir jou gebeur! Met so 'n gesindheid word ons moedig teenoor God en word deure vir ons geopen.

“En dit is Sy gebod, dat ons in die Naam van Sy Seun, Jesus Christus, moet glo en mekaar liefhê soos Hy ons 'n gebod gegee het. En hy wat Sy gebooie bewaar, bly in Hom, en Hy in hom. En hieraan weet ons dat Hy in ons bly : aan die Gees wat Hy ons gegee het” (1 Johannes 3:23-24). Sou ons die geestelike wet nakom, lewe Christus in ons. Dit verg die Gees van God om die Tien Gebooie te onderhou. Dan weet ons ook dat God ons steun en onderhou.

Wanneer dit so is groei ons moedigheid en sukses geweldig. Deur die sondige manier van lewe te oorwin, word ons meer as net oorwinnaars. Ons is besig met voorbereiding om in die Familie van God in gebore te word.

8

Die Ouderling

WAAR WORD GOD SE WERK GEDOEN? DIE MEESTE van God se mense weet dit nie eens nie. Wat 'n verstommende krisis wat ewige gevolge het—sulke misleiding is dodelik. *Ons word deur Johannes daarop gewys hoe ons 'n lewenskragtige aandeel vandag en vir ewig in die werk van God kan hê!* Inteendeel, wanneer ons eers 'n aandeel in God se werk het, behoort dit nooit te eindig nie!

Die laaste uur het aangebreek. Die wederkoms van Christus sal aan die einde van hierdie uur plaasvind. Na hierdie gebeurtenis sal die wêreld en die heelal net vrede, blydskap en oorfloed ervaar. Niks naasteby soortgelyks is ooit vantevore ervaar is nie. Die Aarde en die heelal sal deur die God Familie regeer word. Is DIT MOONTLIK VIR ONS OM HIERDIE HEELAL-SKUDDENDE GEBEURTENIS WAT NET 'N “UUR” VAN ONS AF WEG IS, TEN VOLLE TE BEGRYP?

SES DUISEND JAAR VAN MENSLIKE REGERING IS FEITLIK VIR EWIG VERSTREKE! 'N MENS SOU DINK DAT HIERDIE REALITEIT VIR AL GOD SE MENSE 'N GEVOEL VAN OPWINDING SOU VEROORSAAK HET, waarin hulle alles in hul vermoë sou wou doen, om vir hierdie aangeleentheid voor te berei,—om nie net die wêreld te waarsku nie, maar ook die mense met hoop te vul.

Helaas, dit is egter nie die geval nie. Feitlik al God se mense het afgedwaal en toon min of geen belangstelling in Christus se wederkoms! JESUS CHRISTUS HET PERSOONLIK DIE KERK VAN DIE

EERSTE EEU GESTIG. En tog, TEEN DIE TYD DAT JOHANNES (een van Christus se oorspronklike 12 Apostels) SY SENDBRIEWE GESKRYF HET, HET DIE MENSE REEDS HUL EERSTE LIEFDE BEGIN VERLOOR! Hierdie is 'n illustrasie van die stryd wat ons het om ons menslike natuur te oorwin.

Stel jouself voor, indien die helfte van 'n groot familie oor 'n kort tydperk sou sterf, hoe afgryflik! In vergelyking met die geestelike is dit feitlik niks beduidend. Vyftig persent van God se Familie sal *vir ewig* sterf. Dit is 'n geestelike onbeskryflike ramp wat heel moontlik die grootste enkele ramp ooit in God se Kerk sal wees!

Gedurende die tyd wat Johannes sy sendbriewe geskryf het, was Paulus kort tevore gedood, en moes Johannes 'n groot gedeelte van sy gebied oorneem. Gedurende hierdie tydperk moes God se mense—geestelik meer dringendheid aan die dag gelê het, maar ironies het die meerderheid van hulle die waarheid versaak!

Die Kerk van die Éfese era was sterwend, net soos die Kerk van die Laodicense vandag. Daar het geestelike doodsheid geheers. Niks anders is naastenby so tragies as hierdie soort krisis nie.

CHRISTUS HET ONLANGS DIE SENDBRIEWE GEOPENBAAR OM ONS GEDAGTES OP DIE *LAASTE UUR* TE VESTIG. Waarom is die tydsfaktor so kritiek? Omdat ons in 'n angsvolle geestelike oorlog wat feitlik verby is, vasgevang is! Ons sal 'n meer positiewe houding daarvoor kan hê mits ons dit ten volle verstaan. Ons besef dat die uiteindelijke oorwinning binnekort deur Christus aan ons besorg sal word.

Wanneer ons terugkyk na die geskiedenis van die Filadelfia Kerk, het God moontlik meer waarheid, aan ons deur Johannes se sendbriewe geopenbaar, as uit enige ander Nuwe Testamentiese boek van die Bybel. Hoekom nou, in die besonder en in hierdie laaste uur, verlang God dat ons hierdie kort geskrifte in diepte moet bestudeer?

Gedeelte van die antwoord vind ons in Johannes se houding teenoor die geestelike tragedie wat rondom hom aan die gang was. Johannes was egter nie terneergedruk nie. Hy was diep bedroef oor dit wat in die Kerk aan die gang was. Hy maak dit egter duidelik in die sendbriewe dat hy *verheug* was! Hy was verheug niesteenstaande die ergste geestelike stryd wat hy ooit mee gekonfronteer was. Gedurende hierdie tye het ons nodig om uit Johannes se geestelike suksesse te leer.

DIE OUDERLING

Voor sy afsterwe, en gedurende sy laaste preek het Mnr. Armstrong hierdie diepsinnige bewering gemaak, “Government is based on the principle of Gods love,” wat beteken: ‘Regering is op die beginsel van God se liefde gebaseer’. Meneer Armstrong se denke was baie in ooreenstemming met die Apostel Johannes se denke.

LIEFDE IS VOLLE OORGAWA AAN ONS EGGENOOT, DIE ONDERHOUDING VAN GOD SE WET EN OM GOD SE REGERING TE GEHOORSAAM. BY TYE ONTBLOOT DIT SELFS DIE ANTICHRIS. HOEVEEL MENSE IS DAAR WAT WERKLIK HIERDIE SOORT LIEFDE VERSTAAN? Johannes het baie hieroor gepraat, omrede feitlik niemand op daardie tydstip dit verstaan het nie! Selfs die meerderheid van God se mense was in opstand teen Sy liefde. Helaas, dit is ook waar ten opsigte van God se Kerk vandag.

LIEFDE is wat Johannes in die grootste gedeelte van sy 1ste sendbrief bespreek, terwyl hy meer direk en spesifiek in die 2de en 3de sendbriewe word. Hy sê “*Die ouderling*.” Hoekom? Indien ons die wet van God se liefde wil verstaan, is dit noodsaaklik dat ons bepaal waar “die ouderling” is—wat God se wet onderrig. Wanneer ons GOD SE WET bespreek, word “die ouderling” terselfdertyd bespreek. God se uitverkore leier speel altyd onder Christus, die sleutelrol.

Waar strompel vyf en negentig persent van God se Laodicense vandag rond? Die oorgrote meerderheid van God se mense word, weereens deur predikers gelei wat *hulle laat struikel vanweë hul onderrig van die wet* (Maleági 2:7-8). DIT BETEKEN DAT HULLE “DIE OUDERLING” WAT IN GOD SE WET ONDERRIG GEE, VERWERP! Die massiewe afdwaling vandag wentel om die wet van God en God se ouderling wat in daardie wet onderrig gee! Ons sal verlei word indien ons nie die les in diepte leer nie!

Dit is die *fundamentele les* wat ons moet leer, en dit is waarom Johannes beide van sy laaste twee sendbriewe met “die ouderling” inlei. Eerstens, het hy die gemeentede van God se wet van liefde geleer, daarna het hy hom op “die ouderling” wat die wet leer, toegespits.

Die onderwerp van “die ouderling” is tot aan die einde van sy sendbriewe oorgehou, en wou hy so sagkens moontlik die heiliges van God onderrig.

Johannes het in die laaste twee sendbriewe die gewigtige regeringsprobleme beklemtoon. Afvallige leiers was aan die kom wie *nie hierdie leerstellings sou verkondig nie* (2 Johannes 10). Diótrefes was moontlik die ergste rebel wat hy tot nog toe moes konfronteer (3 Johannes 9).

Johannes bespreek wat Mnr. Armstrong altyd gesê het; naamlik, dat *regering alles* is. 'n Feit wat dwarsdeur die Bybel beklemtoon word, is dat een man deur God gebruik word in die amp van “die ouderling”. Neem kennis dat dit nie maar net 'n “ouderling” is nie, DIT is God se ouderling! DAAR IS NET EEN MAN WAT CHRISTUS AS HOOF VAN DIE KERK, DEURENTYD IN DIE BESONDERSE LEIERSKAP ROL GEBRUIK. Dit is absoluut fundamenteel—dit is nie my idéé nie—dit is God se fundamentele waarheid! ONS STAAN OP DIE PUNT OM DIE EVANGELIE IN DIE HEELAL TE VERKONDIG—HIERDIE WAARHEID DAT DIE FAMILIE VAN GOD DIE REGERING VAN GOD TOEPAS—IS DIESELFDE REGERING WAT DIE MAN VAN GOD NOG DEURENTYD VERKONDIG!

Onthou, dat hierdie sendbriewe vir die laaste uur geskryf was. Sou ons die liefde van God, of God se wet en Sy regering wil verstaan, moet ons “die ouderling” in die laaste uur vind.

Om welke rede het die Kerk in Éfese hul eerste liefde verloor? Dit was omrede die mense nie na “die ouderling” opgesien het nie. Waarom is die Kerk van Laodicéa huidiglik besig om die waarheid van God te verwerp? Omdat hulle nie “die ouderling” aan wie God Sy waarheid openbaar, wil erken nie. Hulle wil eenvoudig nie hê dat God hulle moet liefhê nie!

INDIEN ONS GOD SE LIEFDE WIL KEN, MOET ONS DIE REGERING VAN GOD, WAT DIE HART DAARVAN IS, VIND! Dit is waar ons sal vind dat God Sy mense *liefhet*, Sy Gees uitgiet en openbaring bekend maak. Indien ons nie van “die ouderling” leer nie, sal God se waarheid verstrooi raak en ons Laodicense word.

LUCIFER HET IN GEBREKE GEBLY OM GOD SE REGERING TOE TE PAS, WAT DAARTOE GELEI HET DAT GOD BESLUIT HET OM HOMSELF IN DIE MENSDOM TE HERSKEP. DIT WAS DIE ENIGSTE WYSE WAAROP HY KON VERSEKER DAT SY REGERING UITGEVOER WORD. NOU WORD DIE KERK VAN GOD GETOETS OM TE BEPAAL OF ONS KWALIFISEER OM SAAM MET GOD VEREWIG TE REGEER—IN DIE PLEK VAN LUCIFER SE MISLUKKING.

Daardie asemrowende toekoms is regstreeks verbind aan ons onderwerping aan God se Regering vandag. Ware leraars van God

word deurentyd herinner om Christus en *die ouderling* aan lede voor te hou, nie net met woord nie maar ook met DADE. Dit is hier waar die regering van God altyd skipbreuk lei. Dit is hier waar die belangrikste toets gedoen word. GOD SE KERK VERVAL IN EINDELOSE MENSLIKE REDENERING TENSY “DIE OUDERLING” NIE DAARBY INGEREKEN WORD NIE.

Ons kan vertrou dat God daardie ouderling korrigeer, vorm en modelleer. Sou hy in opstand kom en nie deur God gevorm kan word nie, sal hy summier vervang word. Onlangse geskiedenis in die “Worldwide Church of God” het daardie fundamentele les geïllustreer.

WAAROM BEGIN JOHANNES SE 2DE EN 3DE SENDBRIEWE MET “DIE OUDERLING”? HY HET DIE REGERING VAN GOD BEKLEEMTOON OMDAT SO BAIE LEDE EN MENSE IN DIE WÊRELD DIT AANGEVAL HET!

DIT IS PROFESIE VIR GOD SE KERK VANDAG. Die oorgrote meerderheid van God se mense is in opstand teen en val die regering van God aan. Die *rede* vir ons Kerk se krisis in hierdie eindtyd, was in Johannes se *laaste uur* sendbriewe, voorspel!

Die Kerk in Efése het vir ‘n definitiewe rede hul eerste liefde verloor. Hulle het die regering van God deur die ouderling, verwerp. In hierdie laaste uur, verwerp God se mense ook die regering van God, wat deur *die ouderling* toegepas word.

Indien die ouderling verwerp word, word Christus totaal uit die prentjie uitgestoot, wat die ergste katastrofe sal wees. Sou die Bybel bestudeer word, sal u vind dat God nog altyd Sy Kerk op hierdie wyse—deur een man—lei!

Hierdie is nie bloot ‘n les vir u om die regering van God te volg nie, MAAR OOK ‘N LES VIR MY DAT EK MOET SORG DAT DIT TOEGEPAS WORD. Daar kom tye wat ek nie wil nie- net soos daar tye is wat ons nie onself daaraan wil onderwerp nie, wat bloot menslik is. Indien ons egter in hierdie laaste uur wil slaag, moet ons met Christus se gesindheid dink.

Johannes was besig om met mense wat rondom hom afvallig geword het, te praat, net soos ek nou. Die oorgrote meerderheid van God se mense het weggeval en God sê dat Hy so deur hulle gewalg word, dat Hy hulle uit Sy mond sal spu (Openbaring 3:16). Vyftig persent van hulle sal vir ewig verlore gaan omrede hulle weier om vir Christus en Sy ouderling te volg.

Ek was seker daarvan dat daar mense is wat Johannes gekritiseer het omrede hy na homself as “die ouderling” verwys het. *Kyk hoe verhoog hierdie ou homself, asof hy die ENIGSTE persoon is wat deur God gebruik word. Ons moet versigtig wees vir die euwels van een man beheer!* Diótrefes het sekerlik sulke dinge kwytgeraak. Dit is jammerlik dat *baie* van God se mense hom geglo het!

EK GLO DAT HIERDIE ‘N PROFESIE IS WAT DIE GROOTSTE PROBLEEM ONDER LED VAN DIE PHILADELPHIA CHURCH OF GOD IN HIERDIE EINDTYD SAL WEES!

Dit sal vir ons so maklik wees om hierdie waarheid opsy te stoot, want dit is wat die Laodicense doen. Dit is oor hierdie aspek van God se regering en Sy wet wat hulle struikel. GOD SE REGERING IS EGTER ‘N VOORVEREISTE VIR DIE VESTIGING VAN DIE WET IN GOD SE WARE KERK.

Ons worsteling in hierdie laaste uur gaan in onstuimigheid en wreedheid toeneem! Ek weet waar die ergste brandpunt sal wees. Solank as wat ek arbei en God dien, sal daar mense wees wat sal poog om my te diskrediteer en te vernietig. Daar sal gevalle voorkom waar ons in die spervuur sal wees en sal daar nie vir my tyd wees om te gaan sit en te sê: *laat ons onderhandel* nie. Moeilike besluite sal deur my gemaak moet word maar u sal DIEP IN U BINNESTE WEET dat God “sy ouderling” gebruik! DIE LES VAN REGERING MOET GELEER WORD, ANDERSINS SAL ONS NIE HIERDIE LAASTE UUR OORLEEF NIE!

Selfs vandag, poog talle mense om my te minag. U moet WEET of u na hulle moet luister aldan nie. In al die sendbriewe sê Johannes dat ons kan WEET wie Christus se leier is. Indien ons nie weet nie, wag daar ‘n donker toekoms op ons.

KOM NADER AAN DIE BEDIENING

God se Regering word aan ons gegee vir ‘n fundamentele rede en moet ons voordeel daaruit verkry.

Mense dink dat dit maklik is om hul eie probleme op te los, terwyl hulle in werklikheid hulp nodig het. Ons is almal geneig om op onself staat te maak, terwyl ons egter moet leer om vir hulp te vra wanneer ons dit nodig het.

‘n Mens kan nie in God se Kerk wees en afsydig teenoor Sy bediening staan nie. Sou dit egter die geval wees kan ons seker

wees dat daar een of ander sonde in daardie mense se gemoed is! (Daar is tussen God se uitverkorenes, seldsame gevalle waar leraars fouteer en moet daarmee gehandel word. U kan verseker wees dat die probleem deur Christus gehanteer sal word). Wat is aan die gang met mense wat nie regtig naby God en Sy Familie leraars wil wees nie? Dit is geen klein probleem nie.

Menige kere het ek gesien dat mense die Kerk verlaat, wat net 'n week vantevore my verseker het van "100 persent ondersteuning". Ek is seker dat in die meeste van die gevalle word dit goed bedoel. Op stuk van sake egter wat is die betekenis van woorde indien dit nie deur "DADE" gerugsteun word nie?

DIE UITVERKORE VROU

"Die ouderling *aan die uitverkore vrou* en aan haar kinders..." (2 Johannes 1). Ons is die "uitverkore vrou," en is ook Jesus Christus se koninklike bruid. *Uitverkore*, beteken *deur God uitverkies*. Ons het nie ons Eggenoot en Vader gekies nie. Na lang oorweging en baie bepeinsing om te bepaal of ons die potensiaal besit om vir sy Seun 'n toekomstige bruid te wees—die ENIGSTE VROU WAT CHRISTUS IN EWIGHEID SAL HÊ, IS ONS DEUR GOD UITVERKIES OM VIR SY SEUN 'N BRUID TE WEES! WAT 'N "UITVERKORE VROU!" DIE ALLERGROOTSTE UITDAGING WAT DAAR VIR ONS IS, IS OM TE ONTHOU WIE ONS WERKLIK IS!

Wil ons werklik van die wete wegdraai omdat ons nie van God se regering of Sy wet hou nie? Eintlik behoort ons met opgewondenheid en verwondering gevul te wees, vanweë ons komende huweliksbevestiging met Christus wat op hande is. Is dit nie hoe twee mense wat voorbereidings vir hul huwelik in die wêreld tref, sal voel nie? 'n Fisieke huwelik egter, kan nie naastenby met 'n geestelike huwelik, waartydens ons die koninklike bruid van die Koning van Konings word, vergelyk word nie.

Ons behoort met opwinding, verwondering en verbystering gevul te wees. Besef ons dit werklik? Ons moet vurig bid om dit te besef! Die God-Familie is by verre die mees uitmuntende koninklikes op hierdie Aarde.

Die Kerk is 'n "moeder vir ons almal" (Galásiërs 4:26). Kinders word deur 'n moeder gevoed en vertroetel. Wanneer ons met nuwe openbaring deur God, gevoed en vertroetel word, dan is dit

noodsaaklik dat ons IN GOD SE KERK “DIE UITVERKORE VROU” MOET WEES.

LIEFDE IN WAARHEID

“Die ouderling aan die uitverkore vrou en aan haar kinders—WAT EK IN WAARHEID LIEFHET, en nie net ek alleen nie, maar ook almal wat die waarheid leer ken het” (2 Johannes 1). Liefde “*in die waarheid*” word deur Johannes beklemtoon omdat so baie keer ‘n *onegte* liefde bespreek het, wat teenstrydig met God se waarheid was.

Nieteenstaande dat so baie mense God verlaat het, het JOHANNES HULLE NOG STEEDS IN WAARHEID LIEFGEHAD! Indien ons nie die diepte van Johannes se liefde begryp nie, is ons kansse goed om ook Laodicense te word

Het ons mekaar “in die waarheid” lief? Dit sal nie deur God op ons afgedwing word nie. HY WIL NIE ‘N BRUID HÊ WAT NIE WERKLIK BELANGSTEL OM IN HIERDIE HUWELIK BEVESTIG TE WORD NIE. Watter man is daar wat ‘n vrou wil hê wat hom nie liefhet nie? Mense wat nie ‘n ware en geoorloofde liefde het nie, word deur Christus verwerp. Hy wil hê dat Sy mense hom moet LIEFHÊ! Christus het alles vir ons gedoen, nou is dit ons beurt om vir ons eggenoot iets te doen.

Die einde van 2 Johannes 1 lees as volg: “almal wat die WAARHEID leer ken het”. Sou ons die waarheid weet, dan WEEET ons ook waar die uitverkore vrou is. Hierdie sendbrief van Johannes is egter nie aan ons geadresseer, indien ons nie die waarheid ken nie. Sou ons die uitverkore vrou nie liefhet nie weet ons beslis nie wat liefde is nie. HIERDIE UITVERKORE VROU MOET ONS KEN EN IN DIE WAARHEID LIEFHÊ.

VOLLE BELONING

“Ter wille van die waarheid wat in ons bly en by ons vir ewig sal wees” (vers 2). GOD SE KOSBARE LIEFDE, SAL EEN TRILJOEN JARE IN DIE TOEKOMS IN, TERWYL ONS DIE HEELAL VERFRAAI, NOG STEEDS BY ONS WEES.

“Genade, barmhartigheid, vrede sal met julle wees van God die Vader en van die Here Jesus Christus, die Seun van die Vader, IN WAARHEID EN LIEFDE. Ek was baie bly dat ek van u kinders gevind

het wat in die waarheid wandel, soos ons ‘n gebod van die Vader ontvang het” (verse 3 en 4). Vader en Seun is vir ewig in hierdie waarheid gegrond. Dit is inspirerende God-Familie liefde.

Hulle het “‘n opdrag van die Vader” ontvang—‘n opdrag dat ons in Sy Familie waarheid moet wandel.

Sommige Laodicense verstaan nie meer dat hulle in Sy Familie in, weergebore moet word nie. Daar is selfs sommige wat nou in ‘n God-drie-eenheid glo, wat beteken dat hulle die die evangelie van die God-Familie begrip totaal verloor het.

Die ‘United Church of God’ wat die ‘Worldwide Church of God’ verlaat het, het te kenne gegee dat hulle met ‘n nuwe tipe regering wou eksperimenteer—wat totaal verskil van die wat Meneer Armstrong verkondig het. Dit beteken dat daardie Laodicense hul Vader verlaat het—en na ‘n vreemde god—die god van hierdie wêreld gedraai het (2 Korinthiërs 4:4). Dit is geen wonder dat God hulle uit Sy mond uit wil spuu nie.

“En nou bid ek u, uitverkore vrou, nie asof ek ‘n nuwe gebod skryf nie, maar een wat ons van die begin af gehad het. Dat ons mekaar moet liefhê” (2 Johannes 5). God se Kerk word as ‘n vrou in die Bybel *voorgestel* en gebruik Johannes die woord *vrou*, omdat hy die Kerk in sy geheel aanspreek.

Wanneer ons wegdraai, word ons deur ons eie geskiedenis veroordeel—en dit is wat ons “van die begin gehoor” het. Aangesien Mnr. Armstrong alle dinge herstel het, is die uitdrukking, in hierdie laaste uur, kenmerkend van hom.

“Wees op julle hoede, dat ons nie verloor wat ons deur arbeid verkry het nie, maar ‘n VOLLE LOON ontvang” (vers 8). Wil God ons benadeel? Nee—Hy sê, *dat indien ons nie self ondersoekend is nie, ons nie ‘n VOLLE BELONING SAL ONTVANG NIE!* Meeste van die mense wat om Johannes was, het nie hul volle beloning ontvang nie. Vandag egter, sal diegene wat in die Verdrukking berou het, in God se Koninkryk wees, maar hulle ewige hoofkwartier beloning verbeur. Die mislukking sal vir ewig deel van hul geskiedenis wees. JOHANNES WOU NET GEHAD HET, DAT AL HIERDIE MENSE ‘N VOLLE BELONING VIR EWIG MOES VERKRY!

Verlang ons om ‘n *volle beloning* te verkry? Moet dan nie alles wat julle “bewerk” of voor gewerk het, verloor nie. Doen selfondersoek met die Heilige Gees. Stel vas waar sonde gedoen word en maak veranderings. Dit is God se verlange dat ons ‘n

volle beloning moet verkry! Hy wil ons saam met Christus by Sy hoofkwartier vir ewig hê!

SOU ONS EGTER MET 'N MENSLIKE GESINDHEID SELF ONDERSOEKEND WEES, SAL ONS NOOIT KAN VASSTEL WAT ONS GEESTELIK VERBROU NIE. Dit verg dat ons met God se Heilige Gees, en op ons knieë Hom om Sy siening smee. Laat die Heilige Gees jou, in alles wat jy aanpak, lei. Al hierdie dinge is in die konteks van Christus wat in die vlees kom.

DIE GELEENTHEID IS ONS S'N OM VIR EWIG VANAF HOOFKANTOOR TE REGEER! DIT IS DIE VOLLE BELONING WAT ONS DEUR GOD AANGEBIED WORD!

Ons word deur God getoets, Hy is egter nie wreed nie. Hy wil hê dat ons moet weet dat indien ons Sy regering, "die ouderling" en ons Eggenoot, waarlik liefhet, ons 'n VOLLE BELONING ontvang, aangesien Hy poog om ons die finale beloning te laat verkry.

Die insette kan nie veel hoër wees nie. Dit is God se begeerte dat ons sommige van die adellikste posisies in Sy Koninkryk, wat vir ewig sal bestaan, beklee!

ENGEL VAN LIG

"Elkeen wat 'n oortreder is en nie bly in die leer van Christus nie, hy het God nie. Wie in die leer van Christus bly, hy het die Vader sowel as die Seun" (vers 9). Die Vader en Seun is een. Die Familie eenheid wat die Vader en Seun vir ewig het, word deur Johannes aanhoudend beklemtoon.

"As iemand na julle kom en hierdie leer nie bring nie, ontvang hom nie in die huis nie en groet hom nie" (vers 10). Hierdie aspek is in hierdie laaste uur nog meer van toepassing, omdat daar buite boosaardige wolwe is, wat ons verantwoordelikheid nog verder bemoelik. Ons moet dringend WEEET wat hierdie leerstelling waarvan gepraat word, is. Sou iemand, miskien 'n vriend of 'n familielid van 'n Laodicense kerk, nie hierdie leerstellings bring nie—kan u nie bekostig om te dink. *Ek moet versigtig in my benadering van hierdie aangeleentheid wees; ek mag nie toelaat dat hulle my uitbuit nie, omdat ek moontlik moeilikheid sal teëkom as ek nie menslik gesproke hieroor nagedink het nie.* Indien dit u gedagte sou wees, dan het u reeds 'n ernstige fout begaan! Johannes sê kort en kragtig—maak toe die deur! Luister hierin na God se regering—"luister na die

"ouderling". Die ouderling en die bediening is hier geplaas om te "waak vir jul siele"—en julle ewige lewens (Hebreërs 13:17)!

In Johannes se dae was daar mense wat beweer het dat hulle God en die Kerk liefhet terwyl hulle besig was om die Kerk te VERNIETIG! Dit is so maklik om deur mooi woorde verlei te word. Ons wil graag dink dat *hulle my liefhet en ek hulle liefhet*. Hulle het egter NIE GOD LIEF NIE! Hulle het ook NIE JOU LIEF NIE! Sou hulle jou liefhê sou hulle hulself aan Christus en sy leraars onderwerp het: Johannes waarsku dat ons ewige lewe in gedrang is, en ons moet die gevaar besef! Johannes klassifiseer hierdie mense as ANTICHRISTE ! DIT IS HULLE WAT OOR LIEFDE PRAAT TERWYL HULLE IN STRYD IS MET GOD, WAT LIEFDE IS!

Ons kan nie met hierdie tipe van gevaar flankeer nie. Selfs al het ons SALOMO SE WYSHEID kan ons nog steeds verlei word! Ons moet ten alle tye besef DEUR WIE DAARDIE PERSOON BEINVLOED WORD. Satan is baie meer geslepe as wat ons is, indien ons nie naby God bly nie.

Die vernaamste brandpunt hier is die antichriste—hulle wat van "ons uitgegaan het." Hulle vertoon soos "engel[e] van die lig," met ander leerstellings. Hulle stel egter nie belang in die waarheid nie, en is dit hulle doel om jou vas te trek. Maak beleef die deur toe, want hulle is besonder gevaarlik.

Klink dit wreed? Ons moet onthou dat ons ewige glorie op die spel is!

"Want die een wat hom groet, het gemeenskap aan sy bese werke" (2 Johannes 11). Moet hulle derhalwe nie eens gegroet word nie, aangesien ons net so skuldig aan hulle sondes sal wees. Ons moet kan sien hoe gevaarlik die geestelike stryd is. Hierdie Laodicense het vanuit God se kamp gegaan en arbei nou vir die duiwel. Hulle wil baie graag hê dat ons by hulle moet aansluit. Diep in hulle binneste besef hulle dat hulle foutter. Hoe meer maats hulle het om met hulle te deel, hoe meer versekerd is hulle in hul waan.

Die wêreld se gelowe hou gevaar in. Die gevaar is egter baie groter van die mense wat God geken het en toe teen Hom in opstand gekom het. Hulle word antichriste genoem omdat hulle te velde trek teen Christus wie eens op 'n tyd hulle Hoof was.

Selfs al wil dit voorkom asof hul berouvol is, moet hulle na God se leraars verwys word. Gewoonlik is hulle gevaarlike verlei

wat ons ewige lewe as prooi verlang. Geestelik is hulle besig om te sterf en verlang hulle dat ons by hulle moet aansluit!

Die enigste veilige weg is om God se Woord gehoorsaam te wees, wat ook God se manier is om Sy Familie te beveilig. Dit is 'n geval van, vir ewig lewe of vir ewig sterwe!

Verskeie uitlêers noem hierdie rebelle *afskeiers*. God noem hulle egter *antichriste*. Net Hy en Sy ware Kerk verstaan hoe gevaarlik hulle werklik is.

Die era van Efése het met groter glorie as enige van die ander eras begin, omdat Christus die era persoonlik gestig het. Daardie era was verneder en deur die duiwel vernietig. Van die mees intellektueles in God se Kerk is deur hom mislei. Ons moet hierdie woorde van God nie ligtelik opneem nie.

Gajus Het Die Geheim Van Sukses Gehad

“**D**IE OUDERLING AAN DIE GELIEFDE GAJUS WAT EK IN *waarheid liêfhet*” (3 Johannes 1). Dit is geensins genoeg om net van liefde te praat nie. Ons moet “in *waarheid liêfhê*.” Hoekom word die uitdrukking herhaaldelik deur Johannes gebruik? Dit kom ooreen met meneer Armstrong se herhaling keer op keer van die twee bome. Hoekom? Omdat mense net nie die betekenis daarvan gesnap het nie.

Baie verleiers en Antichriste, praat nog steeds aanhoudend van liefde, wat ook die benadering van die meeste vals leraars is. Soos Satan, kom hulle soos engele van die lig voor.

Liefde in die waarheid beteken liefde soos wat dit in die Woord van God, die Bybel weergegee Woord. SATAN HET EGTER ‘N ONEGTE LIEFDE WAT WETTELOOS IS. Enige regering wat dit sou waag om die wet van God se liefde te verkondig, word deur hom aangeval.

WEES VOORSPOEDIG EN IN GOEIE GESONDHEID

“Geliefde, ek wens dat dit met jou in alles goed mag gaan en dat jy gesond is, soos dit met jou siel goed gaan, [of dat jy geestelik voorspoedig is]” (3 Johannes 2). Gajus—(moontlik nie eens ‘n leraar nie) ‘n man wat toegewyd was in God se werk, word eerste deur Johannes genoem. Daarna word daar van *voorspoed* en *gesondheid*

gepraat. IN HIERDIE TWEE GEBIEDE WORD GOD SE MENSE SWAAR GETOETS. Ons word almal, met min voorspoed en gesondheid deur God getoets. Derhalwe moet ons nie hulle wat hierin getoets word, veroordeel nie. Buiten dit, sê Johannes, DIE ENIGSTE WYSE OM MAKSIMUM GESONDHEID EN VOORSPOED TE BEKOM, IS OM JOU LEWE VIR DIE WERK VAN GOD TE GEE! DIT IS WAT GAJUS GEDOEN HET. Somtyds is daar 'n behoefte aan gesondheid en voorspoed omdat ons nie besef dat God se werk eerste geplaas moet word, soos wat dit hoort nie.

GOD VERLANG *BO ALLES* DAT ONS VOORSPOED EN IN GOEIE GESONDHEID MOET WEES, SOOS WAT ONS GEESTELIK FLOREER! Hy wil ons in beide hierdie gebiede sêen! Indien ons verlang om *buitengewone* voorspoed en *buitengewone* gesondheid te hê, is hierdie die allerbeste geleentheid om die seëninge te ontvang, deur ons lewe, soos wat Gajus dit gedoen het, aan hierdie werk te wy.

Verskeie kere terwyl ekself ongesteld was, en ek sekere dinge vir die werk moes verrig, het ek dit gedoen, met die vertrouwe dat God dit so verlang. Feitlik elke keer het my gesondheid verbeter.

Hoekom word gesondheid en voorspoed in die verband deur God bespreek? Omdat ons *almal* graag gesondheid en voorspoed wil hê. Indien ons *geestelik* floreer, soos Gajus, sal ons die meeste seën hierop ontvang.

God is vurig in verband met Sy werk! Christus het ons as volg meegedeel “My voedsel is om die wil te doen van Hom wat My gestuur het en om Sy werk te volbring” (Johannes 4:34). God se werk was Christus se LEWE—en dit is dit nog steeds!

Indien ons met al die krag tot ons beskikking God se werk wil bevorder, sou ons in die algemeen dink, dat God ons voorspoed en gesondheid wou *wegneem*? Of sal HY sê, *Seën daardie individu, Ek weet dat hy My werk eerste plaas in soverre dit sy energie en geld betref!* Ons moet soos God daarvoor dink. Hy doen alles met groot vurigheid. Sou ons al ons voorspoed en gesondheid vir die werk van God gebruik, sal ons nog meer voorspoed en gesondheid bekom! Dit beteken egter nie, dat ons *altyd* voorspoedig en gesond sal wees nie, ons sal egter *meer* van daardie seëninge hê.

Wanneer ons lewe gevul is met slegte gesondheid en min of geen voorspoed nie, moet ons selfondersoek doen vir sonde in ons lewe. Dit is God se wens dat ons “*bo alles*” voorspoed en goeie gesondheid moet ervaar! Natuurlik moet ons deurentyd

selfondersoekend wees om te bepaal of daar sonde in ons lewe is al dan nie.

Soos Christus IS ONS EERSTE PRIORITEIT, OM ONS GESONDHEID EN VOORSPOED IN ARBEID VIR GOD TE BELÊ.

‘N POSITIEWE VOORBEELD

“WANT EK WAS BAIE BLY, as daar broeders kom en van die waarheid in jou getuig, soos jy in die waarheid wandel” (3 Johannes 3). In al drie van Johannes se sendbriewe, wat gedurende die grootste krisis wat hy in sy lewe moes konfronteer, geskryf is, praat hy van sy BLYDSKAP. Egte blydskap. Onself het ook baie waaroor ons kan jubel! Kyk net wat God vir hierdie werk doen! Let op die gereelde *stroom* openbarings. Let op die toewyding van God se mense wat dit moontlik maak om die onthullings bekend te maak. Ons is getuies van die *wonderwerke* wat God deur Sy mense verrig!

Verwag egter dat daar teenkating sal wees. Terwyl God ons baie blydskap wil gee, wil Satan dit verwyder en ons net so *ongelukkig* maak soos wat hy self is. Hy is ook besig met ‘n geweldige poging om hierdie wêreld ook ongelukkig te maak—en dit is om mense slawe te maak van euwels wat hul blydskap ondergrawe.

God sê aan ons: *Wees bly saam met My en Ek sal julle met blydskap vul en aan julle ‘N VOLLE BELONING gee!* Sou mense dit nie wil hê nie, is dit hul eie keuse: niks word op enige iemand, deur God afgedwing nie. Ons kan egter seker wees, dat Hy, soos enige goeie ouer, alles in Sy vermoë doen om Sy kinders wat besig is om hulle self te benadeel, reg te help en in orde te bring. Hy wil ons volle blydskap gee.

Johannes was vol blydskap toe hy hoor hoe mense van Gajus wat in die waarheid wandel, getuig! Hy het nie *praatjies* van goeie dade gehad nie, hy het in die waarheid *gewandel*. Daarby het hy nie net van liefde gepraat nie, hy het sy liefde met dade bewys.

HIERDIE INSPIRERENDE VOORBEELD VAN VOORSPOED EN GESONDHEID WORD DEUR JOHANNES GEBRUIK OM AAN MENSE AAN TE DUI HOE DIT VERKRY KAN WORD. In hierdie opsig was Gajus ‘n besondere voorbeeld om te volg. Sy hele bestaan het om God se werk gewentel. Wat ‘n besondere *voorbeeld* is dit nie vir God se Kerk nie. Dit is die mees doeltreffende wyse om God se

waarheid te verkondig, dit is ook die wyse waarop ons 'n volle beloning ontvang.

Sou ons in God se waarheid wandel soos wat Gajus dit gedoen het, sal ons God se werk vuriglik dien.

Hoekom word hierdie aspek so vele male deur Johannes beklemtoon?

In vers 10 lees ons dat Diótrephes presies die teenoorgestelde gedoen het en dat mense vanweë sy optrede van die waarheid af weggedwaal het.

Johannes begin hierdie sendbrief, deur na 'n voorbeeld te verwys waar mense *na* God en *na* geregtigheid gedraai het. Hy was egter ook neerslagtig omdat nie meer mense so 'n besondere voorbeeld gevolg het nie; daar moes baie meer mense gewees het wat dit gedoen het. Hy het egter gejubel omdat Gajus sy lewe vir die werk geoffer het—en dat hy sy oë op Christus en *die ouderling* gevestig het.

In die Skrif is daar geen aanduiding dat Gajus 'n leraar was nie. Moontlik was hy maar net 'n gewone lid wat oral waar hy kon, Johannes gehelp het. Die wat Johannes gestuur het is deur Gajus bygestaan. Andere weer wanneer hulle na Johannes terugkeer, het teenoor hom getuig van Gajus se groot werk en hoe hulle deur Gajus gedien is. Niemand van ons moet met ons goedheid te koop loop nie, sou ons egter goeie werke doen, sal daar mense wees wat daarvan kennis neem—vernaamlik diegene wat deur ons gedien word!

Beïndruk ons God met *ons* goeie werke? Indien wel sal groot dinge in ons lewens plaasvind!

“Ek het geen groter blydschap as dit nie, dat ek hoor dat my kinders in die waarheid wandel”(vers 4). JOHANNES PRAAT HIER MET DIE DIEPSINNIGHEID VAN GOD DIE VADER! SY GROOTSTE BLYDSKAP WAS DAT “SY KINDERS IN DIE WAARHEID WANDEL.” WAT WOORDE UIT DIE GEMOED VAN ONS LIEFDEVOLLE VADER IS.

Wat 'n diepe liefde het Johannes nie gehad nie!

Johannes, hierdie groot man van God, het gejubel, toe hy van Gajus gehoor het. Wandel in die waarheid; doen wat ons ookal kan om God se werk te bevorder. Sou ons dit doen, sal ons blydschap aan ons leraar besorg. Ek is so dankbaar teenoor God wanneer ek waarneem hoe God se mense uit gaan en diens aan andere bewys of wanneer nuus van die aard my bereik! Sekere

gedeeltes van ons arbeid sal skipbreuk lei, indien dit nie vir sulke mense was nie.

IN DIE OPENINGSREDE VAN AL DRIE JOHANNES SE SENDBRIEWE, WORD BLYDSKAP BESPREEK. HY WAS MOONTLIK TE MIDDE VAN DIE MEES ERNSTIGSTE KRISIS WAT HY NOG OOI MOES KONFRONTEER. MENSE WAT IN DIE WAARHEID WANDEL ONDERVIND ALTYD GOD SE BLYDSKAP. JOHANNES HET MIDDE IN SY BEPROEWING GEWEET HOE OM BLYDSKAP TE ERVAAR. God se mense moet ten alle tye en onder alle omstandighede blydskap hê.

Is ons met blydskap gevul?

DRYF DIE WERK VORENTOE

“Geliefde, jy handel getrou...” (vers 5). *Geliefde*—is ‘n woord wat so dikwels in Johannes se sendbriewe gebruik word. Hy het ‘n egte liefde vir mense gehad. Meeste van God se mense het egter gedink dat hy hulle *nie meer* lief gehad het nie.

“Geliefde jy handel getrou in alles wat jy doen vir die broeders, en dit vir vreemdelinge wat van jou [liefde] voor die gemeente getuig het. Jy sal goed doen as jy hulle voorthelp op ‘n voor God waardige wyse” (vers 5-6). Wat Gaius en andere wat soos hy was, gedoen het, word bespreek. Mense het van hulle *agape* of God se liefde, getuig. Hoe kosbaar vir God, wanneer Hy ‘n familie of ‘n individu waarneem wat alles moontlik doen om Sy werk te ondersteun.

As jy hulle voorthelp” moet eintlik “hulle vorentoe gestuur het” lees. Die mense het leraars waargeneem wat *die ouderling* ondersteun het, en alles in hul vermoë gedoen *om hulle vorentoe* te stuur, om groter diens in God se werk te verrig. Ek is oortuig daarvan dat hulle hulle gevoed en die nodige offers gemaak het om hierdie manne op hul pad vorentoe te help. Ons het almal nodig om diens wat voor God waardig is, te gee.

SOU ONS ALMAL HIERDIE GESINDHEID BESIT SAL DIE PHILADELPHIA CHURCH OF GOD ONSTERFLIK WEES! Daardie gebiede waar die Philadelphia Church of God sulke leiers het, *floreer*. Daardie mense eien hulself leierskap toe om die Familie van God te help bou. Dit is waarlik die manier om *in liefde te wandel!*

Om die kwaliteit van ons liefde te bewys word ons getoets en beproef. Doen ons werklik alles moontlik om hierdie werk

vorentoe te dryf? In my studie van Johannes se sendbriewe, besef ek dat ek meer diepte uit die Bybel moet bekom om God se werk te versterk! Om hierdie soort liefde te verstaan verg egte inspanning!

Is ons poging van 'n "goddelike soort" of God waardig? Arbei ons op 'n wyse wat God sal goedkeur? Hierdie is 'n mooi uitdrukking en 'n diepsinnige konsep. Dit is op hierdie wyse wat God die Laodicense van die uitverkorenes skei. Ons moet offer soos wat Christus geoffer het.

Die werk kan verskeie dinge behels: om God se televisie program, enige van talle ander projekte, asook die publisering van boeke, geskrifte en tydskrifte te ondersteun. Indien ons diegene is wat God se leiers "voortgehelp het" om die werk te doen, sal ons beloning baie groter wees as wat ons verbeelding kan strek.

INDIEN HIERDIE WERK STERF, SAL DIE KERK OOK STERF! WARE CHRISTENE WORD AAN DIE LEWE GEHOU, DEUR GOD SE WERK TE DOEN! Die Laodicense het nie 'n oop deur nie, omdat hulle God se werk gestaak het (Openbaring 3:7-20). Dit is ook die rede *waarom* hulle geestelik sterwend is! (2 Thessalonicense 2 :10).

HELP OM GOD SE WERK AAN DIE LEWE TE HOU EN DIT SAL JOU LAAT LEWE. DAAROM DAT ONS VANDAG—BUIITE SEISOEN—GEROEP IS! Ons geestelike lewens wentel daarom dat ons die werk vorentoe dryf.

"Want vir Sy naam het hulle uitgegaan sonder om iets van die heidene te neem" (Johannes 3:7). Hier was leraars wat so welwillend teenoor voornemende lede was, dat hulle nagelaat het om hulle tiendes te vra, soos wat deur God opgedra word. Eie behoeftes was nie in hul gedagtes nie. Die voornemende lede was soos brose blomme behandel, om hulle vir God te red.

Gajus en ander lede het waargeneem wat hierdie leraars doen, *waarop hulle op hul beurt onderneem het, om ook hulle lewens daarvoor te gee, sodat hulle die werk vorentoe kon beweeg!* Wat sou gebeur het indien hulle nie tussenbeide gekom het om vir daardie leraars te voorsien, sodat hulle vorentoe kon gaan nie. Op die minste sou die werk gestagneer het.

Wat was hulle motief? Hulle het dit vir God gedoen—"vir Sy Naam onthalwe." Hulle het God geken en Hom lief gehad. Daarom dat hulle vir Hom gearbei het. Hulle het die Apostels se voorbeeld gevolg, "bly dat hulle waardig geag was om vir Sy Naam oneer te lei" (Handelinge 5:41).

DINK U DAT GOD SOU NALAAT OM 'N PERSOON WAT HIERDIE DINGE DOEN, TE BEGUNSTIG?

MEDE-ARBEIDERS VAN DIE WAARHEID

“Ons behoort dan sulke mense goed te ontvang, sodat ons MEDE-ARBEIDERS VAN DIE WAARHEID kan word.” Hul goeie daade is vir altyd deur Johannes in die Bybel heilig verklaar! Die boek is aan “die geliefde Gajus” geskryf. AAN HOEVEEL MENSE WORD 'N BOEK IN DIE BYBEL GERIG—SELFS IEMAND WAT MOONTLIK NIE EENS 'N LERAAR WAS NIE? God se gesindheid jeens Gajus is opgeteken vir almal om dit te sien. HIERDIE STUK IS DEUR GOD LAAT HEILIG VERKLAAR SODAT ONS KAN SIEN HOE WAARDEVOL DIT KAN WEES OM DIE WERK VAN GOD TE ONDERSTEUN. GOD SIEN ALTYD WAARMEE SY HEILIGES BESIG IS! Deur sulkes te bevoordeel met goeie gesondheid en ander seënninge, toon Hy hoe behaaglik dit vir Hom is.

HIERDIE SENDBRIEF IS 'N MONUMENT AAN AL DIE BROEDERS WAT VERSPREI IS EN WAT DIENEND ARBEI! GOD WIL HÊ DAT ONS MOET WEEAT DAT HY ALLES SIEN en dat Hy met ons arbeid bekend is. Hoe sal Hy anders weet om ons 'n volle beloning te gee, indien Hy nie van ons goeie daade bewus is nie? Hy sal nie weet wie om te beloon en wie om te straf nie. Ons Vader weet baie beslis wat Sy kinders doen.

1 Korinthiërs 3:9: “ONS IS MEDE-WERKERS VAN GOD”. Wat 'n eer! Sou u nie graag wil deelneem indien u besef waarmee ons besig is nie? Gajus het gesê, *ek wil 'n arbeider van God wees! Hierdie is GOD se werk waarin ek 'n deelname wil hê!* Terwyl die meeste van God se mense te midde van 'n verraderlike tydperk, afgedwaal het, het hy lojaal gebly. God sê, dat Hy aan so 'n persoon 'n VOLLE BELONING sal gee.

Die woord, *ontvang* in 3 Johannes 8 is in die “Revised Standard Version” Bybel, as *ondersteun* vertaal, wat na my mening meer toepaslik is. 'n Mens kan van God se arbeiders aan huis ontvang maar hulle tereg wys omdat hulle God se werk doen. Inteendeel, wat ons egter altyd moet doen is om hulle te ONDERSTEUN.

Hierdie is een van die mooiste leersame voorbeelde in die Bybel en is vandag op ons van toepassing. Eségiël praat van die koninklike kinders van Zadok, (Eségiël 44:15), wat mense is wat altyd teenoor

die troon van Dawid lojaal is, niteenstaande skokke en traumas. Selfs “geloofsversaking” bring hulle nie van stryk nie omdat hulle weet dat hulle MEDE-WERKERS VAN GOD IS! Daar is geen arbeid ter wêreld wat naastenby hiermee vergelyk kan word nie.

Meneer Armstrong het in die “*Good News*” van Maart 1960 die volgende gesê: “Ek het nog altyd opgelet dat diegene wie se hart asook hul beursies, waarlik in God se werk is, is diegene wie geestelik na aan God verkeer en steeds geestelik groei. Sonder uitsondering het elke lid van God se Kerk wat belangstelling in God se WERK verloor het—die werk om die evangelie in die hele wêreld te verkondig, geestelik agteruit gegaan. Nie lank nie of sulkes volg valse leerstellings. Hul begrip word afgesluit en begin hulle om leuens en vergissings te glo. Bitterheid en ongelukkigheid word meer en meer hulle deel, en word hulle weer wêrelds, of volg een of ander valse spruit van ‘n beweging wat geen vrugte dra en wat versuim om die WERK VAN GOD, wat Christus se opdrag was, te doen!

In ‘n ander Januarie 1960 “*Good News*” artikel, het hy as volg geskryf: Maar SOMMIGE van hulle in God se Kerk sal moeg word in goeie werke, windmakerig dat hulle in die ware Kerk van God is—met die gedagte dat hulle geestelik ryk is, wanneer hulle inderwaarheid, feitlik geestelik brandarm is. Vanweë hul onverskilligheid, louheid en ‘n gebrek aan ywer om die waaragtige WERK VAN GOD te doen, sal Christus hulle uit Sy mond uitsuug. Hulle kan dus nie in Sy werk gebruik word nie! Hulle sal die ware verlossing waarmee hulle so spog, verloor, indien hulle nie berou sou hê nie! God help *ons* om nooit in die LAODICENSE Kerk te beland nie!”

Johannes het soortgelyke probleme gehad wat hy in die gesig moes staar en het hy dieselfde gevolgtrekkings gemaak.

DIÓTREFES

“Ek het aan die gemeente geskrywe, maar Diótrerefes, wat onder hulle die eerste wil wees, steur hom nie aan ons nie” (3 Johannes 9).

Hier is ‘n voorbeeld wat dramaties die teenoorgestelde van Gajus is. Diótrerefes was ‘n leraar en streeksdirekteur en die Grieks hier bewys dat hy “onder hulle die eertse wil wees”. Gajus het alles wat hy kon, gedoen om die dienaars van Johannes te help. Hy het God

se dienaars en werk, eerste *geplaas* terwyl DIÓTREFES HOMSELF GRAAG AS EERSTE BESKOU HET! Toe alles in God se Kerk besig was om te verval, wou hy nog steeds eerste wees! Hierdie denkwysie het hom verteer en hy het bes moontlik sy ewige lewe as gevolg daarvan verbeur. Hy was deur ydelheid verteer met die vulgêre begeerte om eerste te wees, terwyl Gajus net vir God wou arbei.

Terwyl Diótrefes in die modder verval, word Gajus opgehemel.

“Daarom, as ek kom, sal ek hom herinner aan die werke wat hy doen deur met slegte woorde teen ons uit te vaar: en hiermee nie tevrede nie, ontvang hy nie alleen self die broeders nie gasvry nie, maar verhinder ook die wat dit wil doen en werp hulle uit die gemeente” (vers 10). Die *Anchor Bible Dictionary*, sê die volgende van Diótrefes: “Hy het die OUDERLING wat 3 Johannes geskryf het, se outoriteit verwerp, hom in die openbaar aangeval en diegene wat die OUDERLING se afgesante wou ontvang, verhinder en almal wat dit gedoen het, uitgesluit.” Net die teenoorgestelde van wat Gajus gedoen het!

Interresantheidshalwe, die naam Diótrefes beteken ”deur Zeus gevoed.” Gee dit nie ’n aanduiding van wat met die man gebeur het nie? Hy was nes ’n man in God se eindtyd Kerk, VAN WIE DIE MEESTE MENSE VANDAG DINK DAT HIERDIE MAN VAN SONDE SO BAIE LIEFDE HET! HULLE DINK DAT HY ’N PRAGTIGE VOORBEELD VAN LIEFDE IS OMDAT HY DEURENTYD DIT AANHAAL TERWYL HY BESIG IS OM ’N SLAGTING VAN GOD SE WET VAN LIEFDE TE BEWERKSTELLIG!

Diótrefes was ’n *sinnebeeld* van ’n eindtyd antichris. Sy groot probleem was nie dat hy leerstellings verwerp het nie, maar dat hy mag begeer het. Sy groot probleem was dat hy die hoogste amp wou hê! DIT IS PRESIES WAT SATAN SE PROBLEEM WAS! Hierdie bese man handel in die gees van Satan. Dit is moontlik dat hy deur die duiwel besete was.

Johannes sê dat ‘indien’ hy kom, sal hy hom herinner aan die werke wat hy doen. Dit dui daarop dat Johannes moontlik in gevangenskap was. Te midde van so ’n ernstige krisis in die Kerk, sou dit sekerlik iets soos gevangenskap moes wees om Johannes weg te hou!

Hierdie “met slegte woorde teen ons uit te vaar” wat Johannes meld is ’n profesie wat mense van my en van leraars van die Philadelphia Church of God sal sê. Gedurende hierdie laaste uur

sal daar baie sulke lasterlike bewerings teen ons gemaak word. “Kwaadwillige woorde” in Grieks beteken: vol van arbeid, pyn en onheil stook”. Mense wat deur die duiwel geïnspireer word, is werksaam om God se werk te vernietig.

Dink u dat Diótrifes moontlik kon dink dat sy ellendige voorbeeld in God se Woord gekanoniseer sou word? Wat ‘n tragedie is dit wanneer ‘n leraar versleg.

Daar is tye wat God baie spesifiek raak. Hy het name genoem—goed en sleg. Ons moet nooit die voorbeelde van Gajus en Diótrifes vergeet nie.

Slotrede

Van Die Begin Af

EK GLO DAT DIE UITDRUKKING “VAN DIE BEGIN AF” DIE allerdiepste in die Bybel is! Baie min mense op die planeet Aarde verstaan hierdie visioen. Alleenlik mense wat kragtig aan God toegewy is, kan hoop dat hierdie begrip aan hulle OPENBAAR word.

“Wat van die begin af was, wat ons gehoor het, wat ons met ons oë gesien het wat ons aanskou het en ons hande getas het aangaande die Woord van die lewe”(1 Johannes 1:1). Let daarop hoe dikwels Johannes die frase *van die begin af*, in sy sendbriewe herhaal en verstaan dan waarom.

Ek skryf aan julle, vaders, omdat julle Hom ken wat VAN DIE BEGIN AF IS. Ek skryf aan julle, jongmanne, omdat julle die Bose oorwin het. Ek skryf aan julle, kinders, omdat julle die Vader ken. Ek het aan julle geskrywe, vaders, omdat julle Hom ken wat van die begin af is. Ek het aan julle geskrywe, jongmanne, omdat julle sterk is en die Woord van God in julle bly en julle die Bose oorwin het. Wat julle dan van die begin af gehoor het, laat dit in julle bly. As in julle bly wat julle van die begin af gehoor het, dan sal julle ook in die Seun en in die Vader bly” (1 Johannes 2:13-14, 24). “Hy wat die sonde doen, is uit die duiwel, want die duiwel sondig van die begin af. Vir hierdie doel het die Seun van God verskyn, om die werke van die duiwel te verbreek. Want dit is die boodskap wat julle van die begin af gehoor het, dat ons mekaar moet liefhê” (1 Johannes 3:8, 11).

“En nou bid ek u, uitverkore vrou, nie asof ek `n nuwe gebod skryf nie, maar een wat ons VAN DIE BEGIN AF gehad het: Dat ons mekaar moet liefhê. En dit is die liefde, dat ons wandel volgens sy gebooië. Dit is die gebod soos julle VAN DIE BEGIN AF gehoor het dat julle daarin moet wandel” (2 Johannes 5:6).

Kom ons beskou hierdie uitdrukking van naderby.

DIE WOORD

Wat van die begin af was, wat ons gehoor het, wat ons met ons oë gesien het, wat ons aanskou het en ons hande getas het aangaande die Woord van die lewe” (1 Johannes 1:1). *Woord* is hoofletters. Die woord verwys na ‘n God wat Christus geword het. Om beter te kan verstaan wie hierdie Woord was, moet ons elders kyk.

Hierdie Apostel Johannes het die sendbriewe wat sy naam dra geskryf. “In die begin was die Woord, en die Woord was by God, en die Woord was God” (Johannes 1:1). Daarmee word *GOD SE PERSPEKTIEF* aan ons gegee— die groot oorsig. Hou in gedagte dat hierdie die mees inspirerende visioen is wat ons kan hê. ‘*Thayers Lexicon*’ defineër *Woord* as volg: “Die leerstelling wat hy [die Vader] opgedra het, om voorgedra te word” en die “waarvan gepraat” word —met ander woorde, die boodskap van die God-Familie.

LAAT EK HERHAAL: JOHANNES WAS DIE ENIGSTE NUWE TESTAMENT SKRYWER OM CHRISTUS AS DIE WOORD AAN TE DUI! Hy doen dit in vier verse: Johannes 1:1, 14; 1 Johannes 1:1; Openbaring 19:13. Kom ons kyk na die laaste vers. “En Hy was bekleed met `n kleed wat in bloed gedoop was, en sy Naam is Die Woord van God.” Hierdie is die Woord wat alles geskep het wat ewig was voor die engele en die heelal geskep is. Hierdie groot Wese se kleding was *in bloed gedoop*. Hy het `n mens geword en Sy bloed vir geringe mense—vir ons gestort.

Ons moet die prys wat vir ons sondes betaal is, onthou! DIT IS WAT ONS “VAN DIE BEGIN” AF MOET ONTHOU—ONS MOET DEEGLIK VERSTAAN WIE VIR ONS GESTERF HET! HIERDIE WETE MOET DEEGLIK IN ONS GEDAGTES BEKLEMTOON WORD.

Johannes herinner ons en homself WIE HIERDIE JESUS CHRISTUS REGTIG IS—WIE HY VAN DIE BEGIN AF WAS. Hierdie is die Wese wat die Apostels van die begin af met hul oë “gesien het”, wat hulle aanskou het en hul hande betas het. Hy was nie *net* ‘n man wat God

gestuur het nie. HY WAS EEN VAN DIE TWEE GROOT WESENS VAN DIE GOD FAMILIE WAT ONSTERFLIK WAS. Johannes wou seker maak DAT HY NOOIT DIE WONDERLIKE GESKIEDENIS—VAN DIE BEGIN AF SOU VERGEET NIE.

Die sinsnede se ooglopende betekenis is dat daar teruggegaan word na die begin, toe Christus op die Aarde was. Tereg word ons deur Johannes terugverwys na die *ware* begin toe daar net God en die Woord was!

Sou ons na Johannes luister, sal ons in God se verbysterende inspirasie gegrond word! Ons sal na ons asem snak indien ons die boodskap VAN DIE BEGIN AF, begryp. Sou ons vandag na Meneer Armstrong se tyd teruggevoer word, vind ons dat hy alle dinge herstel het (Mattheüs 17:10–11). Dit was die begin van die Filadelfiërs in die eindtyd. Ons is egter geleer wat *van die begin af* gebeur het. Herhaaldelik verwys hy na Johannes 1:1 as die begin, nie Genesis 1:1 nie en vandag word, dieselfde deur die Philadelphia Church of God gedoen.

Hoekom is dit so belangrik dat ons hierdie standpunt moet hê? OMDAT DIT GOD SE DOEL IS! DAT ALLE GESKAPENES DIE DOEL VAN DIE SKEPPER VERSTAAN—INDIEN HULLE OOK SKEPPERS WIL WORD. Ons moet God se perspektief hê, indien ons in die God-Familie in weergebore wil word. Die ambisie van Diótrefes word dan geestelike kranksinnigheid! Daar is nie naastenby enigiets wat met God se offer vergelyk kan word nie. Om God se Heilige Gees te gebruik om die diep dinge van God te ondersoek is egter nie maklik nie. Vir diegene wat dit verstaan, het God ‘n asemrowende geskenk.

Sou mens na Johannes geluister het kon hulle gedink het dat hy van Christus wou melding maak, pleks daarvan het hy die *Woord* bespreek. Dit was sy doel om ons na die EWIGE LEWE, te verwys—wat in die vlees geopenbaar sou word! Die Woord het ewig by God gewoon en Hy het homself in die vlees openbaar. Hierdie asemrowende boodskap het Johannes gepoog om werklik te maak! Die begrip van hierdie boodskap het baie ontgaan anders sou hulle nooit vir Diótrefes gevolg het nie.

LUCIFER REBELLEER

Wat was Lucifer se grootste sonde? “Hy wat die sonde doen, is uit

die duiwel want die duiwel sondig *van die begin af*. Vir hierdie doel het die Seun van God verskyn, om die werke van die duiwel te verbreek” (1 Johannes 3 :8).

Satan het *van die begin af* gesondig. Om dit te kan verstaan moet ons begryp dat eens op 'n tyd hy die wêreld regeer het. Hy het egter gesondig omdat hy nagelaat het om die REGERING VAN GOD OP DIE AARDE UIT TE VOER. SOU ONS HIERDIE BEGIN verstaan, dan weet ons ook van Satan se geskiedenis *van die begin af*.

Dit beteken dat ons ook moet weet dat Satan eens 'n hoof gerub was wat gehelp het om God se troon te beskerm, en dat hy vir daardie verantwoordelikheid geskep was. HY WAS DAAR IN BEKWAAM OM OOREENKOMSTIG GOD SE WIL TE REGEER MET GOD SE REGERING VAN LIEFDE. Geen ander engel kon beter geweet het oor hoe om te regeer nie. Hy het seker vir baie jare, miskien miljoene—by God se voete gesit. Daarna word Lucifer na die aarde gestuur om dit wat hy geleer het toe te pas.

Dit is noodsaaklik om die geskiedenis van die begin af te verstaan—indien nie, sal ons ellendige en hopelose mislukkings wees.

Aangaande die 'WCG' se ernstige probleme van die 1970's, het Mnr. Armstrong dikwels van Satan se aanvalle op God se Kerk gepraat. Hy het geweet wie die vyand was. Net die Philadelphia Church of God dink vandag dieselfde—wat 'n absolute realiteit is en nie bloot grootpraterigheid is nie.

“Jy was volkome in jou weë van die dag af dat jy geskape is, totdat daar ongeregtheid in jou gevind is” (Eségiël 28:15). Wat se ongeregtheid? Satan, net soos Diótrefes, wou voorrang geniet. Hy wou volgens sy manier regeer—en nie ooreenkomstig God s'n nie.

“Hoogmoedig het jou hart geword oor jou skoonheid; jy het jou wysheid verderwe weens jou glans. Ek het jou op die grond gewerp, Ek het jou oorgegee voor die aangesig van konings, dat hulle op jou kan neersien” (Vers 17). Hy was verwaand en bedorwe en het gedink dat hy die heelal sonder God se regering kon behartig!

Hoekom word Satan deur die Apostel Johannes bespreek? Omdat toe, Diótrefes voorrang wou bekom was dit Satan wat hom beïnvloed het.

Dit is ook Satan wat die Laodicense leiers vandag beïnvloed deurdat hy hulle laat dink dat hulle met 'n nuwe tipe regering beheer kan uitoefen—wat natuurlik flagrante opstand is! SATAN

HET REEDS VAN DIE BEGIN AF BEWYS DAT DIT NIE SAL WERK NIE.

Toe Lucifer en die engele geskape is, het God hulle in Sy wyse van regering en Wette onderrig. Dieselfde wet wat van ewigheid af in die heelal van toepassing was, naamlik: Liefde, vrede en harmonie. Dit was *van die begin af* so, en die engele het dit gewee!

TOE LUCIFER EN EEN-DERDE VAN DIE ENGELE IN OPSTAND GEKOM HET, IS HAAT EN OORLOG IN DIE HEELAL INGEVOER, WAT NOOIT VANTEVORE SO WAS NIE! GOD HET GEPOOG OM DIE ENGELE TE LAAT INSIEN HOE DIT *VAN DIE BEGIN* VAN DIE SKEPPING EN SELFS DEUR ALLE EWIGHEID VOOR DIE SKEPPING WAS. Hulle het egter geweier om berou te hê. Nou staar hulle “die donkerheid van die duisternis vir ewig!” in die gesig.

DIE ERA VAN LAODICÉA

Die finale era van God se Kerk is gemeente van die Laodicense. God sal vanweë hul sonde hulle uit Sy mond uit spuug in die Groot Verdrukking in. Vervolgens dwaal die meerderheid van God se mense in hierdie eindtyd van die waarheid af, en dit is waarom hierdie era louwarm beskryf word. Maar hoekom? Hoe kan dit dan gebeur? Die rede daarvoor is dat hulle die “*VAN DIE BEGIN AF*” visie verloor het en vervolgens daal hulle in die onheiligheid van hierdie wêreld af.

“En skryf aan die engel van die Laodicéa: Dit sê die Amen, die getroue en die waaragtige Getuie, *DIE BEGIN VAN DIE SKEPPING VAN GOD*. Ek ken jou werke, dat jy nie koud is en ook nie warm nie. Was jy tog maar koud of warm! Maar nou, omdat jy lou is en nie koud of warm nie, sal ek jou uit my mond spuug” (Openbaring 3:14). “Die begin van die skepping van God” word deur Jesus Christus verpersoonlik wat ook dieselfde boodskap is as Johannes 1:1 en 1 Johannes 1:1.

Die Woord, voordat Hy Christus geword het, is deur God gebruik om alle dinge te skep en dit voer ons weer terug na God en die Woord, na “die begin van die skepping van God” voordat die engele geskep is.

DIE INLEIDENDE VERS OPENBAAR DIE VISIOEN WAT DIE MENSE VAN DIE LAODICENSE VERLOOR HET. Hul begrip van die *Woord* het verlore gegaan. “Kyk, Ek staan by die deur en Ek klop. As iemand my hoor en die deur oopmaak, sal Ek ingaan na hom toe en saam

met hom maaltyd hou, en hy met My” (Openbaring 3:20). Christus is in hulle lewe ‘n buitestaander en klop Hy, om ingelaat te word.

Ons moet onthou dat hierdie God se eie mense is, en was Christus eens *binne* hul lewens. Nou het hulle “DIE GROTE GOD NA DIE BUITEKANT VAN HUL GEESTELIKE TEMPELS VERPLAAS.” Kan daar ‘n groter tragedie as dit wees? Geestelik is dit die reusagtigste ramp ooit.

Dit is die rede waarom God sê dat die Laodicense blind is en kan hulle nie die uiterste geestelike ramp wat hulle tref, sien nie.

Hulle raak opgewonde oor fisiese *goedere*- dinge van die wêreld. OM DIE BRUID VAN CHRISTUS TE WORD EN “ALLE DINGE” TE ERF MAAK HULLE EGTER NIE OPGEWONDE NIE.

“Almal wat EK LIEFHET bestraf en tugtig Ek. Wees dan ywerig en bekeer jou” (vers 19). God se werk word altyd deur mense gedoen. Daarom dat God ‘n ‘n klein oorblyfsel gebruik om te klop en tereg te wys met die hoop dat die Laodicense berou sal hê. Ons word deur sommige mense beskuldig van liefdeloosheid wanneer ons hulle waarsku. Ons doen dit omdat ons deur God gemotiveer word om hulle lief te hê. Hulle verloor die enigste en grootste visioen en doel wat hulle.

Die verse dui ook daarop dat die Laodicense nie maklik gekorrigeer word nie. God klop, berispe en laastens word hulle gekasty voordat sommiges gehoor gee.

Hierdie is ‘n besondere kragtige waarskuwing wat ons aan almal in hierdie eindtyd gee! Is ons enigsins sensitief teenoor Christus? Is ons vinnig om Sy teregwysing te hoor? Ons *ewige toekoms* word geformeer oor HOE KINDERLIK ONS TEENOR DIE WOORD SE TEREKWYSINGS IS!

“Aan *hom wat oorwin*, sal Ek gee om saam met My te sit op My troon, soos Ek ook oorwin het en saam met my Vader op sy troon gaan sit het”(vers 21). Hierdie is een en dieselfde visioen wat Johannes in sy ander geskrifte bespreek. Die Vader, Seun en “hy wat oorwin”, of dan Christus se bruid. Ons verleen hulp aan ons Eggenoot—die Woord—om vir die Vader ‘n segsman te wees. Ons sal almal op trone sit en die bewoners van die AARDE regeer. God se Familie word nou deur hom gebou. Vandag reeds moet ons voorberei word om in die komende opstanding biljoene mense te regeer! Ons is geroepe om onderwysers vir God te word en word ons nou reeds voorberei om die wêreld te onderrig.

‘n Laaste waarskuwing aan die Filadelfia era was, *sodat niemand jou kroon kan neem nie* (vers 11), wat dan presies dit is wat die Laodicense toelaat. Die God-Familie onderrig wat Mnr. Armstrong aan hulle gegee het, het hulle verbeur, wat dieselfde regering is, wat deur Lucifer verwerp is—dieselfde Regering wat God en die Woord in Liefde vir ewig verenig. Wat hulle in verband met kroone, trone en hul roeping om as deel van die God-Familie die aarde te regeer, geleer het, het hulle verbeur! Hulle het bykans alles wat enigiets vir hulle beteken, verloor!

Indien Johannes vandag hier sou wees, sou ons gehoor het dat hy beide die Woord en Christus bespreek, wat ons die manjifieke beskrywing *van die begin af* sou gee. Om ‘n kragtige visioen vir die toekoms te hê **MOET ONS HIERDIE WONDERLIKE VISIE VAN DIE VERLEDE BEHOU!** Dit is die *ewige verlede* visie **WAT ONS OP DIE EWIGE TOEKOMS LAAT FOKUS!** Die *Woord* moet in ons gedagtes hierdie wonderlike verlede oproep, wat daartoe lei dat ons God se plan vir Sy Familie en ons aandeel daarin, duidelik, **VIR EWIG** kan sien! (Vir meer oor hierdie inspirerende onderwerp is ons boek “*The God Family Vision*” op aanvraag beskikbaar).

Die Woord was nie net ‘n mens met die naam Jesus of ‘n man genoemd Christus nie. Hy was die Woord—*van die begin af*. En dit is daardie begin wat Johannes in sy sendbriewe bespreek.

Johannes het sy allerbeste gedoen om hierdie boodskap duidelik te maak. Nieteenstaande, het baie van God se mense hul verlossing verloor. Daar is talle heiliges wat in hierdie eindtyd dieselfde foute begaan, **WAT VANDAG DIE GROOTSTE MOONTLIKE TRAGEDIE OP HIERDIE AARDE IS!** Nie vanweë enige straf wat hulle op die hals haal nie, maar omdat **HULLE DIE ADELLIKSTE ROEPING EN BELONING WAT GOD AAN ENIGE MENS OOIT KAN GEE, verwerp!**

KONTAK INLIGTING

Om die Philadelphia Church of God te bereik vir die bestelling van literatuur, sowel as 'n besoek deur 'n leraar aan te vra:

Besoek ons webwerf: www.pcog.org

In Noord-Amerika, kan u ons tolvry skakel:
1-800-772-8577

POSADRESSE WÊRELDWYD

Verenigde State: Philadelphia Church of God, Posbus 3700, Edmond, OK 73083

Kanada: Philadelphia Church of God, Posbis 400, Campbellville, ON L0P 1B0

Karibiese Eilande: Philadelphia Church of God, P.O. Box 2237, Chaguanas, Trinidad, W.I.

Brittanje, Europa, Midde-Ooste: Philadelphia Church of God, Posbus 900, Northampton, NN5 9AL, Engeland

Afrika: Philadelphia Church of God, Posbus 2969, Durbanville, 7551, Suid-Afrika

Australië, Indië, Sri Lanka en die Pasifiese Eilande: Philadelphia Church of God, Posbus 375, Narellan, N.S.W. 2567, Australië

Nieu-Seeland: Philadelphia Church of God, Posbus 6088, Glenview, Hamilton 3246

Fillipyne: Philadelphia Church of God, Posbus 52143, Angeles City Poskantoor, 2009, Pampanga

Latyns-Amerika: Philadelphia Church of God, Aandag: Spaanse Departement, Posbus 3700, Edmond, OK 73083, Verenigde State



GERALD FLURRY is die pastoor-generaal van die “Philadelphia Church of God”. Hy is reeds vir meer as 30 jaar ‘n ingewyde leraar. Mnr. Flurry is onder andere ook die hoofredakteur van die “Philadelphia Trumpet”-tydskrif wat ‘n lesersomvang van meer as 1 miljoen het, en is ook die aanbieder van die “Key of David” televisie-program, wat ‘n potensiële gehoor van 400 miljoen kykers, wêreldwyd bereik. Hy is ook kansellier van “Herbert W. Armstrong College” en voorsitter van die Armstrong Internasionale Kultuurstigting.

Mnr. Flurry het voorheen onder Herbert W. Armstrong as leraar in die “Worldwide Church of God” gedien. Nadat sy lidmaatskap van die “Worldwide Church of God” onttrek is, as gevolg van sy weerstand teen die oorweldigende doktrinêre veranderinge, het hy in 1989 die “Philadelphia Church of God” gestig.

Mnr. Flurry het al meer as 20 lande besoek, insluitend die Verenigde Koninkryk, Duitsland, Israel, Suid-Afrika, die Fillippyne, China, Australië en ander. Hy is die outeur van meer as 40 boeke en boekies en het hy suksesvol vir die kopieregte om mnr. Armstrong se belangrikste boek, “Mystery of the Ages” en 18 ander werke, suksesvol in ‘n regsgeding verdedig. Deur Persoonlike Optrede Veldtogte, profeteer hy weer in die tradisie van Herbert W. Armstrong en lewer hy God se finale brandwag-waarskuwing aan die wêreld.
